

# Hermeneutiese vertrekpunte in die GKSA in 'n post-moderne denkklimaat: 'n evaluering

NICOLAAS JOHANNES GRÖNUM, B.A, Th.B., M.Th.

108981232

Proefskrif

voorgelê vir die graad *Philosophiae Doctor* in Nuwe Testament  
aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Promotor: Prof. dr. J.J. Janse van Rensburg

Hulppromotor: Prof. dr. J.M. Vorster

Potchefstroom

Desember 2008

# **Hermeneutiese vertrepunte in die GKSA in 'n post-moderne denkklimaat: 'n evaluering**

NICO GRÖNUM

# **BEKNOPTE INHOUDSOPGAWE**

<b>Inhoudsopgawe</b>	<b>iii</b>
<b>Hoofstuk 1: Inleiding</b>	<b>1</b>
<b>Hoofstuk 2: Sentrale begrippe, teorieë en figure</b>	<b>7</b>
<b>Hoofstuk 3: 'n Fundamentalistiese denkmodel</b>	<b>23</b>
<b>Hoofstuk 4: Die Betrokke Teoloë en 'n fundamentalistiese denkmodel</b>	<b>39</b>
<b>Hoofstuk 5: 'n Bydrae tot die huidige gesprek</b>	<b>65</b>
<b>Abstract</b>	<b>81</b>
<b>Opsomming</b>	<b>83</b>
<b>Bylaag</b>	<b>85</b>
<b>Bibliografie</b>	<b>99</b>
<b>Bedankings</b>	<b>105</b>



# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK 1

### INLEIDING

1.1 FOKUS EN DOEL VAN DIE STUDIE	1
1.2 AANPAK VAN DIE STUDIE	3
1.3 HOOFSTUKINDELING	4
1.4 METODOLOGIE	5

## HOOFSTUK 2

### SENTRALE BEGRIPPE, TEORIEË EN FIGURE

2.1 INLEIDING	7
2.2 SENTRALE BEGRIPPE	8
2.2.1 Epistemologie	8
2.2.2 Foundationalism	8
2.3 SENTRALE TEORIEË EN FIGURE	11
2.3.1 Inleiding	11
2.3.2 Die Rasionalisme	11
2.3.2.1 Inleiding	11
2.3.2.2 Drie basiese teorieë	12
2.3.2.3 Deduksie	13
2.3.2.4 René Descartes	14
2.3.3 Die Empirisisme	15
2.3.3.1 Inleiding	15
2.3.3.2 Induksie	16
2.3.3.3 John Locke	16
2.3.4 Samevatting	20
2.3.4.1 Descartes	20
2.3.4.2 Locke	21
2.4 BESPREKING	21

## HOOFSTUK 3

### 'N FUNDAMENTALISTIESE DENKMODEL

3.1 INLEIDING	23
3.2 AGTERGRONDSKETS	24
3.3 'N FUNDAMENTALISTIESE DENKMODEL	26
3.3.1 Inleiding	26
3.3.2 Die invloed van die Moderniteit	27
3.3.3 Thomas Reid	30
3.3.4 Charles Hodge	31
3.3.5 Samevatting	36
3.4 SAMEVATTING	37

## HOOFSTUK 4

### DIE BETROKKE TEOLOË EN 'N FUNDAMENTALISTIESE DENKMODEL

4.1 INLEIDING	39
---------------	----

4.2 GEREFORMEERDE TEOLOË UIT DIE DAE VAN JD DU TOIT	40
4.2.1 Die Kosbare Goud	40
4.2.1.1 Inleiding	40
4.2.1.2 Kennis van God	41
4.2.1.3 Die algemene openbaring	43
4.2.1.4 Die besondere openbaring	44
4.2.1.5 Die Bybel	46
4.2.1.5.1 Skrifinspirasie	46
4.2.1.5.2 Die gesag van die Skrif	48
4.2.1.5.3 Die Skrif as enigste reël van ons geloof	50
4.2.1.6 Bespreking	51
4.2.2 Algemene Kanoniek en Hermeneutiek	55
4.2.2.1 Inleiding	55
4.2.2.2 Algemene Kanoniek	55
4.2.2.3 Hermeneutiese vertrekpunte	59
4.2.2.4 Bespreking	62
4.3 EVALUERING	64
<b>HOOFSTUK 5</b>	
<b>'N BYDRAE TOT DIE HUIDIGE GESPREK</b>	
5.1 INLEIDING	65
5.2 OPSOMMEND	66
5.2.1 Inleiding	66
5.2.2 Hoofstuk Twee	66
5.2.3 Hoofstuk Drie	67
5.2.4 Hoofstuk Vier	68
5.2.5 Samevatting	69
5.3 'N KUYPERIAANSE FOUNDATIONALISM	69
5.3.1 Inleiding	69
5.3.2 Geloof en wetenskap	69
5.3.3 Kuyper en Reid	71
5.3.4 Samevatting	72
5.4 DIE BYDRAE VAN DIE STUDIE	75
5.4.1 Vraag Een	75
5.4.2 Vraag Twee	75
5.4.3 Vraag Drie	76
5.4.4 Vraag Vier	78
<b>ABSTRACT</b>	81
<b>OPSOMMING</b>	83
<b>BYLAAG</b>	85
<b>BIBLIOGRAFIE</b>	99
<b>BEDANKINGS</b>	105

# HOOFSTUK 1

## Inleiding

### Oorsig:

- 1.1 Fokus en doel van die studie
- 1.2 Aanpak van die studie
- 1.3 Hoofstukindeling
- 1.4 Metodologie

### 1.1 Fokus en doel van die studie

Brain McLaren, een van die sleutelfigure in die *emerging church*, het in 'n huldeblyk aan Stanley Grenz die volgende te sê gehad: *Those of evangelical or other temperament that are happily inhabiting the established, unrenewed center have no obligation to join a conversation they aren't interested in. But they should know that if they send out the dogs to herd us back into their corral, we won't come – not because we're rebellious and have abandoned essential beliefs, but because we simply can't, as Peter Rollins said, hold our essential beliefs in the same way they do. In their corral we will languish and die; we know this because we were already there and felt pretty sick* (Grenz 2006:14).

Die emosiebelaaide stelling van McLaren is in sekere opsigte verstaanbaar. Grenz, 'n goeie vriend, was toe pas oorlede en die huldeblyk is geskryf as voorwoord vir die tweede uitgawe van die afgestorwe outeur se *Renewing the Center – Evangelical theology in a Post-Theological era* (2006). Boonop het hoofstroom-evangelicals, wat nie met die post-konserwatiewe evangelical-denke van Grenz saamstem nie, venynig gereageer met *Reclaiming the Center – Confronting evangelical accomodation in Post-modern times* (2004)<sup>1</sup>. Daarin skryf Carson (2004:54): *Renewing the Center is a bit of a disappointment. Quite apart from its stance, with which, transparently, I have sometimes disagreed, it has the flavor of the amateurish about it.*

McLaren het dus heel moontlik rede gehad om terug te kap. Tog bly sy woorde: *In their corral we will languish and die; we know this because we were already there and felt pretty sick*, mens laat dink dat daar meer as net seergemaakte gevoelens daaragter skuil. Een van die moontlike redes is dat post-konserwatiewe evangelicals soos Grenz en McLaren hulleself met 'n

<sup>1</sup> Justin Taylor (2004:18), 'n bekende evangelical-teoloog en een van die redakteurs, beskryf die groep wat Grenz verteenwoordig met: *The Proponents of this perspective have assumed various labels with varying connotations – postconservatives, reformists, the emerging church, younger evangelicals, postfundamentalists, postfoundationalists, postpropositionalists, postevangelicals – but they all bear a family resemblance and can be grouped together as having a number of common characteristics. They are self-professed evangelicals seeking to revision the theology, renew the center, and transform the worshipping community of evangelism, cognizant of the postmodern global context within which we live.*

post-moderne uitkyk op die teologie vereenselwig. As Nico Vorster (2004:603) nou die opmerking maak dat: *...eienskappe van die postmodernisme is dat dit fundamentalisme, totalitarisme en mistifisisme nie duld nie*, en mens in ag neem dat Grenz en McLaren van oordeel is dat hoofstroom-evangelical-teologie vanuit 'n fundamentalistiese denkmiddel beoefen word, word die gespanne verhouding duideliker.

As die woorde van McLaren verteenwoordigend is van meeste teoloë wat hulle met 'n post-moderne uitkyk op die teologie vereenselwig, kan dit beteken dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) 'n steil post-moderne bult in die gesig staan. Gereformeerde teoloë is reeds in die verlede van fundamentalistiese teologiebeoefening verdink. Hier verwys ek na gesprekke wat reeds 'n geruime tyd op eie bodem plaasvind. Gesprekke soos dié tussen Loader (1979) en Floor (1983), Lion-Cachet (1984; 1985) en Deist (1984) en Snyman (1992a; 1992b) en Vergeer (1993). Hoewel dit daartoe gelei het dat talle Gereformeerde teoloë waardevolle bydraes<sup>2</sup> rondom fundamentalisme en teologiebeoefening gelewer het, is die laaste woord duidelik nog nie gespreek nie.

Die mees onlangse bydrae kom van Snyman (2007:69) wat in sy boek *Om die Bybel anders te lees – 'n Etiek van Bybellees* weereens die standpunt inneem dat die hermeneutiek van teoloë verbonde aan die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika fundamentalistiese trekke vertoon omdat daar nie juis aan subjektiwiteit in die Bybelleesproses aandag gegee word nie. Hoewel Snyman regdeur sy boek meer in die algemeen van die gereformeerde kerke (kerke in die reformatoriese tradisie) praat, is dit duidelik dat hy hier spesifiek ook die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die oog het; dit hang saam met presies dieselfde vermeende probleem wat hy vroeër by Gereformeerdes geponeer het (Snyman 1992b: 252). Vergeer (1993) en Van der Walt en Jordaan (2004) het reeds in 'n mate hierop gereageer. Snyman staan egter vas in sy oordeel. Dalk nie sonder rede nie – veral as Van Wyk (2002:604) se opmerking in ag geneem word: *Hoewel teoloë van die GKSA fundamentalisme doelbewus afwys, is dit 'n ope vraag of fundamentalisme nie tog 'n rol in hierdie verband gespeel het nie... Reeds in 1989 is die vraag gestel of talle besluite van sinodes van die GKSA nie tendense van fundamentalisme verraaie nie...*

Konsensus sal seker nooit bereik word nie. Jordaan (1991:5) blyk dit raak te vat as hy sê: *Oor wat presies met “Fundamentalisme” en “Modernisme” bedoel word, is daar natuurlik ook groot meningsverskil. Definisies verskil namate die betrokke teoloog se affiniteite verskil*. Hoewel konsensus op dié stadium na 'n onhaalbare droom lyk, beteken dit nie dat die gesprek rondom die invloed van die fundamentalisme op Gereformeerde teologie 'n dooie punt bereik het of daar gelaat moet word nie – veral nie as mens die reaksie van McLaren en die stelling van Vorster in ag neem nie. Mens kan steeds vra of Gereformeerde teoloë, gemeet aan 'n sekere beskouing van die fundamentalisme, vanuit 'n fundamentalistiese denkmiddel werk. As die *sekere beskouing* dié van teoloë soos Stanley Grenz is, wat Taylor (2004:18) die

---

<sup>2</sup> Botha (1986), Jordaan (1991), Van Deventer (1996; 1999), Van Rooy (1995), Van Wyk (1989; 1995), Van der Walt en Jordaan (2004), en Vorster (2004).

teoloog van die *emerging churches* noem, en mens in ag neem dat die *emerging churches* flukse groei in die VSA toon en heel moontlik 'n impak op die Suid-Afrikaanse teologiese toneel gaan hê (as dit nie reeds het nie), verhoog die relevansie van die vraag aansienlik.

Ek wil graag tot die gesprek rondom die invloed van die fundamentalisme op teologiebeoefening in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika deelneem deur vas te stel of Gereformeerde teoloë vanuit 'n fundamentalistiese denkmodel werk - soos gedefinieër deur Stanley Grenz en ander enersdenkende post-konserwatiewe en post-liberale teoloë. Voordat ek die taak aanpak, neem ek die waarskuwing van Van Rooy (1995:48) ter harte, naamlik dat nie alle Gereformeerde teoloë sommerso oor dieselfde kam geskeer kan word nie. 'n Seleksie sal dus gemaak moet word.

Die studie wil vasstel of Gereformeerde teoloë, of ten minste die geselekteerde groep, vanuit 'n fundamentalistiese denkmodel teologie beoefen – gemeet aan die beskouing van Stanley Grenz en ander enersdenkende post-konserwatiewe en post-liberale teoloë. Die resultate van so 'n studie sal hopelik verdere gesprek stimuleer, iets wat nodig is vir 'n steeds relevante Gereformeerde teologie. Die doel is egter nie om huidige Gereformeerde teoloë te etiketteer nie. Dit sal myns insiens juis verdere nodige gesprek in die wiele ry. Ek maak daarom 'n seleksie van prominente Gereformeerde teoloë van gister wat diep spore in die Gereformeerde teologie getrap het en vandag nog algemeen as gesaghebbend aanvaar word. Dit is Gereformeerde teoloë uit die dae van die digter en teoloog, JD du Toit.

Die fokus en doel van die studie kan dus soos volg omskryf word:

*Die studie fokus op die vraag of 'n seleksie van steeds gesaghebbende teoloë wat verbonde was aan Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, teologie beoefen het aan die hand van 'n fundamentalistiese denkmodel – gemeet aan die beskouing van Stanley Grenz en ander enersdenkende post-konserwatiewe en post-liberale teoloë. Die doel met dié fokus is om by te dra tot die gesprek rondom die invloed van die fundamentalisme op Gereformeerde teologie. Die bydrae van die studie kan verdere gesprek stimuleer met die oog op Gereformeerde teoloë se roeping om die Evangelie steeds relevant in 'n post-moderne tydsges te verkondig.*

## **1.2 Aanpak van die studie**

Met die fokus en doel gedefinieer, is dit duidelik dat die studie aandag moet gee aan die volgende stappe:

- i. Die eerste stap word gewy aan die verklaring en verheldering van die verskeie begrippe en figure wat Grenz en ander enersdenkende post-konserwatiewe en post-liberale teoloë gebruik in die tipering van 'n fundamentalistiese denkmodel. Grenz *et al.* laat veral die soeklig val

- op begrippe soos 'n Foundationalist-epistemologie, die moderniteit as tydperk en figure soos René Descartes en John Locke.
- ii. Nadat duidelikheid verkry is oor dié begrippe en figure, is dit belangrik om vas te stel hoe Grenz dit in die tipering van 'n fundamentalistiese denkmiddel inspan.
  - iii. Dié vasgestelde fundamentalistiese denkmiddel kan dan vergelyk word met die arbeid van Gereformeerde teoloë. In die lig van Van Rooy (1995:48) se opmerking dat nie alle Gereformeerde teoloë oor dieselfde kam geskeer kan word nie, sal die studie 'n noodgedwonge keuse moet uitoefen rakende die Gereformeerde teoloë wie se arbeid ondersoek word.
  - iv. Ten einde verdere gesprek te stimuleer met die oog op Gereformeerde teoloë se roeping om die Evangelie steeds relevant in 'n post-moderne tydsges te verkondig, word die resultate van voorafgaande stappe bespreek en geëvalueer.

### 1.3 Hoofstukindeling

Die hoofstukindeling van die studie val dus soos volg uiteen:

- i. In die tweede hoofstuk word daar stilgestaan by begrippe en denkers wat vir die studie relevant is. Dit beteken dat daar veral nadere ondersoek ingestel word na die betekenis van die volgende: Foundationalism as epistemologie; René Descartes en die Rasionalisme en John Locke en die Empirisisme.
- ii. In die derde hoofstuk word daar spesifiek gekyk na die waarnemings van Stanley Grenz (2006 2de uitgawe) se *Renewing the Center – Evangelical theology in a Post-Theological era*, John Franke en Stanley Grenz (2001) se *Beyond Foundationalism – Shaping theology in a postmodern context*, Nancey Murphy (1996) se *Beyond liberalism and fundamentalism – how modern and post-modern philosophy set the theological agenda*, Harriet A Harris (1998) se *Fundamentalism and Evangelicals* en Robert D Woodberry en Christian S Smith (1998) se artikel *Fundamentalism et al: conservative Protestants in America*. Die insigte vanuit Hoofstuk twee, in samehang met dié vier bronne, stel die studie in staat om 'n fundamentalistiese denkmiddel te beskryf, soos gedefinieer deur Grenz en ander enersdenkende post-konserwatiewe en post-liberale teoloë.
- iii. In die vierde hoofstuk word die arbeid van 'n seleksie van Gereformeerde teoloë beoordeel aan die hand van die fundamentalistiese denkmiddel wat in die vorige hoofstuk vasgestel is. Ek wil met die studie graag tot die gesprek bydra; die doel is dus nie om huidige Gereformeerde teoloë te etiketteer nie. Dit beteken dat ek op teoloë wat verbonde was aan die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika rondom die tyd van die digter en teoloog, JD du Toit, gaan fokus. Die teoloë is steeds gesaghebbend binne die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

Hierin tree *Die Kosbare Goud – deur Predikante in die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika* (Coetzee, Kotze 1944) na vore. Dit is 'n klassieke versamelwerk wat 33 artikels rakende die Gereformeerde geloofsleer insluit. Verskeie prominente teoloë binne die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het hieraan meegewerk. Daarmee saam word daar ook gekyk na WJ Snyman se *Diktaat Tekskritiek* (1956a) en *Diktaat Algemene Kanoniek van die Nuwe Testament* (1956b) en *Diktaat hermeneutiek van die Nuwe Testament* (1956c). Dié werke bied 'n goeie oorsig oor die arbeid van Gereformeerde teoloë in die gekose tydperk.

- iv. In die vyfde hoofstuk word die resultate van die voorafgaande hoofstukke bespreek en geëvalueer. Die studie hoop om met die evaluering verdere gesprek te stimuleer, wat daartoe kan bydra dat Gereformeerde teoloë die evangelie steeds relevant in 'n post-moderne tydsges aan mense kan verkondig.

#### 1.4 Metodologie

Hierdie hermeneutiese studie word vanuit die Gereformeerde teologiese tradisie gedoen. Die studie fokus op die vraag of 'n seleksie van steeds gesaghebbende teoloë wat verbonde was aan die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, teologie beoefen het aan die hand van 'n fundamentalistiese denkmiddel – gemeet aan die beskouing van Stanley Grenz. Die bestudering van die vraagstuk behels literatuurstudie en navorsing. Die volgende metodes word gebruik om die onderskeie doelwitte te bereik:

1. Om vas te stel wat die sentrale begrippe en figure behels wat Grenz en ander enersdenkende post-konserwatiewe en post-liberale teoloë gebruik in die tipering van 'n fundamentalistiese denkmiddel, word die gepaste literatuur bestudeer.
2. Om vas te stel wat 'n fundamentalistiese denkmiddel volgens Grenz behels, word gebruik gemaak van literatuurstudie van primêre en sekondêre bronne.
3. Om vas te stel wat die verhouding tussen die arbeid van Gereformeerde teoloë rondom die tyd van die digter en teoloog, JD du Toit en 'n fundamentalistiese denkmiddel soos getipeer deur Grenz is, word gebruik gemaak van literatuurstudie van primêre en sekondêre bronne.
4. Om die resultate van die navorsing te gebruik ten einde verdere gesprek te stimuleer wat daarop gemik is om die Gereformeerde teologie behulpsaam te wees in sy roeping om die evangelie steeds relevant in 'n post-moderne tydsges vir mense te interpreteer, word gebruik gemaak van literatuurstudie en 'n sintese van al die resultate van die voorafgaande hoofstukke.



# HOOFSTUK 2

## Sentrale begrippe, teorieë en figure

### Oorsig:

#### 2.1 Inleiding

#### 2.2 Sentrale begrippe

##### 2.2.1 Epistemologie

##### 2.2.2 Foundationalism

#### 2.3 Sentrale teorieë en figure

##### 2.3.1 Inleiding

##### 2.3.2 Die Rasionalisme

###### 2.3.2.1 Inleiding

###### 2.3.2.2 Drie basiese teorieë

###### 2.3.2.3 Deduksie

###### 2.3.2.4 René Descartes

##### 2.3.3 Die Empirisisme

###### 2.3.3.1 Inleiding

###### 2.3.3.2 Induksie

###### 2.3.3.3 John Locke

##### 2.3.4 Samevatting

###### 2.3.4.1 Descartes

###### 2.3.4.2 Locke

#### 2.4 Bespreking

### 2.1 Inleiding

Stanley Grenz en ander enersdenkende post-konserwatiewe en post-liberale teoloë voer die ontstaan van 'n fundamentalistiese denkmodel in evangelical-teologie terug tot by 'n aantal Presbiteriaanse teoloë verbonde aan Ou-Princeton in die VSA rondom die negentiende eeu. Die Princeton-teoloë sou in hulle stryd teen die Moderniteit ironies genoeg onder sy invloed kom. Die tipering van 'n fundamentalistiese denkmodel, deur die oë van Grenz en ander enersdenkende post-konserwatiewe en post-liberale teoloë, betrek daarom veral die Moderniteit as tydperk – spesifiek gerig op die Foundationalist epistemologiese denkraamwerk, die Rasionalisme en René Descartes, asook die Empirisisme en John Locke.

Ek wil eers met dié hoofstuk bogenoemde begrippe, teorieë en figure navors voordat ek in hoofstuk drie vasstel hoe dit 'n invloed op 'n fundamentalistiese denkmodel gehad het. Hoofstuk twee dien dus as agtergrondinligting tot die denke van Grenz en ander enersdenkende post-liberale en post-konserwatiewe teoloë se formulering van 'n fundamentalistiese denkmodel. Ek begin met die begrippe *epistemologie* en *foundationalism*, waarna ek

beweeg na die teorieë en figure wat 'n sentrale rol speel, met 'n samevattende bespreking daarna.

## 2.2 Sentrale begrippe

### 2.2.1 Epistemologie

Epistemologie<sup>3</sup> is een van die hoofslagare van die filosofie en het te doen met die mees basiese vrae in die mensdom se eeue oue soeke na kennis. 'n Epistemoloog is gewoonlik gemoeid met vrae soos wat kennis is, watter tipes van kennis daar is, wat ons kan ken en hoe ons weet dat ons iets waarlik ken. As ons in dié opsig van *ken* en *kennis* praat, praat ons van iets feitelik wat met sekerheid geken word (Greco en Sousa 1999:1; Lacey 1996:90; MacGregor 1989:221; Runes 1942:94).

'n Vakgebied wat hand aan hand met die epistemologie gaan, is die metafisika. Die metafisika het tipies te doen met vrae soos of God bestaan en of die mens oor 'n siel beskik. Die aard van die verhouding tussen die twee vakgebiede word egter betwis. Een standpunt wil eerstens al die vrae rondom kennis beantwoord en dan daarvolgens metafisiese vrae aanspreek, terwyl die ander standpunt eerstens antwoorde oor die metafisiese wil uitklaar en daarvolgens die vrae oor kennis beantwoord.

Runes (1942:94) bied 'n mooi perspektief hierop as hy sê: *Between these two extremes is the view that epistemology and metaphysics are logically interdependent and that a metaphysically presuppositionless epistemology is as unattainable as an epistemologically presuppositionless metaphysics.*

### 2.2.2 Foundationalism

Die bekende Nederlandse filosoof René van Woudenberg (1999:6) sê heel tereg: *Foundationalism can be characterized in various different ways...* Ek beskryf Foundationalism as epistemologiese denkraamwerk met 'n oog vir beide die beskouinge van Grenz, Franke en Murphy lateraan in Hoofstuk drie, asook die fokus en doel van my eie studie.

Foundationalism is 'n epistemologiese denkraamwerk waarmee epistemoloë binne die filosofie werk en wat as gereedskapstuk vir die strukturering van kennis dien. Foundationalism as epistemologiese denkraamwerk hou in dat kennis oor 'n onafhanklike stel beginsels as beginpunt moet beskik waarop verdere beginsels gebou kan word – amper soos 'n gebou met vaste fondasies waarop die res van die huis gebou word.

'n Meer formele beskrywing van Foundationalism word gevind in Michael Depaul<sup>4</sup> (2001:viii) se *Resurrecting Old-Fashioned Foundationalism*. In die voorwoord gee hy 'n baie basiese definisie:

---

<sup>3</sup> Die term epistemologie kom van die woorde ἐπιστήμη (kennis) en λόγος (teorie) en word ook soms in Afrikaans verwoord deur die term *kennisteorie* oftewel *kenteorie* – vergelyk Vergeer (1993) se gebruik van dié woord (MacGregor 1989:221; Runes 1942:94).

<sup>4</sup> Die definisie wat Depaul hier gee, is belangrik vir die formulering en beoordeling van 'n fundamentalistiese denkmiddel in latere hoofstukke. Depaul se definisie is gekies omdat die boek uitgegee is na 'n konferensie aan die Universiteit van Notre Dame in 1998 waar twee van foundationalism se mees gerespekteerde eksponente referate gelewer het.

The place to begin any discussion of foundationalism is with the regress argument. According to this ancient argument, when we consider a belief that is justified and ask how it is that the belief is justified, we are typically led to another belief that supports the first. When we ask about the second belief, we may well be led to a third. The third may in turn lead to a fourth, and so on. But how long can things go on in this fashion? There would seem to be only three possibilities: the chain of beliefs either goes on forever, circles back upon itself, or stops. Finding the first two possibilities unacceptable, foundationalists opt for the third, holding that there are some beliefs that are justified, but are not justified by any further beliefs. The regress stops with such basic or foundational beliefs, and any other beliefs that are justified must be supported by the foundational basic beliefs.

So, foundationalists typically accept two doctrines:

- **The Foundations Doctrine:**  
*If any beliefs are justified, then some of the justified beliefs (i.e., the foundational beliefs) are not justified in virtue of their logical or evidential relations to other beliefs.*
- **The Superstructure Doctrine:**  
*Any justified nonfoundational belief is justified, at least in part, in virtue of its logical or evidential relations to foundational beliefs.*

Depaul gee in sy verduideliking hierbo minstens drie vereistes waaraan 'n foundationalist-denkraamwerk moet voldoen:

*Eerstens* – by navraag na die geldigheid van 'n beginsel noem ons gewoonlik 'n ander beginsel ter ondersteuning daarvan (*ons mag nie moord pleeg nie want die lewe is kosbaar*). Om die een beginsel in 'n ander te begrond, is vir meeste denkers tweede natuur. Foundationalism werk volgens dieselfde prinsiep, maar dan met die veronderstelling dat 'n oneindige regressie onaanvaarbaar is. Die proses waar een beginsel op die volgende rus, kan nie tot in oneindigheid aangaan nie. Daar moet 'n beginpunt wees, 'n fondasie van basisbeginsels wat nie op ander beginsels rus nie, maar onafhanklik van hulle is.

*Tweedens* – Depaul beskryf die basisbeginsels slegs met: *there are some beliefs that are justified, but are not justified by any further beliefs*. Dit wil sê dat daar sekere beginsels is wat geregverdig is, maar nie van ander beginsels afhanklik is vir hulle regverdiging nie.

*Derdens* – Verdere nie-basisbeginsels, oftewel geregverdigde beginsels, is alleenlik geldig indien dit by wyse van logiese of observeerbare gronde verbind kan word met basisbeginsels. Geregverdigde beginsels word, met ander woorde, gebou op basisbeginsels.

'n Foundationalist-denker behoort, na aanleiding van die beskrywing van Depaul, eerstens te soek na vaste punte van begin, oftewel basisbeginsels, waarna verdere beginsels daarop gebou word op grond van logiese of observeerbare gronde.

Die weergawe van Foundationalism as epistemologiese denkraamwerk, wat veral gewild was in die Moderniteit, staan bekend as Klassieke Foundationalism met denkers soos René Descartes en John Locke wat hulle denksisteme hiervolgens gestruktureer het. Ek gebruik hier die beskrywing van DeWeese en Moreland (2005:68) wat die argumentasielyn van Grenz, Franke en Murphy in Hoofstuk drie verhelder.

*We could begin with those beliefs that are indubitable – which cannot rationally be doubted. Such beliefs fall into three classes: (1) self-evident, (2) incorrigible or (3) evident to the senses. Self-evident beliefs are those which, on inspection, we just see cannot be false. This class would include simple propositions of mathematics (e.g.,  $3+4=7$ ) and logic... Merely to understand such propositions is to see that they could not be false. (2) Incorrigible beliefs (like incorrigible teens) cannot be corrected. Introspective awareness of one's own mental states is generally regarded as incorrigible. If you tell me you are in pain, I can't correct you about that. I can't say, "No, you're wrong. You're mistaking being tickled for being in pain." Only you can say if you are in pain. Of course, you might be mistaken about the cause or location of your pain – think of the amputee's phantom limb pain – but you cannot be mistaken about the fact that you are in pain. (3) Beliefs about perceptual experience are also, and a bit more controversially, regarded as indubitable. But we need to be careful here, for the claim is not that you are actually seeing (hearing, touching) something. The claim is that a belief about a perceptual experience itself cannot be wrong, not that a belief about what is being perceived is actually as it is perceived to be. So my belief that "I am having a visual experience of a red-rose-shape blotch in my visual field" cannot be wrong, although the derivative belief that "I am seeing a red rose" might be. (Of course we almost never form beliefs of the first type; we almost always directly form the second type of belief. But the point is that the first type of belief is indubitable.) The three classes of indubitable beliefs are the same foundational beliefs accepted by classical foundationalism.*

Volgens Depaul se baie basiese beskrywing is basisbeginsels geregverdigde beginsels wat nie van ander beginsels afhanklik is vir hulle regverdiging nie. Hiervolgens kan die bestaan van God 'n basisbeginsel wees omdat dit in my ingeprent is deur God self. Die bestaan van God as basisbeginsel word deur God self geregverdig. Omdat Hy die besef van Sy bestaan in my ingeplant het, hang dit ook nie van bewyse af nie. Dit is iets wat ek in myself weet. Klassieke Foundationalism, soos DeWeese en Moreland dit beskryf, vra na strengere vereistes vir basisbeginsels. Basisbeginsels, in dié geval, moet

onbetwyfelbare (*indubitable*) beginsels wees wat nie afhanklik is van ander beginsels vir hulle regverdiging nie. Onbetwyfelbare basisbeginsels is óf beginsels wat self-evident vir die verstand is, óf beginsels wat nie-korrigeerbaar is nie, óf beginsels wat evident vir die sintuie is. Hiervolgens kan ek nie bloot sê dat God 'n besef van Sy bestaan in my ingeprent het en dit dan as basisbeginsel neem nie. Die bestaan van God moet óf self-evident wees vir die verstand, óf 'n nie-korrigeerbare stelling óf evident wees vir die sintuie alvorens ek dit as regmatige onbetwyfelbare basisbeginsel kan neem.

Ek brei meer breedvoerig hieroor uit in die hantering van René Descartes en John Locke later in dié hoofstuk. Vir nou kan gesê word dat René Descartes veral self-evidente basisbeginsels gebruik het, terwyl John Locke basisbeginsels gebruik het wat evident vir die sintuie is.

## 2.3 Sentrale teorieë en figure

### 2.3.1 Inleiding

Daar is twee verskillende teorieë wat die kollig gesteel het in die Moderniteit se fokus op die mees basiese vrae rondom kennis. Die een teorie staan bekend as die Rasionalisme en die ander die Empirisisme, en fokus veral op die vraag na die bron van ware kennis. So sou die Rasionalisme die menslike sintuie wantrou en leer dat die verstand die primêre bron van kennis is. Die Empirisisme het op sy beurt geleer dat daar niks in die verstand is wat nie aanvanklik in die sintuie was nie – alle kennis kom van sintuiglike ervarings.

As ek hieronder die Rasionalisme en die Empirisisme met mekaar vergelyk, word die verskille tussen die twee veral duidelik wanneer die vraag na die primêre bron van kennis ter sprake kom. Daarna is die verskille nie so duidelik nie omdat rasionaliste rakende sekere aspekte met empirisiste sou saamstem en andersom. So sou rasionaliste nie sintuiglike ervarings as 'n reël afskiet nie; dit was net nie die primêre bron van kennis nie. Daarenteen het empirisiste ook van die metodes van die Rasionalisme gebruik gemaak, en dit terwyl hulle wel die sentrale leerstellings van die teorie bevraagteken het.

Die grondleggers van die twee teorieë in die Moderniteit was onderskeidelik René Descartes vir die Rasionalisme en John Locke vir die Empirisisme. Die twee teorieë word met die hooffigure hieronder bespreek.

### 2.3.2 Die Rasionalisme

#### 2.3.2.1 Inleiding

Die Rasionalisme as teorie van kennis vind sy wortels terug tot by die Griekse filosowe van die Antieke tydperk en leer dat die verstand die primêre bron van kennis is. Die Eleatiese filosowe het byvoorbeeld die ekstreme standpunt ingeneem dat die verstand die enigste weg na ware kennis is.<sup>5</sup> Die ekstreme vorm van die Rasionalisme het na die Antieke tydperk stoom verloor (Blackburn 1996:319; Honderich 1995:741; MacGregor 1989:525).

---

<sup>5</sup> Parmenides het gesê dat die sintuie die mens mislei en geleer dat die werklikheid eerder met sy eie rasonele afleidings gekorrespondeer het: *Parmenides maintained that, whatever the senses might say, the very notion of change (in die natuur) involved a contradiction, and so reason demanded that reality be entirely devoid of change* (Honderich 1995:741).

Die Rasionalisme leer dat die mens oor intuïtiewe of ingebore kennis beskik wat nie die produk van sintuiglike ervarings is nie. Dié tipe kennis staan as a-prioriese kennis bekend omdat dit onafhanklik van die sintuie opgedoen word (Honderich 1995:742, 745; Lacey 1996:287; MacGregor 1989:525).

### 2.3.2.2 Drie basiese teorieë

Peter Markie (2004) verduidelik die Rasionalisme aan die hand van drie basiese teorieë. Om 'n rasionalis te wees, beteken om ten minste een van die drie te onderskryf, naamlik *intuisie/deduksie*, *inherente kennis of inherente konstruk*:

- *Intuisie/deduksie*

Dié teorie leer dat van die kennis in 'n betrokke vakgebied slegs verkry word deur intuïsie of omdat dit afgelei (deduksie) is van kennis wat deur middel van intuïsie verkry is. Intuïsie is 'n vorm van rasonale insig. Markie (2004) beskryf dit soos volg: *Intellectually grasping a proposition, we just "see" it to be true in such a way as to form a true, warranted belief in it* – byvoorbeeld dat die nommer 3 'n priemgetal is. Intuïtiewe idees is self-evidente idees.

Die intuïsie/deduksie-teorie word nie deur alle rasionaliste op dieselfde wyse ondersteun nie. Sommige glo dat dit meestal net geld vir vakgebiede soos die wiskunde, die etiek en miskien die metafisika. Meer ekstreme rasionaliste neem egter die standpunt in dat intuïsie/deduksie vir meer as net *van* die kennis in *betrokke* vakgebiede verantwoordelik is. Dieselfde geld vir die gesag van intuïtiewe kennis en dit wat vanaf intuïtiewe kennis afgelei (deduksie) is. Sommige sal sê dat die gesag daarvan onbetwyfelbaar en die waarheid onfeilbaar is, terwyl ander eerder sal sê dat dit bo verdenking is en die moontlikheid ooplaat vir valse intuïtiewe feitestellings (Markie 2004).

- *Inherente kennis*

Dié teorie leer dat die mens oor die kennis in 'n betrokke vakgebied beskik omdat dit deel is van die mens se rasonale natuur. Kennis word hier, net soos by die eerste teorie, nie afgelei of verkry van sintuiglike ervarings nie; dit is met ander woorde a-priories. Die twee teorieë verskil egter van mekaar in die wyse waarop die a-prioriese kennis verkry word. Die inherente-kennis-teorie hou in dat a-prioriese kennis nie deur sintuiglike ervarings, intuïsie of deduksie verkry word nie maar bloot omdat dit deel is van ons rasonale aard. Die inherente kennis was dus nog altyd met ons. Sintuiglike ervarings kan dalk 'n proses in werking stel waardeur ons die inherente kennis herroep, maar dit is nie daarvoor verantwoordelik nie. Meer as een antwoord word gegee op die vraag waar die kennis vandaan kom. Sommige rasionaliste sal natuurlike seleksie en evolusie aanhaal, ander reïnkarnasie of die feit dat God dit die mens by die skepping ingeprent het. Net soos met die eerste teorie bepaal 'n persoon se beskouing van die mate van kennis wat hy in 'n betrokke vakgebied deur middel van die kennis kan behaal, asook die gesag wat daaraan toegeken word, of hy aan die ekstreme kant staan (Markie 2004).

- *Inherente konstruksie*

Hierdie teorie stel dat die mens oor die konsepte in 'n betrokke vakgebied beskik omdat dit deel is van die mens se rasonele natuur. Hiervolgens is sekere van die konsepte wat ons in 'n betrokke vakgebied gebruik, nie gebaseer op sintuiglike ervarings nie. Konsepte dui op iets soos 'n perfekte driehoek of sirkel wat nie in die natuur voorkom nie en tog beskik die mens oor die konsep daarvan. Soos in die tweede teorie se geval kan sintuiglike ervarings dalk 'n proses in werking stel waardeur ons die inherente konsepte herroep, maar dit is nie daarvoor verantwoordelik nie (Markie 2004).

### 2.3.2.3 Deduksie

Deduksie is 'n logiese metode wat in die Euklidiese meetkunde gebruik word. Om 'n akkurate beeld van dié metode te vorm, maak ek van die *Columbia Encyclopedia* (2007:18998) se beskrywing gebruik: *Euclid's Elements organized the geometry then known into a systematic presentation that is still used in many texts. Euclid first defined his basic terms, such as point and line, then stated without proof certain axioms and postulates about them that seemed to be self-evident or obvious truths, and finally derived a number of statements (theorems) from the postulates by means of deductive logic. This axiomatic method has since been adopted not only throughout mathematics but in many other fields as well.*

Uit bostaande beskrywing stel die Euklidiese meetkunde, nadat sekere begrippe en terme gedefinieer is, aksiomas vas. 'n Aksioma, in dié geval, is 'n self-evidente waarheid wat nie op bewyse rus of daarna vra nie. Nadat aksiomas vasgestel is, word stellings daarvan afgelei. Die metode wat gebruik word om stellings van aksiomas af te lei, staan as deduksie bekend (Blackburn 1996:126; MacGregor 1989:51).

'n Sillogisme is 'n goeie voorbeeld van 'n deduktiewe<sup>6</sup> afleiding. 'n Sillogisme is twee nou-verwante stellings wat tot hulle logiese konklusie deurgetrek word. Neem as voorbeeld: *alle A's = B's en alle B's = C's*. Beide stellings deel *B*. Nou kan daar deduktief te werk gegaan word om nog 'n stelling te maak. Neem as voorbeeld: *as alle A's = B's en alle B's = C's dan is alle A's = C's*. Die stelling dat *alle A's = C's*, trek bloot die twee nou-verwante stellings deur tot hulle logiese konklusie.

'n Deduktiewe afleiding kan dus iets soos volg lyk: *ek is 'n mens, mense is soogdiere daarom is ek 'n soogdier*. Uit die vergelyking word daar nog iets duidelik. Indien ek sê: *Organisme A het twee oë, net mense het twee oë en daarom is organisme A 'n mens*, is die afleiding miskien korrek gemaak, maar die afleiding self is nie onbetwyfelbaar nie, weens die feit dat een van die twee stellings onwaar is – nie net mense het twee oë nie. Hierin lê die waarde van

<sup>6</sup> Dit is belangrik om daarop te let dat die Rasionalisme nie 'n monopolie op deduksie as logiese metode het nie. Hulle gebruik dit wel by uitstek, soos Runes (1942:95) dit beskryf: *Rationalists of necessity have emphasized deductive and demonstrative procedures in the acquisition and elaboration of knowledge while empiricists have relied largely on induction and hypothesis but few philosophers have espoused the one method to the complete exclusion of the other.*

deduksie. As beide stellings onbetwyfelbaar is, sal die afleiding ook onbetwyfelbaar wees. Deduksie gee miskien nie nuwe kennis nie; dit verskaf wel onbetwyfelbare kennis (Blackburn 1996:369; Lacey 1996:342; MacGregor 1989:597; Skirbekk en Gilje 2001:153).

Na aanleiding van hierdie kort beskrywing word dit duidelik dat die Euklidiese meetkunde van 'n Foundationalist epistemologiese denkraamwerk gebruik maak waar daar vanaf basisbeginsels (self-evidente aksiomas) deur middel van deduksie geregverdigde beginsels (stellings) afgelei word.

#### **2.3.2.4 René Descartes**

Die filosoof en briljante wiskundige René Descartes (1596-1650) word as die vader van die Moderniteit geag omdat hy die filosofiese fondasies gelê het van 'n tydperk wat ons as die moderne wetenskaplike era beskou (Honderich 1995:188).

Stephen Toulmin (1990) verskaf in sy *Cosmopolis – The hidden agenda of modernity* die agtergrond tot die denke van Descartes en die motiewe daaragter. Ek gee slegs 'n kort opsomming: Descartes het in die tyd van die Dertigjarige oorlog tussen Protestante en Rooms-Katolieke geleef. Die oorlog het Europa bleek gebloe en aanleiding gegee tot een van die haglikste tydperke in die Europese geskiedenis. Nog 'n gevolg van die oorlog was dat die Rooms-Katolieke Kerk sy dominansie op politiese en sosiale gebied in Europa verloor het. Dit het weer probleme geskep met die heropbou-proses ná die oorlog. Die Roomse Kerk was nie meer in staat om soos voorheen 'n samebindende en rigtinggewende rol te vervul nie. Iemand of iets anders sou na vore moes tree om die mense van Europa saam te bind en rigting te gee.

Descartes het dus na 'n samebindende en rigtinggewende faktor gesoek waarmee almal kon saamstem. Enigiemand vanuit enige kultuur moes dit as waar aanvaar. Dit moes met ander woorde onbetwyfelbaar wees.

Descartes, as Rasionalis, het sy antwoord in die *self-evidente* aksiomas en die gepaardgaande Foundationalist epistemologiese denkraamwerk van die Euklidiese meetkunde gevind. Die wiskundige dissipline wat logies-deduktief te werk gegaan het, was ideaal. Dit was abstrak en het onafhanklik van die sintuie met berekeninge in die verstand gewerk.

Die invloed van die Euklidiese meetkunde het tot gevolg gehad dat Descartes van 'n Foundationalist epistemologiese denkraamwerk gebruik gemaak het met self-evidente aksiomas as basisbeginsels. Deduksie sou as metode ingespan word om vanaf die self-evidente aksiomas ewe onbetwyfelbare geregverdigde beginsels af te lei. Descartes se self-evidente aksiomas sou die onbetwyfelbare basisbeginsels wees waarop 'n ideologie gebou is wat nuwe lig aan Europa sou verskaf.

Die vasstelling van onbetwyfelbare self-evidente basisbeginsels was egter makliker gesê as gedaan. Descartes se eie tyd, die Renaissance, was vasgevang in die skeptisisme met denkers wat alles betwyfel het. Dit het Descartes genoop om volgens hulle eie metodes, waar in alles getwyfel is, te

werk. Hy het in alles getwyfel en sou alleenlik twyfel weerhou van dit wat onbetwyfelbaar was. In sy metodiese bevraagtekening van alles het hy onder andere agtergekom dat hy

- nie sy sintuie kon vertrou nie want hulle kon hom mislei;
- nie daarop kon staatmaak dat hy wakker is nie; hy kon dit dalk net droom; en
- nie 'n eksterne realiteit kan veronderstel nie want dit is dalk net die misleidende handewerk van 'n demoon.

Wat hy wel onteenseglik kon sê, is dat hy twyfel. Hy twyfel letterlik aan alles! En hierin is sy helder en duidelike self-evidente idee geleë. *Ek twyfel, ek bestaan!* Dit is iets wat intuïtief of self-evident tot die mens is. Dit is 'n onbetwyfelbare basisbeginsel waarin ons nie kan twyfel nie. Descartes het vanaf die onbetwyfelbare self-evidente basisbeginsel verder gewerk om die bestaan van God te bewys. Sy redenasie het daartoe gelei dat, indien hy twyfel, hy nie perfek kan wees nie, want iemand wat perfek is, twyfel nie. Maar hoe weet hy in elk geval wat perfektheid behels? Waar kom die idee in hom vandaan? Dit moet van buite kom,<sup>7</sup> van iemand wat self perfek is. Dié iemand is God. So is die bestaan van God bewys. Nou gaan Descartes verder. 'n Perfekte God sal nie die mens mislei nie (Blackburn 1996:101; Geisler 2005:194; Honderich 1995:190; Lacey 1996:79; MacGregor 1989:179; Runes 1942:46; Skirbekk en Gilje 2001:190).

Descartes het sy onbetwyfelbare basisbeginsels vir sy Foundationalist epistemologiese denkraamwerk gevind in iets wat self-evident vir die verstand is, naamlik: ek twyfel, ek bestaan.

Voordat ek aanbeweeg na die Empirisisme moet daar onthou word dat Descartes nie 'n ekstreme rasionalis was nie. Hy het sintuiglike ervarings van die werklikheid toegelaat en gebruik – net nie in die vasstelling van basisbeginsels vir sy Foundationalist epistemologiese denkraamwerk nie. In die volgende afdeling gaan dit duidelik word dat dit die belangrikste strydpunt tussen Descartes se Rasionalisme en die Empirisisme van Locke sou wees – nie die feit dat die sintuie nie gebruik kan word nie maar die feit dat hulle onbetroubaar in die vasstelling van basisbeginsels is.

### 2.3.3 Die Empirisisme

#### 2.3.3.1 Inleiding

Die Empirisisme as teorie van kennis het, net soos die Rasionalisme, bande met die Griekse filosowe van die klassieke tydperk. Die Empirisisme verwerp, in sy ekstreme vorm, die bestaan van enige intuitiewe of andersins ingebore idees en konsepte. Die verstand is by geboorte soos 'n vel skoon papier. Alle en enige kennis waaroor die mens beskik, het sy oorsprong in ervarings van die werklikheid (Skirbekk en Gilje 2001:218).

<sup>7</sup> Hierin gebruik Descartes die *ingebore kennis-teorie* soos beskryf deur Markie (2004): God het die idee van perfektheid in hom ingeprent vanaf geboorte.

Die Empirisisme leer basies dat dit wat ons van die werklikheid kan ken, is dit wat die werklikheid self aan ons wil vertel. Empiriese kennis is dus nie a-priories (vooraf of onafhanklik van ervaring) nie maar a-posteriori (as gevolg van ervaring). Dit hou in dat empirisiste in baie opsigte met rasionaliste verskil. Die verskille moet egter nie oordryf word nie. Empiries beteken nie noodwendig anti-rasionalisties nie. Die Empirisisme van Locke behels bloot dat sy basisbeginsels nie in onbetwyfelbare self-evidente rasonale idees rus nie maar in idees wat evident is vir die sintuie (Blackburn 1996:119; Honderich 1995:226; Lacey 1996:89; MacGregor 1989:216).

### 2.3.3.2 Induksie

Induksie is die metode waar die navorser na bestudering van die besondere, afleidings maak wat betrekking het op die algemene. 'n Induktiewe afleiding kan vergelyk word met 'n wetenskaplike wat na observasie tot die gevolgtrekking kom dat alle swane in die Noordelike halfrond (die besondere) wit is – daarom is alle swane regoor die wêreld (die algemene) wit.

Induksie is die metode waarvolgens algemene afleidings gemaak word wat vir alle lede van die groep geld nadat slegs 'n deel van die lede van daardie groep bestudeer is. Induksie gee nie onbetwyfelbare afleidings nie. Wanneer iemand 'n swaan raaksien wat nie wit is nie, soos 'n swart swaan in Australië, word die afleiding dat alle swane regoor die wêreld wit is, verkeerd bewys. Induktiewe afleidings kan daarom nooit as onbetwyfelbaar waar bewys word nie – dit is slegs moontlike of voorlopige kennis.

Induksie in die dae van John Locke kon daarop neerkom dat die wetenskaplike slegs 'n luisteraar is. Die wetenskaplike poog in die verband om die natuur so objektief moontlik, sonder die hulp van vooropgestelde idees of hipoteses, te bestudeer. Die resultate word daarna weergegee in 'n algemene konklusie wat vir alle lede van die betrokke klas geld (Blackburn 1996:192; Honderich 1995:406; Lacey 1996:154; MacGregor 1989:334; Skirbekk en Gilje 2001:153).

### 2.3.3.3 John Locke

John Locke (1632 – 1704) word beskou as een van die sleutelfigure van die Empirisisme in die Moderniteit. As sulks is hy die eerste empiriese filosoof wat kort na die vader van die Moderniteit, René Descartes, gepoog het om die bron, aard en beperkings van ware kennis in sy monumentale werk *An Essay Concerning Human Understanding* (1690) vas te stel. Rogers (2001:229) beskryf Locke en die *Essay* soos volg: *The Essay Concerning Human Understanding is the first modern systematic presentation of an empiricist epistemology... Like his predecessor, Descartes, Locke began his account of knowledge from the conscious mind aware of ideas. Unlike Descartes, however, he was concerned not to build a system based on certainty, but to identify the mind's scope and limits.*

Locke wou, met ander woorde, ondersoek instel na die verstand se binnewerkinge, asook sy vermoëns en beperkings deur by die idees in die mens se verstand te begin. Dit maak van Locke ook 'n filosoof van idees.

Locke het dus eerstens begin met 'n ondersoek na waar die mens aan die idees in sy verstand kom.

Hy beantwoord die vraag eerstens negatief – die mens beskik nie oor enige intuitiewe of ingebore idees wat onafhanklik van ervaring (a-priories) by die mens teenwoordig is nie. Nadat hy die denke en standpunte van die Rasionalisme genoegsaam afgetakel het, stel hy sy eie standpunt: *die eksterne sintuie is die mens se primêre bron van idees*. Die standpunt maak van Locke 'n empiris (Newton-Smith 2001:229; MacGregor 1989:386; Uzgalis 2007).

Locke vergelyk die mens se verstand by geboorte met 'n vel skoon papier (tabula rasa). Locke se vel papier is egter nie heeltemal skoon nie. Sy teorie kan eerder verduidelik word met die beeld van die verstand as toegeruste fabriek met reeds werkende masjinerie sonder enige rou-materiale om te verwerk tot kennis. Die rou-materiaal word *eenvoudige idees* genoem.

Eenvoudige idees kom van die eksterne sintuie. Locke noem dit sensasie. Die eenvoudige idees van sensasie is idees soos die kleur, smaak, vorm, grootte, reuk, soliditeit en massa van 'n voorwerp in die werklikheid. 'n Baba doen van jongs af elke dag die tipe eenvoudige idees deur sensasie op. As die baba bietjie ouer is, begin sy verstand die idees verwerk tot kennis.

Met die baba nou 'n ouer kind, vind nog 'n proses plaas – Locke noem dit refleksie. Refleksie vind plaas wanneer die kind deur middel van sy innerlike sintuie bewus word van die hele proses van kennisvervaardiging wat in hom aan die gang is. Die proses verskaf eenvoudige idees van sy eie wat addisionele rou-materiaal vir die verstand is. Die eenvoudige idees van refleksie is idees soos (ek) *dink* en (ek is besig om te) *ervaar* en herinner baie aan Descartes se helder en duidelike idees (*ek twyfel* en *ek dink*). Die idees is egter nie a-priories nie. Dit is a-posteriori idees wat sy oorsprong in die verstand se verwerking van die idees van sensasie vind (Blackburn 1996:221; MacGregor 1989:386; Uzgalis 2007).

Die verstand doen dus eenvoudige idees deur middel van sensasie en refleksie op, met die verstand wat die eenvoudige idees verwerk en kennis vervaardig. Teen dié tyd het dit duidelik geword dat Locke nie glo dat die mens direkte toegang tot die werklikheid het nie. Die idees in die mens se verstand staan tussen die mens en die werklikheid. Die mens het volgens die beskouing van Locke slegs toegang tot die idees in sy verstand wat die werklikheid daarin geprent het.

As ons terugkeer na DeWeese en Moreland se beskrywing van 'n Klassieke Foundationalist epistemologiese denkraamwerk in 2.2.2, word dit duidelik dat Locke self ook 'n Klassieke Foundationalist was wat vanaf onbetwyfelbare basisbeginsels gewerk het. Sy onbetwyfelbare basisbeginsels was egter nie die self-evidente idees van Descartes nie maar soos DeWeese en Moreland (2005:68) dit stel:

*Beliefs about perceptual experience are also, and a bit more controversially, regarded as indubitable. But we need to be careful here, for the claim is not that you are actually seeing (hearing, touching) something. The claim is that a belief about a perceptual experience itself cannot be wrong, not that a belief about what is being perceived is actually as it is perceived to be. So my belief that "I am having a visual experience of a red-rose-shape blotch in my visual field" cannot be wrong, although the derivative belief that "I am seeing a red rose" might be. (Of course we almost never form beliefs of the first type; we almost always directly form the second type of belief. But the point is that the first type of belief is indubitable.)*

As ek dit reg verstaan, behels dit die volgende: DeWeese en Moreland bedoel nie dat my eenvoudige idees van iets in die werklikheid, die werklikheid self presies weerspieël en daarom onbetwyfelbaar is nie. Onthou – Locke het gesê dat die mens nie direkte toegang tot die werklikheid het nie, slegs toegang tot die idees in sy verstand.

DeWeese en Moreland sê dit is onbetwyfelbaar dat ek nou die eenvoudige idees van rooi, groen, sag en geurig ervaar. Ek kan nie my ervaring en die gevolglike eenvoudige idees ontken nie. Ek het die ervaring en die ervaring behels die volgende idees – dit is onbetwyfelbaar. Locke sou vanaf die onbetwyfelbare idees wat evident vir die sintuie is, verder deur middel van induksie geregverdigde beginsels aflei.

Ek wil laastens graag stilstaan by twee van die belangrikste produkte van die verstand se verwerking van eenvoudige idees. Dit is komplekse idees van substansie en komplekse idees van modusse. Die komplekse idees wat hier ter sprake is, is eenvoudige idees wat saamgevoeg<sup>8</sup> is om in dié geval 'n komplekse idee van 'n entiteit te vorm.

*Substansie is komplekse idees van onafhanklike entiteite.* Voorbeelde hiervan is God, engele, mense, diere, plante en vervaardigde goedere – met ander woorde, entiteite wat in die werklikheid self kan bestaan. Komplekse idees soos substansie het meer betrekking op die natuurwetenskappe.

*Modusse is komplekse idees van afhanklike entiteite.* Dit is komplekse idees wat nie self in die werklikheid gevind word nie – soos 'n perfekte sirkel. Voorbeelde hiervan het betrekking op die wiskunde, etiek, politiek, geloof en kultuur. Die mens se verstand vervaardig, met ander woorde, die komplekse idees van modusse van die eenvoudige idees van die sintuie sonder dat die komplekse idees self in die werklikheid voorkom. Modusse is in dié opsig meer abstrakte komplekse idees.

Elkeen van die twee tipes komplekse idees bied elk sy eie mate van sekerheid. Om uit te vind waarom dit die geval is, hervat ek die bespreking rondom die komplekse idees van substansie en modusse.

---

<sup>8</sup> Ek tref nie hier 'n onderskeid tussen komplekse idees van modusse wat uit een eenvoudige idee saamgestel is en die wat uit meer as een eenvoudige idee saamgestel is nie.

Substansie is eenvoudige idees wat saamgevoeg is om 'n komplekse idee van 'n onafhanklike entiteit in die werklikheid te vorm. Maar wat is eenvoudige idees in die verband? Eenvoudige idees, soos dit hier van toepassing is, is dit waarmee ons gelaat word nadat ons eksterne sintuie dinge in die werklikheid ervaar. Dit is idees soos reuk, kleur, smaak, hitte, lengte, massa, ens.

Nou sê Locke dat dinge in die werklikheid wat deur die eksterne sintuie eenvoudige idees in die mens se verstand inprent, oor primêre en sekondêre kwaliteite beskik.

Neem 'n appel as komplekse substansie-idee as voorbeeld. 'n Appel beskik oor primêre en sekondêre kwaliteite. Die primêre kwaliteite van die appel is byvoorbeeld die appel se omvang, soliditeit en vorm. Die eenvoudige idees wat die mens daarvan het stem ooreen met hoe dit in die appel self is.

'n Appel beskik egter ook oor sekondêre kwaliteite. Dit is byvoorbeeld die reuk, smaak en kleur van die appel. Hierdie sekondêre kwaliteite is nie eie aan die appel self nie. Die eenvoudige idees wat die mens daarvan het, is bloot die appel se effek op die mens se sintuie.

Neem nog 'n voorbeeld: 'n Muur beskik oor vorm, omvang en soliditeit. Dit is die muur se primêre kwaliteite en die eenvoudige idees wat ons daarvan het, is regtig ook so in die muur self. Die muur is egter vanoggend blou-wit, vanmiddag helder-wit en vanaand grys – afhangend van hoe die son skyn. Die kleur is deel van die muur se sekondêre kwaliteite en is nie regtig deel van die muur self nie. Die idees wat ons daarvan het, is dus subjektief. Locke se wêreld was reukloos, kleurloos en smaakloos. Al die idees wat ons hiervan het, is bloot 'n wisselwerking van die iets en ons eksterne sintuie (Blackburn 1996:221; Skirbekk en Gilje 2001:216; MacGregor 1989:386; Uzgalis 2007).

Nou sê Locke dat die meeste van die eenvoudige idees wat die boustene van ons komplekse idee van 'n appel vorm, die eenvoudige idees van die sekondêre kwaliteite van die appel is. Ons kennis van dinge in die werklikheid is dus subjektief en beperk.

Maar kan ons nie na deeglike studie die primêre kwaliteite vasstel nie?

Dit is wat Locke se denke so briljant maak. Hy het aanleiding gegee tot 'n sistematiese induktiewe studie van dinge in die werklikheid waar ons dinge stadig maar seker so goed as moontlik probeer leer ken.

Wetenskaplikes kon met tyd hulle kennis uitbrei. Locke was egter altyd versigtig. Dit weens sy beskouing dat alles in die werklikheid uit atome bestaan. Dit is die essensie van dinge in die werklikheid. Die atome bepaal op hulle beurt die primêre kwaliteite van iets in die werklikheid. Omdat ons nie kennis van die atomiese samestelling van dinge in die werklikheid het nie, sal ons die werklikheid nooit ten volle kan deurgrond nie.

Modusse is 'n perd van 'n ander kleur. Soos reeds genoem, word modusse uit die eenvoudige idees van sensasie en refleksie opgebou. Uzgalis (2007) sê:

*When we make ideas of modes, the mind is again active, but the archetype is in our mind. The question becomes whether things in the world fit our ideas, and not whether our ideas correspond to the nature of things in the world.* Modusse is deur die eenvoudige idees van die sintuie vervaardig, maar is iets wat nie onafhanklik in die werklikheid voorkom nie. Daar bestaan nie iets soos die perfekte sirkel in die werklikheid nie. Omdat ons dit self vervaardig en daarom weet wat die essensie daarvan is, ken ons dit met absolute sekerheid. Die kategorie *oujongkêrel* is nie iets wat onafhanklik in die werklikheid voorkom nie. Dit is 'n kategorie, 'n komplekse modus-idee wat ons self geskep het. Ons weet dus presies wat die kategorisering inhou - 'n *oujongkêrel* is iemand wat nie getroud is nie. As ek 'n *oujongkêrel* ontmoet wat getroud is, is my idee van *oujongkêrels* nie verkeerd nie – die persoon pas net nie in die kategorie nie. Dieselfde geld vir wiskunde, meetkunde, geloof, etiek en politiek. Locke het dus, snaaks genoeg, geglo dat mens vaste onbetwyfelbare etiese reëls kon daarstel, iets waaraan nie almal van ons vandag meer glo nie (Skirbekk en Gilje 2001:216).

Locke is 'n interessante denker. Hy is 'n empirisis, nie omdat hy rasonele denke afskiet nie, maar omdat hy die ontstaangrond van al ons denke in die eksterne sintuie vind. Sy denke stem in baie opsigte ooreen met dié van Descartes in dié sin dat hy minder gewig aan die getuienis van die sintuie verleen as dié van rasoneel-abstrakte denke. Dié dat Skirbekk en Gilje (2001:216) sê: *Locke was a torchbearer for the new scientific culture that found expression in the enlightened and progressive citizens of Britain at the end of the seventeenth century: he inaugurated the Enlightenment.* Hy het die Moderniteit 'n empiries-rasonele denksisteem gegee wat die onderbou van die Verligting gevorm het.

Hoewel Descartes 'n onmeetbare invloed op die Moderniteit uitgeoefen het, sou die Empirisisme van John Locke en dié na hom algaande al meer na vore tree. Rogers (2001:232) beskryf die bydrae van Locke gepas met: *In the eighteenth century, Locke's empiricism and the science of Newton were, with reason, combined in people's eyes to provide a paradigm of rational inquiry, that arguably, has never been entirely displaced.*

### **2.3.4 Samevatting**

#### **2.3.4.1 Descartes**

Eerstens: Descartes was 'n rasionalistiese filosoof wat sy sintuie gewantrou het en die verstand as die primêre bron van kennis gesien het.

Tweedens: Descartes was op soek na 'n onbetwyfelbare denksisteem waarmee almal kon saamstem. In sy soeke hierna het die koue abstrakte logika van die Euklidiese meetkunde hom aangetrek. Dit het tot gevolg gehad dat hy van 'n Foundationalistiese epistemologiese denkraamwerk gebruik gemaak het. In die praktyk het dit beteken dat hy vanaf onbetwyfelbare self-evidente basisbeginsels, met deduksie as gepaardgaande logiese metode, geregverdigde beginsels sou aflei.

Derdens: Descartes maak die mens die vertrekpunt in sy soeke na basisbeginsels. Hy begin met die idees wat die mens self het en werk vanaf die idees na buite.

#### **2.3.4.2 Locke**

Eerstens: Hoewel Locke van Descartes verskil rakende die primêre oorsprong van die idees wat die mens het, neem hy, net soos Descartes, sy vertrekpunt in die mens en die idees wat in die mens is.

Tweedens: Idees vind hul oorsprong heel eerste in die eksterne sintuie met die verstand wat dit verwerk. Daarna word die mens bewus van nog eenvoudige idees van refleksie. Locke se denke gee aanleiding tot twee tipes kennis. Die eerste word verduidelik met komplekse idees soos substansie. Dié tipe kennis bied nie onmiddellike sekere en vaste kennis nie. Kennis soos dié wat met komplekse idees soos modusse verduidelik word, bied wel sekere kennis.

Derdens: Locke was 'n empirisistiese filosoof wat kennis onafhanklik van die sintuie verwerp het. Hy gebruik nie onbetwyfelbare basisbeginsels wat self-evident vir die verstand is nie, maar onbetwyfelbare idees wat evident vir die eksterne sintuie is. Hierin verskil beide ook in terme van die gebruik van deduksie en induksie, met Locke wat laasgenoemde as metode inspan.

#### **2.4 Bespreking**

Dié hoofstuk het die verskeie begrippe, teorieë en figure wat 'n belangrike rol in die Moderniteit gespeel het, ondersoek. Die belangrike begrippe, teorieë en figure speel ook, volgens Grenz en ander enersdenkende post-liberale en post-konserwatiewe teoloë, 'n beduidende rol in die teologiebeoefening van die teoloë te ou-Princeton en het aanleiding gegee tot 'n fundamentalistiese denkmodel wat steeds 'n invloed op evangelical teologie uitoefen. Hoe dit alles in mekaar steek, word in Hoofstuk drie breedvoerig behandel.

In Hoofstuk twee het dit duidelik geword dat denkers soos Descartes en Locke, wat 'n onmeetbare invloed op die Moderniteit uitgeoefen het, baie gefokus was op vrae van 'n epistemologiese aard. Beide het vanuit 'n Foundationalist epistemologiese denkraamwerk gewerk met elkeen se eie teorie aangaande die primêre bron van kennis, Rasionalisme en Empirisme, wat hulle gebruik daarvan gekleur het.

Ek wil Hoofstuk twee afsluit met die woorde van Markie (2004): *The fact that philosophers can be both rationalists and empiricists has implications for the classification schemes often employed in the history of philosophy, especially the one traditionally used to describe the Early Modern Period of the seventeenth and eighteenth centuries leading up to Kant. It is standard practice to group the major philosophers of this period as either rationalists or empiricists and to suggest that those under one heading share a common agenda in opposition to those under the other. Thus, Descartes, Spinoza and Leibniz are the Continental Rationalists in opposition to Locke, Berkeley and Hume, the British Empiricists. Such general classification schemes must be viewed with caution. The views of the individual philosophers are more subtle*

*and complex than the simple-minded classification suggests. Locke rejects rationalism in the form of any version of the Innate Knowledge or Innate Concept theses, but he nonetheless adopts the Intuition/Deduction thesis with regard to our knowledge of God's existence. Descartes and Locke have remarkably similar views on the nature of our ideas, even though Descartes takes many to be innate, while Locke ties them all to experience... In short, the labels 'rationalist' and 'empiricist,'... can retard rather than advance our understanding.*

# HOOFSTUK 3

## 'n Fundamentalistiese denkmodel

### **Oorsig:**

#### 3.1 Inleiding

#### 3.2 Agtergrondskeits

#### 3.3 'n Fundamentalistiese denkmodel

##### 3.3.1 Inleiding

##### 3.3.2 Die invloed van die Moderniteit

##### 3.3.3 Thomas Reid

##### 3.3.4 Charles Hodge

##### 3.3.5 Samevatting

#### 3.4 Samevatting

### **3.1 Inleiding**

Ek het in Hoofstuk een genoem dat ek graag 'n bydrae tot die gesprek rondom die invloed van die fundamentalisme op teologiebeoefening in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika wil maak. Ek doen dit deur die arbeid van Gereformeerde teoloë aan 'n fundamentalistiese denkmodel te meet. Omdat verskillende denkers elk 'n fundamentalistiese denkmodel verskillend definieer, neem ek 'n spesifieke groep, naamlik Stanley Grenz en ander enersdenkende post-liberale en post-konserwatiewe teoloë, se beskrywing van 'n fundamentalistiese denkmodel en meet ek Gereformeerde teoloë se arbeid daaraan.

Hoofstuk twee het begin met die stelling dat Grenz en ander enersdenkende post-liberale en post-konserwatiewe teoloë 'n fundamentalistiese denkmodel terugvind tot by 'n aantal Presbiteriaanse teoloë verbonde aan ou-Princeton rondom die 19de eeu in die VSA. Dié teoloë sou in hulle stryd teen die Moderniteit, ironies genoeg, onder sy invloed kom. Ten einde die fundamentalistiese denkmodel van die Presbiteriaanse teoloë te ou-Princeton – voortaan slegs Princeton-teoloë – beter te verstaan, was dit nodig om ondersoek in te stel na sentrale begrippe, teorieë en figure in die Moderniteit wat ook 'n invloed op die Princeton-teoloë uitgeoefen het.

Hoofstuk drie het die doel om vas te stel hoe Grenz en ander enersdenkende post-liberale en post-konserwatiewe teoloë die sentrale begrippe, teorieë en figure van Hoofstuk twee in verband bring met die teologiese arbeid van die Princeton-teoloë.

Met die doel in gedagte raadpleeg ek die volgende bronne:

- Stanley Grenz en John Franke (2001) se *Beyond Foundationalism – Shaping theology in a postmodern context*.
- Nancey Murphy (1996) se *Beyond liberalism and fundamentalism – how modern and post-modern philosophy set the theological agenda*.
- Stanley Grenz (2006 2de uitgawe) se werk *Renewing the Center – Evangelical theology in a Post-Theological era*.
- Harriet A Harris (1998) se *Fundamentalism and Evangelicals*.
- Robert D Woodberry en Christian S Smith (1998) se artikel *Fundamentalism et al.: conservative Protestants in America*.
- Charles Hodge (1871) se *Systematic Theology Volume One*.

Indien die ondersoek suksesvol is, behoort ek 'n genoegsame idee van 'n fundamentalistiese denkmodel te kan vorm wat met die arbeid van 'n seleksie Gereformeerde teoloë in hoofstuk vier vergelyk gaan word.

Ek begin met 'n agtergrondskeets van die *Fundamentalisme as beweging en Evangelicals*, waarna die verband tussen die Princeton-teoloë en die sentrale begrippe, teorieë en figure van die Moderniteit vasstel. Die hoofstuk word afgesluit met 'n samevatting van die bevindinge

### 3.2 Agtergrondskeets

Ek begin die agtergrondskeets by die herlewingsbeweging genaamd *Klassieke Evangelicals* wat sy wortels in die 16de eeuse Reformasie, die 17de eeuse Piëtisme in Duitsland en 17de eeuse Puritanisme in Engeland terugvind. Dié beweging het tegelykertyd in die VSA en Engeland in die 18de eeu opgevlam en teen die 19de eeu die ouer denominasies wat in koloniale tye in die VSA invloedryk was, in gewildheid verbygesteek (Woodberry en Smith 1998:1).

Grenz (2006:60) beskryf hulle met: *And armed with an understanding of the gospel that drew not only from the Reformation but also from the Puritan and Pietist movements, evangelicals in both Europe and America preached the new birth and sought to convert the world*. Na aanleiding van dié bronne lyk dit asof die evangelical-beweging 'n pinkster-inslag gehad het en saamgestel was uit 'n losse versameling van verskeie denominasies.

Die afloop van die Amerikaanse Burgeroorlog het nuwe uitdagings gebring. Evangelical-leiers in die noordelike state het van mekaar verskil ten opsigte van die akkommodering van idees en konsepte vanuit die Moderniteit. Sommige wou graag die Christelike geloof in pas bring met die denke van Darwin en die Hoër Skrifkritiese metodes – dit tot die ontsteltenis van konserwatiewe evangelicals in die noordelike state en bykans alle evangelicals in die suide.

Die stryd sou voortduur en in intensiteit toeneem totdat sake aan die begin van die twintigste eeu op die spits gedryf is. Een van die belangrike gebeurtenisse in dié tyd was die publikasie van *The Fundamentals*. Harris (1998:26) beskryf dit as volg: *The Fundamentals were the most significant fruit of pre-war conservative co-operation. They were a set of twelve volumes published from Chicago probably between 1909 and 1915. Copies were sent to every pastor, evangelist, missionary, theological professor, theological*

*student, Sunday school superintendent, Y.M.C.A. and Y.W.C.A. secretary in the English speaking world of whom the addresses could be obtained... The volumes did not expound a fundamentalist creed, nor present anything so systematic as five-point fundamentalism. About a third of the articles dealt with scripture, another third concerned traditional doctrines, and the rest comprised attacks on Darwinism, refutations of particular cults, writings on missions, and personal testimonies.*

Die publikasie van *The Fundamentals* het, onder andere, aanleiding gegee tot wat bekendstaan as die *fundamentalist/modernist split* tydens die Eerste Wêreldoorlog. Hoewel die Moderniste nie hond-haar-af gemaak het in die suidelike state nie, was die stryd nogtans taai met die prentjie wat ietwat anders ontvou het in die noorde. Moderniste daar het die meeste steun onder kerklike leiers en die professore van teologiese skole gehad, terwyl die Fundamentaliste die meeste steun van die plaaslike pastore en gewone kerkgangers geniet het. Woodberry en Smith (1998:1) verduidelik die uiteinde van die stryd met: *But when inclusive moderates sided with the modernists for the sake of tolerance, the fundamentalists were defeated.* Dié stap en die bekende *Scopes trial of 1925* het die Fundamentalisme se invloed finaal ingeperk. Fundamentaliste sou hulle voortaan van die sosiale kollig onttrek om elk eie instansies te stig.

Die rol wat die Princeton-teoloë in die hele debat gespeel het, word verduidelik deur Harris (1998:29): *The fundamentalist-modernist controversies were denominational disputes. They were fiercest in the Northern Presbyterian and Northern Baptist denominations, though parallel disputes broke out in other churches... It is probable, moreover, that fundamentalist zeal was most likely to develop among Presbyterian and Baptist conservatives, who displayed greater concern for doctrinal purity than did most other conservatives. Their Calvinist heritage committed them to a propositional notion of truth, and it was among Calvinists in particular that doctrines of inerrancy were established. The Presbyterian doctrine, formalized by B. B. Warfield and A. A. Hodge at Princeton Seminary, became the most influential.*

Nadat die Fundamentalistiese beweging hom van die kollig onttrek het, was sommige Fundamentalistiese leiers in die Noordelike state verleë oor die versplinterde karakter en die anti-intellektuele beeld van die Fundamentalistiese beweging. Die leiers wou hulleself van die meer ekstreme elemente van die beweging distansieer en 'n meer toeganklike intellektuele vorm van die klassieke Protestantse beskouing navolg. Hulle het hulleself rondom 1940 *neo-evangelicals* begin noem in navolging van die 19de eeuse evangelical-herlewingsbeweging (Woodberry en Smith 1998:1).

Die neo-evangelicals wat eers net verteenwoordiging in die noorde en weste van Amerika gehad het, sou binnekort na die suide versprei en bloot as evangelicals bekendstaan.

Hedendaagse evangelicals is 'n losse koalisie bestaande uit verskillende denominasies wat soms uiteenlopende beskouings van sentrale leerstellinge

kwessies huldig. Grenz (2006:23) gebruik die oorbekende *Bebbington quadrilateral* ten einde evangelicals te definieer. Hiervolgens is daar vier kenmerkende eienskappe wat alle evangelicals deel:

- *Conversionism – the belief that lives need to be changed.*
- *Activism – the expression of the gospel in effort.*
- *Biblicism – a particular regard for the Bible.*
- *Crucicentrism – a stress on the sacrifice of Christ on the cross.*

Woodberry en Smith (1998:1) sluit af met: *Currently, "fundamentalism" properly refers to a small subset of CPs (konserwatiewe protestante) (although it is often misused to refer to all CPs). Fundamentalists emphasize a strict literal interpretation of the Bible, dispensational theology, premillennial eschatology, and institutional separation from "apostasy" (i.e., liberal Protestants and Catholics)... Although fundamentalists have some loose national associations, such as Jerry Falwell's Baptist Bible Fellowship, power remains predominantly with individual pastors.*

### **3.3 'n Fundamentalistiese denkmiddel**

#### **3.3.1 Inleiding**

'n Fundamentalistiese denkmiddel kan, volgens Grenz en ander enersdenkende post-liberale en post-konserwatiewe teoloë, herlei word tot die Princeton-teoloë wat in die 19de en 20ste eeue betrokke was in die voortslepende debat met Moderniste in die noordelike state van die VSA. Die Princeton-teoloë se denke is oorgeneem deur die beweging genaamd die Fundamentalisme vanwaar dit inslag gevind het in die neo-evangelicals as wegbreekgroep. Synde die Princeton-teoloë sterk gekant was teen die Moderniste wat die insigte van die Moderniteit die teologie wou insleep, bly dit ironies dat juis hulle onder die invloed van einste Moderniteit sou kom.

Nancey Murphy (1996:4) is nie so verbaas hieroor nie. Sy werk vanuit die standpunt dat die filosofie nog altyd 'n leidende rol in die teologie gespeel het. Stel dit so: indien die Princeton-teoloë in hulle stryd teen die Moderniste van Middeleeuse filosofiese konsepte en idees gebruik gemaak het, sou hulle teologiese arbeid bloot nie sin gemaak het nie. Indien hulle in die Moderniteit teologie wou beoefen en sin maak vir 'n eietydse wêreld, het hulle geen ander keuse gehad as om gebruik te maak van die filosofiese idees en konsepte van hulle tyd nie.

Murphy gee 'n handige indeling van die filosofiese gedagtes wat die Princeton-teoloë beïnvloed het – sy verskaf selfs die Princeton-teoloë van 'n genealogiese lyn vanuit die filosofie. So loop die lyn: René Descartes (1596 – 1650), John Locke (1632 – 1704), David Hume (1711 – 1776) en Thomas Reid (1710 – 1796) en dan die teologie van Princeton en die fundamentalisme (Murphy 1996:5).

Ek wil die lyn in die afdeling van naderby ondersoek met Murphy as rugsteun.

### 3.3.2 Die invloed van die Moderniteit

Dit is opmerklik hoe belangrik René Descartes (1596 – 1650) is wanneer die Moderniteit ter sprake kom. Sy *cogito ergo sum* het die westerse wêreld ingrypend verander. As eerste moderne filosoof, wie se dood volgens Murphy as begin van die Moderniteit geneem kan word, speel hy hier heel gepas 'n sentrale rol.

Descartes het aan kennis gedink as 'n gebou. Kennis was iets wat op vaste fondasies na bo gebou is. Dié siening van 'n sisteem van kennis het só deel geword van die westerse beskawing dat mense dit as blote gegewe aanvaar het sonder om veel daarvoor te redeneer of dit te bespreek (Murphy 1996:13).

Murphy praat natuurlik van Descartes se gebruik van 'n Foundationalist epistemologiese denkraamwerk met onbetwyfelbare self-evidente basisbeginsels waarmee almal kon saamstem. Hiermee het hy gebreek met die rol van tradisionele gesag wat in die Middeleeue so belangrik was.

Murphy (1996:13) definieer 'n Foundationalist epistemologiese denkraamwerk in lyn met die idees van Descartes. Sy beskryf dit as volg: *first, the assumption that knowledge systems must include a class of beliefs that are somehow immune from challenge; and second, the assumption that all reasoning within the system proceeds in one direction only – from that set of special, indubitable beliefs to others, but not the reverse.*

Murphy noem onbetwyfelbaarheid as een van die merkers van 'n Foundationalist epistemologiese denkraamwerk. Sy praat dus van Klassieke Foundationalism. Volgens haar eie standpunt het dit gevolg dat Locke onder Descartes se invloed gekom het, beide vanweë die feit dat ook hy met die idees in die mens se verstand gewerk het, maar ook omdat hy van onbetwyfelbare basisbeginsels gebruik gemaak het. Grenz en Franke (2001:30) volg dieselfde argumentasielyn as Murphy as hulle sê: *Strong foundationalists (Klassieke Foundationalism) demand that the foundations of human knowledge be unshakably certain and assert that the only way this certitude can be transferred to nonbasic beliefs (geregverdigde beginsels) is by the ordinary logical relations of either deduction (such as deducing other truths from innate ideas [e.g., Descartes] or induction (such as deriving truths from sense impressions caused by the material world [e.g., Locke]).*

Murphy, Franke en Grenz se interpretasie hou dus, as ek reg verstaan, dat Descartes gebruik gemaak het van 'n Foundationalist epistemologiese denkraamwerk wat op onbetwyfelbare basisbeginsels geskoei is. Dit het op sy beurt John Locke (1632 – 1704) beïnvloed.

Die invloed word gesien in die feit dat ook Locke vanuit die idees in die mens se verstand gewerk het en ook van 'n Foundationalist epistemologiese denkraamwerk gebruik gemaak het, wat geskoei was op onbetwyfelbare basisbeginsels. Hy neem egter, anders as Descartes, nie onbetwyfelbare self-evidente idees as sy basisbeginsels nie maar onbetwyfelbare idees wat evident is vir die eksterne sintuie met induksie as metode.

Murphy (1996:14) noem dat Locke se empiries-rationele denksisteem uiteenval in drie kennisgeboue. Die eerste kennisgebou was empiriese waarnemings van die werklikheid en het sy fondasies in die eenvoudige idees van sensasie gehad. Ek het in Hoofstuk twee die tipe kennisgebou verduidelik met 'n ondersoek na die komplekse idees by name substansie. Komplekse idees, genaamd substansie, is saamgevoeg uit eenvoudige idees van sensasie wat verkry is deur empiriese waarnemings van die werklikheid.

Die tweede tipe gebou was rasionele kennis en het sy fondasies in die eenvoudige idees van sensasie en refleksie gehad. Dié tipe kennisgebou is in Hoofstuk twee met komplekse idees by name modusse verduidelik. Modusse is komplekse idees van afhanklike entiteite wat nie self in die werklikheid bestaan nie, maar vervaardig is deur die verstand uit die boublokke van die eenvoudige idees van die sintuie. Murphy noem dat Locke die bestaan van God<sup>9</sup>, soortgelyk aan Descartes, deur middel van die kennisgebou bewys het.

Die tweede kennisgebou gee aanleiding tot 'n derde kennisgebou. As die bestaan van God bewys word, kan die selfopenbaring van God 'n derde gebou van kennis vorm. Die probleem was egter om te bewys dat die Bybel die openbaring van God is. Locke het die probleem opgelos deur te sê dat die wonderwerke in die Bybel 'n bewys is dat dit wat in die Bybel opgeskryf is van God kom.

Locke het hiervolgens 'n empiries-rationele denksisteem aan die Moderniteit gegee waar beide empiries-induktiewe en rasioneel-deduktiewe denke 'n rol gespeel het. Hierbenewens het teologie as aparte vakdissipline 'n plek gekry.

Murphy (1996:15) gee 'n voorbeeld van hoe die beskouing van Locke die denke van Augustus H Strong (1836-1921), 'n fundamentalistiese teoloog in die VSA, beïnvloed het: *For Strong, theology is the science of God and of the relation between God and the universe (1) and not, he insists, the science of the Christian religion. Its aim is to ascertain the facts respecting God and to exhibit these facts in an organic system of truth. The possibility of theology is grounded in the existence of God and in God's self-revelation... Later sections of the book offer Cartesian and Lockean-style proofs for the existence of God (71-89), "reasons a priori for expecting a revelation from God" (111-14), and "positive proofs that the Scriptures are a divine revelation" (145-95).*

As ons mooi kyk wat Strong doen, word die volgende duidelik. Hy is nie 'n subjektiewe Christen-teoloog nie maar 'n objektiewe empiriese wetenskaplike. Sy veld, die teologie, steun op bewyse vir God se bestaan, terwyl die Bybel, en daarmee saam God, sy studie-objek is. Die bevindinge van sy arbeid is noukeurige wetenskaplike feite wat induktief uit die Bybel opgediep is.

Strong se teologiese arbeid sou sin maak vir die denkers van sy tyd. Hy het, soos ander wetenskaplikes, sy eie veld van ondersoek gehad wat mooi ingepas het in die Foundationalist epistemologiese denkraamwerk van Locke.

---

<sup>9</sup> Markie (2004) sê: *Locke rejects rationalism in the form of any version of the Innate Knowledge or Innate Concept theses, but he nonetheless adopts the Intuition/Deduction thesis with regard to our knowledge of God's existence.*

Die natuurwetenskaplikes het oor 'n eie gebou met eie fondasies beskik, terwyl die teoloë hulle eie gebou met eie fondasies gehad het – als aaneengeskakel met sensasie as die primêre bron van kennis.

Hoe die fundamentalistiese teoloog Augustus Strong aan sy teologiese denkmiddel gekom het, word verduidelik deur die invloed van die Amerikaanse filosoof, by name Thomas Reid (1710 – 1796), op die denke van die Princeton-teoloë te verreken. Die Princeton-teoloë sou op hulle beurt teoloë soos Strong beïnvloed.

Thomas Reid het met sy *Scottish common sense realism* hewig gereageer op die denke van die empirisistiese filosoof David Hume (1711 – 1776). Hume het die denke van Locke 'n trappie verder gevat en sodoende in skeptisisme verval rakende die mens se vermoë om die werklikheid te ken en te bestudeer. As ekstreme empirisisties wat alle idees in die mens se verstand na die eksterne sintuie terugherlei het en nie op rasonale beredeneringe wou steun nie, het hy aangetoon dat ons langs dié weg nie regtig kan bewys dat 'n eksterne realiteit bestaan, dat die natuur 'n eenvormige wetmatige struktuur is of dat die mens se sintuie betroubaar is nie. Die mens het al die aspekte bloot uit gewoonte aanvaar. Hume se skeptiese houding jeens die mens se vermoëns het ingehou dat hy beide Locke se godsbewyse en bewyse dat die Bybel die Woord van God is aan flarde geskeur het (Murphy 1996:28).

Murphy (1996:28) beskryf Hume se filosofiese denke as 'n *inside-out* filosofiese benadering: *Inside-out philosophy begins with the contents of the mind and then seeks to give an account of the world in those terms*. Hume het dus soos Descartes en Locke by die idees in die mens se verstand begin en verder daarvanaf gewerk – daarom 'n *inside-out* benadering. Murphy gee Hume se *inside-out* benadering die skuld vir sy skeptiese houding juis omdat dit moeilik is om net van die idees in die mens aan te toon dat ons ware kennis van die werklikheid het. Reid het dit ook raakgesien en op sy eie manier tot die verdediging van dit wat Locke bewerkstellig het, gekom. Murphy (1996:28) beskryf Reid as 'n filosoof wat met 'n *outside-in* filosofiese benadering gewerk het en sy sê hierop: *Outside-in philosophy begins with an account of the world and later explains the human mind and its knowledge in terms developed in that account*.

Reid het met eerste beginsels as basisbeginsels gewerk, wat van buite die mens om deur God ingegee is en die mens van sekere kennis van die wêreld voorsien het. Murphy (1996:32) beskryf dit met: *These are principles of "common sense", which need no proof because anyone who really doubted them would be mad*.

Belangrik om daarop te let dat Reid ook met 'n Foundationalist epistemologiese denkraamwerk gewerk het. Sy basisbeginsels was ook *somehow immune from challenge*, want dit *need no proof because anyone who really doubted them would be mad*.

### 3.3.3 Thomas Reid

Thomas Reid het in versonde gekom teen die empiriese idee-filosowe soos Locke en Hume en het geglo dat die empirisisme met die mens as beginpunt, die een of ander tyd in 'n skeptiese doodloopstraat (soos hy geglo het met Hume die geval was) sou opeindig.

Harris (1998:96) beskryf Thomas Reid en sy *Scottish common sense realism* in *Fundamentalism and Evangelicals* aan die hand van drie belangrike kenmerke. Dit is:

- 'n *Common sense* (algemene kennis) fondasie vir die wetenskap.
- 'n *Direct realist* (direkte toegang) benadering tot werklikheid.
- 'n Baconiese (Francis Bacon se induktiewe metode) metode.

*'n Common sense (algemene kennis) fondasie vir die wetenskap*

Reid het in plaas van die idees in die mens se verstand met 'n stel eerste beginsels (as basisbeginsels) begin wat deur ons Skepper in ons ingeplant is. Hy het nie by die bestaan van God begin en daarvanaf geredeneer na die beginsels nie. Reid het bloot by 'n stel eerste beginsels begin wat hy geglo het deur die Skepper ingegee is en wat deur ons as vanselfsprekend aanvaar word. Geloof in God was dus nie 'n voorvereiste vir die mens se aanvaarding van die stel eerste beginsels nie bloot omdat mense vanuit die beginsels as algemene kennis werk of hulle glo of nie. Dit is in ons natuur ingeprint om vanaf die beginsels te werk.

Harris (1998:100) beskryf Reid se eerste beginsels as foundationalist basisbeginsels met: *Reid claimed that the principles of common sense are self-evident, their contraries absurd, and their denial impossible in practice. In attempting to reject such foundational principles, he argued, one implicitly presupposes them. He held that there are certain truths evident to all human beings except those who are of unsound mind, or affected by unsound philosophy.*

Die stel eerste beginsels is Reid se antwoord op Hume se skeptisisme. In plaas van 'n *inside out* benadering, volg hy 'n *outside in* benadering. Die eerste beginsels is vir almal daar om te ontdek deur selfbewuste refleksie, juis omdat dit in die mens se diepste wese ingeplant is. Die *common sense* filosofie van Reid het volgens Harris (1998:104) die volgende ingehou: *Reid cites the general trustworthiness of our faculties in justification of our reliance upon them. He does not, like Descartes, found his defence of our faculties upon a theistic argument. Nevertheless, his faith in the reliability of the human mind ultimately rests upon faith in 'the Author of our nature', who 'wisely fitted' our intellectual powers 'for the discovery of truth' (p. 468). The belief in our senses is 'the immediate effect of our constitution, which is the work of the Almighty' (p. 329). One need not believe in God in order to trust one's senses, for one trusts them anyway by nature.*

Die stel eerste beginsels was beginsels soos die betroubaarheid van die mens se sintuie, die bestaan van 'n eksterne werklikheid, die mens se vermoë

om direkte toegang tot die werklikheid, sonder die bemiddeling van idees, te kry en die mens se vermoë om die werklikheid te ken en te bestudeer.

**'n Direct realist (direkte toegang) benadering tot werklikheid**

Die idee-filosofie het geredeneer dat mens nie direkte toegang tot die werklikheid het nie maar slegs toegang tot die idees wat die mens in sy verstand van die werklikheid het. Reid het in die plek daarvan geredeneer dat die mens direkte toegang tot die werklikheid het. Ons geheue het ons verder in kontak gebring met die ding wat ons ervaar het en nie ons idee van die ding wat ons ervaar het nie. Die geheue het ons dus betroubare informasie van gebeure en ervarings in die verlede gegee.

*His philosophy was based on the assumption that God would not give us one set of faculties--the senses--to deceive us, and another faculty--reason--to unearth the deception. Against Hume's claim that our experiences are mediated by copies of impressions in the mind, Reid insisted that our experiences are immediate (Harris 1998:98).*

**'n Baconiese (Francis Bacon se induktiewe metode) metode**

Dit is die induktiewe metode soos beskryf in Hoofstuk twee en oorspronklik geformuleer deur Francis Bacon ('n voorloper van die denke van John Locke). Volgens die metode sou die wetenskaplike 'n spesifieke iets in die werklikheid (soos 'n aantal swane in 'n spesifieke landstreek) waarneem en bestudeer aan die hand van eksperimentering en so tot gevolgtrekkings kom wat van toepassing is op die algemene (al die swane in die wêreld). Die gevolgtrekkings is verwoord in die vorm van natuurwette wat die werkinge van die heelal verduidelik (Harris 1998:100).

Soos reeds in hoofstuk twee (2.3.3.2) genoem: Die wetenskaplike is in die hele proses slegs 'n luisteraar van die natuur wat so objektief moontlik iets in die werklikheid wil bestudeer om tot 'n algemene konklusie te kom wat as natuurwet geformuleer word. In dié opsig is daar nie sprake van 'n hipotese/teorie waarmee na die natuur gegaan word ten einde die hipotese of teorie te verifieer nie. Die wetenskaplike moet heel eerste die natuur onbevelek van teorieë en hipoteses beluister voordat daar aanbeweeg word na die daarstelling van bevindinge.

**3.3.4 Charles Hodge**

Hier betree die Princeton-teoloë die toneel met Charles Hodge (1797-1878) op die voorpunt. Die teoloog het sy seun en mede-teoloog, Archibald Alexander Hodge (1823-1886), asook Benjamin Breckinridge Warfield (1851-1921), beïnvloed. Ek staan stil by Charles Hodge se *Systematic Theology Volume One* (1871) om vas te stel hoe die invloed van Descartes en Locke via Reid se *Scottish Common Sense Realism* uitgekristalliseer het in die denke van die Princeton-teoloë.

Harris (1998:116) beskryf die invloed van Reid se denke as: *Certain 'habits of mind' associated with the Scottish philosophy affected evangelical thought in a formative period and became apparent in fundamentalist apologetics. Common Sense intuitions receive their parallels in fundamentalist convictions*

*about the nature of revealed truth and our access to it. Both are attributed the same source--a providential God who supplies us with what is required to recognize our true needs and to behave accordingly.*

Uit bostaande aanhaling van Harris en dit wat tot dusvêr gesê<sup>10</sup> is in die voorafgaande afdelings wil dit lyk asof die Princeton-teoloë vanuit 'n eerste stel beginsels, soortgelyk aan Reid, gewerk het wat deur God in die mens ingeprint is. Dat Harris dit raak het, blyk uit wat Hodge self sê in sy *Systematic Theology Volume One* (1871). Hodge (1871:9) sê: *First, The man of science comes to the study of nature with certain assumptions. (1.) He assumes the trustworthiness of his sense perceptions. Unless he can rely upon the well-authenticated testimony of his senses, he is deprived of all means of prosecuting his investigations. The facts of nature reveal themselves to our faculties of sense, and can be known in no other way. (2.) He must also assume the trustworthiness of his mental operations. He must take for granted that he can perceive, compare, combine, remember, and infer; and that he can safely rely upon these mental faculties in their legitimate exercise. (3.) He must also rely on the certainty of those truths which are not learned from experience, but which are given in the constitution of our nature. That every effect must have a cause; that the same cause under like circumstances, will produce like effects; that a cause is not a mere uniform antecedent, but that which contains within itself the reason why the effect occurs.*

Uit Harris se hantering van Reid word dit ook duidelik dat, hoewel Reid van Locke en Hume verskil het ten opsigte van hulle beginpunt in die mens se idees, hy nie die sintuie of die empiries-induktiewe metode van Locke afgeskiet het nie. Inteendeel, sy eerste beginsels het 'n vertroue in die menslike sintuie uitgespreek met 'n tasbare werklikheid waartoe die mens direkte toegang gehad het. Daarbenewens het Reid 'n voorliefde vir die induktiewe metode gehad. Dieselfde tendense behoort dus ook by Hodge sigbaar te wees, in die sin dat die eksegeet as empiriese wetenskaplike die Bybel nader. Dit beteken dus dat die eksegeet soos 'n natuurwetenskaplike die Bybel objektief bestudeer en die bevindinge in feitestellings weergee.

Hodge (1871:1) sê in dié verband: *We find in nature the facts which the chemist or the mechanical philosopher has to examine, and from them to ascertain the laws by which they are determined. So the Bible contains the truths which the theologian has to collect, authenticate, arrange, and exhibit in their internal relation to each other. This constitutes the difference between biblical and systematic theology. The office of the former is to ascertain and state the facts of Scripture. The office of the latter is to take those facts, determine their relation to each other and to other cognate truths, as well as to vindicate them and show their harmony and consistency. This is not an easy task, or one of slight importance.*

Die Bybel is dus vir die teoloog wat die natuur vir die natuurwetenskaplike is. En Hodge (1871:10) beskryf dit presies so: *The Bible is to the theologian what*

---

<sup>10</sup> Vergelyk ook Grenz 2006:81

*nature is to the man of science. It is his store-house of facts; and his method of ascertaining what the Bible teaches, is the same as that which the natural philosopher adopts to ascertain what nature teaches.*

In die hele proses speel induksie 'n baie belangrike rol. Hodge (1871:10) sê: *Second. The student of nature having this ground on which to stand (die eerste beginsels), and these tools wherewith to work, proceeds to perceive, gather, and combine his facts. These he does not pretend to manufacture, nor presume to modify. He must take them as they are. He is only careful to be sure that they are real, and that he has them all, or, at least all that are necessary to justify any inference which he may draw from them, or any theory which he may build upon them.*

Dit is dan ook hier waar Murphy 'n saak uitmaak vir die invloed van Descartes wat die soeke na vaste fondasies vir kennis die Moderniteit ingedra het. Sy neem die standpunt in dat die Princeton-teoloë 'n foutlose Bybel nodig gehad het ten einde feite daaruit te haal. 'n Bybel vol foute sou in dié opsig niks beteken het nie. Murphy (1996:16) sê: *From the perspective of the epistemologist, an interesting feature of fundamentalist and conservative evangelical theology is the sort of claims that are made about Scripture. One of the central tenets of fundamentalism is the verbal inspiration of Scripture and its complete inerrancy... Notice that foundationalist epistemology explains why conservatives would want to be able to make such radical claims about the truth of Scripture: if Scripture is to provide an indubitable foundation for theological construction, then all of its teachings must be free from error, lest the theologian make erroneous judgments in distinguishing true teachings from false ones or essential teachings from incidental cultural assumptions.*

Murphy skryf die Princeton-teoloë se beskouing van 'n foutlose Bybel dus toe aan die Foundationalist epistemologiese denkraamwerk van waaruit hulle gearbei het. Harris (1998:227) gee 'n bietjie 'n ander perspektief in die sin dat sy toon dat die foutloosheid van die Bybel en die Goddelike karakter daarvan nou aan mekaar gekoppel is. Indien die Bybel God se self-openbaring is, is dit noodwendig foutloos. Geisler gee byvoorbeeld 'n mooi voorbeeld van so 'n beskouing van 'n foutlose Bybel. Norman Geisler is die president<sup>11</sup> van die Southern Evangelical Seminary in Charlotte, Noord-Carolina.

Geisler (2005:74), val vroeg in sy bespreking weg met die volgende woorde: *However, orthodox Christians through the ages have claimed that the Bible is without error in the original text. "If we are perplexed by any apparent contradiction in Scripture," Augustine wisely noted, "it is not allowable to say, "The author of this book is mistaken; but either the manuscript is faulty, or the translation is wrong, or you have not understood". Not one error that extends to the original text of the Bible has ever been demonstrated. Why the Bible cannot err. The argument for an errorless (inerrant) Bible can be put in this logical form: God cannot err: The Bible is the Word of God. Therefore, the Bible cannot err.*

<sup>11</sup> Die posisie wat hy beklee het met die publikasie van sy boek.

As Geisler vanuit 'n Foundationalist epistemologiese denkraamwerk soortgelyk aan Reid gewerk het, beteken dit dat die Bybel as die Woord van God nie 'n basisbeginsel is nie. Daar word met ander woorde vanaf 'n stel eerste beginsels as basisbeginsels gewerk en deur middel van bewyse aangetoon dat God bestaan en dat die Bybel die Woord van God is. Geisler se deduktiewe afleiding toon dat – *As God nie kan fouteer nie + die Bybel is die Woord van God = die Bybel kan nie fouteer nie.*

Geisler (2005:74) gaan verder deur in die eerste plek te stel dat die leerstelling aangaande die foutloosheid van die Bybel daarop dui dat die outograwe (oorspronklike dokumente) in elke aspek foutloos was. Foute soos grammatikale vergissings en dies meer het ingesluit in die oorskryfproses. Omdat die outograwe verlore is, kan die punt nie bewys of afgewys word nie.

In die tweede plek het die leerstelling aangaande die foutloosheid van die Bybel betrekking op dit wat die Bybel leer. Die Bybel is hiervolgens op alle terreine tot in die fynste besonderhede waar en betroubaar in alles wat dit aanraak. Geisler (2005:75) onderskryf die stelling deur te sê: *This is true of history, science, or mathematics – whatever the Bible declares is true, whether a major or a minor point.*

As Gereformeerde kan die beswaar geopper word dat die menslike karakter in die redenasie genegeer word en dit daarom *de facto* neerkom op 'n meganiese inspirasieteorie. Geisler (2005:75) sal verskil, en hier word die empiries-rasionele redenasies voortgesit: *Some biblical scholars argue that the Bible cannot be inerrant through some faulty reasoning:*

1. *The Bible is a human book.*
2. *Humans err:*
3. *Therefore, the Bible errs.*

*The error of this reason can be seen from equally erroneous reasoning:*

1. *Jesus was a human being*
2. *Human beings sin.*
3. *Therefore, Jesus sinned.*

In dié opsig bedryf Geisler nie 'n meganistiese inspirasieteorie wat die menslike karakter van die Bybel ontken nie; hy beklemtoon slegs die Goddelike karakter ten koste daarvan. Dit word duidelik wanneer Geisler (2005:75) sy eie tipe organiese inspirasieleer verduidelik met: *Where does the logic go astray? The mistake is to assume that Jesus is simply human... He was also God. Likewise, the Bible is not merely a human book; it is also the Word of God.*

Geisler se leerstelling rakende 'n foutlose Bybel berus dus nie op meganistiese inspirasieteorie nie, maar wel 'n plenêre verbale inspirasieteorie<sup>12</sup>.

Grenz en Franke (2001:35) beskryf die waarde van 'n foutlose beskouing van die Bybel vir die Princeton-teoloë en hulle evangelical nasate, soos Geisler, as volg: *With such a firm foundation in place, conservative theologians were confident of their ability to complete the task of deducing from scripture the great, timeless theological truths about God and the world that divine revelation had placed within its pages. In so doing, they believed, they would formulate properly "the faith once delivered to the saints."*

Die beskouing van die Princeton-teoloë en evangelicals, soos Geisler, is volgens Grenz nie eie aan die Klassieke Evangelical beweging van ouds nie. Klassieke Evangelicalisme, met sy wortels in die 16de eeuse Reformasie en die 17de eeuse Piëtisme en Puritanisme, het die gesag van die Bybel gekoppel aan selfgetuigenis van die Bybel. Hiervolgens oortuig dieselfde Heilige Gees wat die Bybelskrywers geïnspireer het, ook die leser daarvan dat die Bybel van God kom. Daarbenewens is daar baie klem geplaas op die wedergeboorte vir 'n korrekte verstaan van die Bybel en is die Bybel nie as dogmatiese handboek nie maar as aanbiddings- en lewensgids beskou. Die rol van die Heilige Gees was, met ander woorde, onmisbaar. Grenz (2006:72) sê nou: *As Puritan concerns and Pietist renewal converged in the eighteenth century, they gave birth to an (Klassieke) evangelicalism that looked to Scripture as the vehicle through which the Spirit worked the miracles of salvation and sanctification. Sparked by their experience of the nurturing work of the Spirit through the pages of the Bible, evangelicals' overriding aim was to allow the message of the Bible to penetrate into human hearts and to encourage the devotional use of the Bible.*

Die Princeton-teoloë sou 'n vreemde beskouing, soortgelyk aan dié van Geisler, verpopulariseer.

Ten slotte. Indien die Princeton-teoloë onder die invloed van Locke volgens die reëls van die tweede gebou van kennis gewerk het waar God eers bewys is en dan die Bybel as die openbaring van God bewys is (alles gegrond in Reid se eerste beginsels teenoor Locke se idees van sensasie), sou bewyse

<sup>12</sup> 'n Plenêre verbale inspirasieteorie moet nie verwar word met 'n meganistiese inspirasieteorie waar God as dikteerder en die skrywers gestroop van hulle persoonlikhede bloot as tikmasjiene funksioneer nie. 'n Plenêre inspirasieteorie erken die aandeel van die menslike skrywers, maar onderspeel dit ten koste van die Goddelike karakter van die Bybel. Basies behels die teorie dat alle woorde in die Bybel deur God geïnspireer is, of soos AA Hodge dit stel in die Bylae aan die einde van die studie – *What is meant by "plenary inspiration"? A divine influence full and sufficient to secure its end. The end in this case secured is the perfect infallibility of the Scriptures in every part, as a record of fact and doctrine both in thought and verbal expression. So that although they come to us through the instrumentality of the minds, hearts, imaginations, consciences, and wills of men, they are nevertheless in the strictest sense the word of God. What is meant by the phrase "verbal inspiration," and how can it be proved that the words of the Bible were inspired? It is meant that the divine influence, of whatever kind it may have been, which accompanied the sacred writers in what they wrote, extends to their expression of their thoughts in language, as well as to the thoughts themselves. The effect being that in the original autograph copies the language expresses the thought God intended to convey with infallible accuracy, so that the words as well as the thoughts are God's revelation to us.*

vir die bestaan van God, asook bewyse vir die Bybel as die openbaring van God<sup>13</sup>, sterk figureer.

Tekens hiervan is ook by Hodge (1871:53) teenwoordig as hy sê: *In the third place, reason must judge of the evidence by which a revelation is supported. On this point it may be remarked, — 1. That as faith involves assent, and assent is conviction produced by evidence, it follows that faith without evidence is either irrational or impossible. 2. This evidence must be appropriate to the nature of the truth believed. Historical truth requires historical evidence; empirical truths, the testimony of experience; mathematical truth, mathematical evidence; moral truth, moral evidence; and “the things of the Spirit,” the demonstration of the Spirit. In many cases different kinds of evidence concur in the support of the same truth. That Jesus is the Christ, the Son of the living God, for example, is sustained by evidence, historical, moral, and spiritual, so abundant that our Lord says of those who reject it, that the wrath of God abideth on them. 3. Evidence must be not only appropriate, but adequate. That is, such as to command assent in every well-constituted mind to which it is presented. As we cannot believe without evidence, and as that evidence must be appropriate and adequate, it is clearly a prerogative of reason to judge of these several points. This is plain. 1. From the nature of faith, which is not a blind, irrational assent, but an intelligent reception of the truth on adequate grounds. 2. The Scriptures never demand faith except on the ground of adequate evidence. “If I had not done among them,” says our Lord, “the works which none other man did, they had not had sin” (John xv. 24); clearly recognizing the principle that faith cannot be required without evidence. The Apostle Paul proves that the heathen are justly liable to condemnation for their idolatry and immorality, because such a revelation of the true God and of the moral law had been made to them, as to leave them without excuse.*

### 3.3.5 Samevatting

Ek het met dié hoofstuk probeer vasstel hoe 'n fundamentalistiese denkmodel daar uitsien. In dié proses is daar stilgestaan by die denkers wat die Moderniteit help vorm het. René Descartes en John Locke het baie tyd afgestaan aan die epistemologiese vertrekpunte van die nuwe era. Descartes se bydrae was die soeke na vaste fondasies waarop kennis gebou kon word. Dit het aanleiding gegee tot 'n Foundationalist epistemologiese denkraamwerk met onbetwyfelbare basisbeginsels. Locke sou dié denkraamwerk oorneem met wysigings van sy eie. As empirisis is die indrukke van die werklikheid, oftewel eenvoudige idees van sensasie, as onbetwyfelbare basisbeginsels geneem met induksie as metode. Locke se denksisteem het daartoe gelei dat beide empiries-induktiewe en rasideel-deduktiewe denke 'n plek gevind het. Hierby het teologie ook 'n staanplek gekry. Locke se bydrae tot die denke van die Princeton-teoloë was 'n empiries-rasidele denksisteem met die klem op induksie as metode.

---

<sup>13</sup> Grenz (2006:80) noem in dié verband: *Although Hodge grounded the error-free nature of Scripture in its divinely inspired character, he and his followers also looked to rational evidences. They boldly asserted that the Bible's special status could be justified by appeal to scientific arguments such as empirical evidence that the Bible contains prophecies that were subsequently fulfilled, or that the various facts the biblical writers present are completely accurate.*

Hume se skeptisisme het Reid aangevuur, wat in die gees van Descartes na vaste fondasies gestreef het en in die gees van Locke die belangrikheid van die sintuie en wetenskaplike eksperimentering beklemtoon het.

Die Princeton-teoloë onder leiding van Charles Hodge het ingekoop op die gedagtes van Thomas Reid ten einde die uitdagings van liberale, oftewel modernistiese protestantse teoloë in die VSA relevant aan te spreek volgens die filosofiese konsepte en idees van hulle tyd. In die onderstaande bespreking gee ek die bevindinge van die ondersoek in die hoofstuk weer en poog ek om sekere merkers daar te stel wat eie is aan 'n fundamentalistiese denkmodel.

### 3.4 Samevatting

'n Fundamentalistiese denkmodel, soos in dié hoofstuk vasgestel, werk vanuit 'n Foundationalist epistemologiese denkraamwerk. In dié geval is die basisbeginsels 'n stel eerste beginsels waaraan niemand kan twyfel nie; dit is onbetwyfelbaar. In dié denkraamwerk speel bewyse van God se bestaan en die Bybel as die Woord van God 'n belangrike rol. Induksie as metode word voorgestaan met die teoloog wat as objektiewe wetenskaplike die teologiese wette vanuit die Bybel as foutlose feiteboek opdiep. God se openbaring word dus die objek van wetenskaplike ondersoek.

In die praktyk kom dit daarop neer dat die rol van die Heilige Gees in die vestiging van die gesag van die Bybel, die wedergeboorte as voorvereiste vir verstaan, die Heilige Gees as eintlike eksegeet, die subjektiwiteit van die mens en die menslike karakter van die Bybel genegeer word.

Kortom kan dus gesê word dat 'n fundamentalistiese denkmodel, volgens Grenz *et al.*, die volgende behels:

- 'n Pre-okkupasie met die rasonale ten koste van die emosionele/spirituele.
- 'n Onrealistiese vertroue in die mens se vermoë om die werklikheid waar te neem, te dokumenteer en in feitestellings weer te gee sonder die verligtingswerk van die Heilige Gees.
- 'n Onrealistiese begeerte om beginsels uit die Skrif op te diep wat tyd, grense en kulture oorbrug.
- Dekontekstualisering en ontmensliking in die verkryging van kennis.
- 'n Oorbeklemtoning van die Goddelike karakter ten koste van die menslike karakter van die Bybel.
- Die hantering van die Bybel as feiteboek, juis vir die wetenskap geskryf.

Dit val uiteen in die volgende vrae wat in Hoofstuk vier gestel en beredeneer word:

- Werk Gereformeerde teoloë vanuit 'n Reidiaanse Foundationalist epistemologiese denkraamwerk met eerste beginsels as basis-beginsels?
- Speel Godsbewyse en bewyse vir die Bybel as Woord van God 'n rol in die arbeid van Gereformeerde teoloë?
- Werk Gereformeerde teoloë vanuit 'n foutlose Bybel en 'n plenêre verbale inspirasieteorie?
- Oorbeklemtoon Gereformeerde teoloë die Goddelike karakter van die Bybel?
- Verskraal Gereformeerde teoloë die rol van die Heilige Gees in beide die vernuwing van die eksegeet se verstand en die verligting van die Bybel?
- Wil Gereformeerde teoloë volgens die induktiewe metode feite uit die Bybel opdiep, sistematiseer en weergee? Word die selfopenbaring van God so tot studie-objek vervlak?

# HOOFSTUK 4

## Die Betrokke Teoloë en 'n fundamentalistiese denkmiddel

### Oorsig:

#### 4.1 Inleiding

#### 4.2 Gereformeerde teoloë uit die dae van JD du Toit

##### 4.2.1 Die Kosbare Goud

###### 4.2.1.1 Inleiding

###### 4.2.1.2 Kennis van God

###### 4.2.1.3 Die algemene openbaring

###### 4.2.1.4 Die besondere openbaring

###### 4.2.1.5 Die Bybel

###### 4.2.1.5.1 Skrifinspirasie

###### 4.2.1.5.2 Die gesag van die Skrif

###### 4.2.1.5.3 Die Skrif as enigste reël van ons geloof

###### 4.2.1.6 Bespreking

##### 4.2.2 Algemene Kanoniek en Hermeneutiek

###### 4.2.2.1 Inleiding

###### 4.2.2.2 Algemene Kanoniek

###### 4.2.2.3 Hermeneutiese vertrekpunte

###### 4.2.2.4 Bespreking

#### 4.3 Evaluering

### 4.1 Inleiding

Dié hoofstuk het dit ten doel om die fundamentalistiese denkmiddel wat aan die hand van Stanley Grenz in hoofstuk drie gekonstrueer is, te meet aan die arbeid van Gereformeerde teoloë wat verbonde was aan die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika en steeds as gesaghebbend aanvaar word. Ek fokus dus op Gereformeerde teoloë uit die dae van die digter en teoloog, JD du Toit, (die veertiger en vyftigerjare van die 20ste eeu), en verwys voortaan in hierdie studie na dié groep slegs as *die Betrokke Teoloë*. Hierin staan drie bronne uit wat 'n breë en in-diepte oorsig oor die standpunte van meeste publiserende Gereformeerde teoloë in hierdie tydvak gee. Die bronne is:

- *Die Kosbare Goud – deur Predikante in die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika* (Coetzee, Kotze 1944),
- WJ Snyman se *Diktaat Tekskritiek* (1956a)
- WJ Snyman se *Diktaat Algemene Kanoniek van die Nuwe Testament* (1956b)

- WJ Snyman se *Diktaat Hermeneutiek van die Nuwe Testament* (1956c).

Wanneer die Betrokke Teoloë met 'n fundamentalistiese denkmodel vergelyk gaan word, word daar spesifiek aan die einde van elke afdeling, as deel van die bespreking, antwoorde op die volgende vrae geformuleer:

- Werk die Betrokke Teoloë vanuit 'n Reidiaanse Foundationalist epistemologiese denkraamwerk met eerste beginsels as basisbeginsels?
- Speel Godsbewyse en bewyse vir die Bybel as Woord van God 'n rol in die arbeid van die Betrokke Teoloë?
- Werk die Betrokke Teoloë vanuit 'n foutlose Bybel en 'n plenêre verbale inspirasieteorie?
- Oorbeklemtoon die Betrokke Teoloë die Goddelike karakter van die Bybel?
- Verskraal die Betrokke Teoloë die rol van die Heilige Gees in beide die vernuwing van die eksegeet se verstand en die verligting van die Bybel?
- Wil die Betrokke Teoloë volgens die induktiewe metode feite uit die Bybel opdiep, sistematiseer en weergee? Word die selfopenbaring van God so tot studie-objek vervlak?

Die hoofstuk vors eerstens die Betrokke Teoloë se standpunte in *Die Kosbare Goud* na, waarna WJ Snyman se arbeid onder die vergrootglas geneem word – met 'n bespreking wat telkens na elkeen volg. Die hoofstuk sluit af met 'n algemene gevolgtrekkende evaluering wat in Hoofstuk vyf uitvoerig aan die orde kom.

## **4.2 Gereformeerde teoloë uit die dae van JD du Toit**

### **4.2.1 Die Kosbare Goud**

#### **4.2.1.1 Inleiding**

In dié afdeling word daar gefokus op die standpunte van die Betrokke Teoloë soos uiteengesit in *Die Kosbare Goud – deur Predikante in die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika* (Coetzee, Kotze 1944). Dit is 'n klassieke versamelwerk wat 33 artikels oor die Gereformeerde geloofsleer insluit. Dit is gebaseer op en ontleen sy indeling aan (soos die titel aandui) die Nederlandse Geloofsbelydenis. Verskeie prominente teoloë binne die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het hieraan meegewerk – tersaaklik vir die huidige studie: JV Coetzee, A Duvenage, S du Toit, IJ Lessing, JD du Toit en JP Jooste.

Die redakteurs DN Kotze en JV Coetzee (1944) stel *Die Kosbare Goud* in die Voorwoord bekend met die woorde: *En nou – hier is die nuweling, 'n eersteling van sy soort in ons moedertaal. Met dankbaarheid aan God stel ons hom aan ons kerklike publiek voor.* Die rede vir die skrywe van die versamelwerk is aan die een kant om 'n agteruitgang in geloofskennis teen te werk en aan die ander kant om mense met geloofskennis te bewapen in, wat die redakteurs in Augustus 1942, nie sonder rede nie, as krisistye beleef het.

Wat belangrik is, is dat elkeen van die teoloë saamstem oor dit wat elke medewerker in eie artikels neerpen. So sê die redakteurs DN Kotze en JV Coetzee (1944) in die voorwoord dat: *Teenstrydighede wat skadelik kan werk, kom, sover ons kan oordeel, in die boek nie voor nie. Waar daar hier en daar 'n verskil van opvatting voorkom, is dit beperk tot algemeen gangbare menings onder gereformeerdes wat eweneens geld van ander moeilike punte waaroor daar verskil van opvatting onder gereformeerdes bestaan.* Dit maak van die Kosbare Goud 'n goeie bron in die verstaan van die teologiese denke van Die Betrokke Teoloë uit daardie tydperk.

Die hoofstukke en skrywers van belang vir hierdie hoofstuk is:

Die Here is God	– JV Coetzee
Die Kennis van God	– A Duvenage
Algemene Openbaring	– S du Toit
Besondere Openbaring	– IJ Lessing
Die Skrif: Skrifinspirasie	– S du Toit
Die Gesag van die Skrif	– JD du Toit
Die Skrif die enigste reël van ons geloof	– JP Jooste

#### 4.2.1.2 Kennis van God

##### *Die HERE is God*

JV Coetzee (1944:1) begin deur artikel een van die Nederlandse Geloofsbelijdenis uit te lê met die woorde: *Ons glo en bely die bestaan van God, nie op grond van bewyse nie, maar omdat Hy Homself in sy algemene en besondere openbaring ontdek en bekend gemaak het en nog bekend maak. Niemand sou van die onsienlike, ewige, onvergelyklike God enige besef of kennis hê as Hy Homself nie openbaar nie.* Hierna stel hy dit heel onseremonieel: *Die sogenaamde godsbewyse is waardeloos.*

Dit wil lyk asof Coetzee hier in die eerste hoofstuk 'n appeltjie met die sogenaamde godsbewyse te skil het. Hy lys vyf, naamlik die kosmologiese, die ontologiese, die teleologiese, die morele en die historiese godsbewyse. Coetzee ag hulle as nutteloos om iemand tot geloof te bring – dit is alleen die werk van die Heilige Gees. Die godsbewyse dien hoogstens as argument teen die ateïsme. Inteendeel, die kerkgeskiedenis wys dat pogings om die bestaan van God te bewys, die produk van 'n geloofsinsinking ná die Reformasie is. Die ware taak van die geloof is nie om God te bewys deur logiese of wiskundige beredenerings nie, maar om profeties aan die wêreld te verkondig dat die Here God is.

Dit is dus duidelik – die belijdenis dat God bestaan kom nadat die mens God se selfopenbaring in die Bybel en die natuur gehoor het, en nie van bewyse of logiese redevouerings nie.

##### *Die Kennis van God*

A Duvenage (1944:7) tref 'n onderskeid tussen 'n persoon wat van God weet en die gelowige wat God ken. Met *ken* bedoel hy verlossende kennis (hyself noem dit *geloofskennis*) of iemand wat in 'n persoonlike verhouding met Jesus

Christus as Middelaar staan. Die geloofskennis word onderskei van alle ander soorte kennis wat betref die oorsprong, voorwerp, wese en vrug:

- **Die Oorsprong:** *Alle ander kennis verwerf die mens vir hom deur studie en ondersoek: maar hierdie kennis moet hy hom deur Christus laat gee (Johannes 14:6).*
- **Die Voorwerp:** *Alle ander kennis, hoe uitgebreid ook, is kennis van die skepsel, van wat eindig is. Maar hierdie kennis beweeg hom om God.*
- **Die Wese:** *Vir volledigheid stip ek net aan dat dit geloofskennis is, en nie "weet" nie.*
- **Die vrug:** *Die vrug (wat geloofskennis onderskei van gewone kennis) is die ewige lewe. Vir ons klink dit vreemd dat kennis lewe is. Tog is dit nie so vreemd nie. Hoe uitgebreider die kennis is, hoe ryker is die lewe. Stel maar die lewe van 'n barbaar naas dié van 'n geleerde of van 'n kunstenaar, en dan kan ons dadelik merk dat die een se lewe baie ryker en voller is as die ander een s'n.*

Duvenage hanteer ook die middele waardeur die mens God ken – dit is die algemene en die besondere openbaring.

### **Die algemene openbaring en kennis van God**

Duvenage verdeel die algemene openbaring in drie boeke. Die eerste is *die boek van die skepping*. Belangrik om daarop te let dat God steeds besig is om in die boek te skryf. Dit word daarom vergelyk met 'n skilderstuk en musiekstuk, iets waarin jy die hand van God kan sien. God se hand is ook in die tweede boek, *die boek van die geskiedenis*, sigbaar. Duvenage (1944:9) beskryf die geskiedenis as *die uitvoering van Gods raad*. Sou die sondeval nie plaasgevind het nie, kon die mens deur die skepping en die geskiedenis God duidelik leer ken.

Saam met die boeke van die skepping en die geskiedenis kom ook *die boek van die oorlewering* en *die boek van mens se eie lewe*. Duvenage (1944:9) sê: *Die openbaring van God aan die eerste mens en in die eerste wêreld het nie verlore gegaan nie. Dit het net verbaster in die loop van die eeue*. Die stelling verklaar byvoorbeeld alternatiewe skeppings- en sondvloedverhale. Die boek van mens se eie lewe is ook 'n kenbron van God. Die bietjie wat mens egter uit jou eie lewe van God kan leer ken, word bemiddel deur die verligting van die Heilige Gees.

Die vier boeke waardeur God geken kan word, sou as volledige kenbron kon dien, was dit nie vir die sondeval nie. Hoewel die mens nie deur die sondeval totaal en al van God afgesluit is nie (die mens het 'n aangebore godsbesef) en wel tot 'n mate kennis van God uit die vier boeke kan kry, is dit nie voldoende vir verlossende kennis nie. Duvenage sê dus dat die mens aan die een kant nie God voldoende kan ken uit een van die vier boeke nie – daarmee diskwalifiseer hy die natuur, eie ervaring, die geskiedenis en geloofsverhale van ander godsdienste as kenbron van God – maar dat hy aan die ander kant God wel kan ken omdat God Homself in die Bybel openbaar het. Hiermee word die Bybel as enigste fondasie vir verlossende kennis beskou.

## **Die besondere openbaring en kennis van God**

Hoewel die algemene openbaring van God in die natuur genoeg is om die mens van alle verontskuldiging te ontnem, is dit onmoontlik om hierdeur tot verlossende kennis te kom. Hiervoor is die besondere openbaring, die evangelie, nodig. Dié evangelie is geopenbaar in die paradys en daarna deur die aartsvaders en die profete verkondig, deur die offerandes en ander seremonies van die wet afgebeeld, en uiteindelik in Christus vervul.

### **4.2.1.3 Die algemene openbaring**

S du Toit (1944a:14) begin met dié woorde: *Openbaring is gevolglik nie die produk van die mens se eie gees nie, dit is nie soortgelyk aan die besieling van 'n digter of die plotselinge insig van 'n wetenskaplike ondersoeker nie, soos sommige modernes meen.* God moet eers, volgens S du Toit, van sy kant *die bedekking of sluier ontdoen* wat van openbaring iets maak wat van God kom. Dit is 'n doelgerigte bewuste daad en bekendmaking van God aangaande Homself.

Let wel op dat wanneer S du Toit (1944a:15) oor die algemene openbaring handel, hy dit vanuit die Bybel doen. Hy sê: *Ja, ons sou selfs nie geweet het dat daar 'n algemene openbaring is, as die heilige Skrif ons dit nie gesê het nie. Die sonde het nie alleen in die natuur daarbuite ontreddeing gebring nie, maar ook ons geestesoog verduister, sodat ons sonder die besondere openbaring alles verward sien.*

Hy handhaaf dié trant deur te sê dat net die blote feit dat God sy Woord gegee het, klaar genoeg bewys daarvan is dat die algemene openbaring totaal en al onvoldoende is om God te ken. Weens dié rede verduidelik hy die algemene openbaring vanuit die Bybel. Hoewel die Bybel besondere openbaring is, en mens nie verwag dat dit veel inligting oor die algemene openbaring sal gee nie, is die Bybel meer as voldoende om die grondslae te lê.

Voor die sondeval openbaar God Homself in die skepping en onderhouding van alle dinge. Dié openbaring vind plaas deur middel van daad (God se skepping en onderhouding van alle dinge), woorde (wanneer Hy met die mens praat) en verskyning (wanneer Hy aan die mens verskyn in die tuin). Ná die sondeval hou die algemene openbaring aan, maar dit kom nie meer alleen voor nie – nou is daar ook die besondere openbaring. Dit toon dat die algemene openbaring nie meer voldoende is nie. Daarmee saam gebruik God ook nie meer woorde of verskyning in die algemene openbaring nie, nou slegs daad.

S du Toit hanteer hierna die volgende fasette van die algemene openbaring:

- *Die middele en inhoud van die algemene openbaring*

In die eerste plek staan die skepping en die onderhouding van alle dinge voorop. Hieruit volg God se openbaring in die geskiedenis en uiteindelik dat God Homself openbaar in die hart en gewete van elke mens (Rom 2:14). Die inhoud van die algemene openbaring is dus 'n Godsbewussyn en sedelikeidbewussyn wat 'n gewete en sondebeseef inhou.

- *Die onmisbaarheid van die algemene openbaring*

Die algemene openbaring en die besondere openbaring is onlosmaaklik verbind. Sonder eersgenoemde hang die besondere openbaring in die lug. Let op dat die gelowige wat die besondere openbaring het, nou die openbaring van God in die natuur veel beter verstaan en oral die werke van sy Vader kan raaksien. Maar dis nie net vir die gelowige wat die algemene openbaring waardevol is nie; ook vir die ongelowige en veral by die sending dien dit as aanknopingspunt. Dit is 'n vaste grondslag waarop ongelowiges ontmoet kan word. S du Toit (1944a:19) sê: *nou kan die prediker aansluit by die elemente van waarheid wat nog in die heidense godsdienste oorgebly het (vgl. Paulus op die Areópagus)*. Eendag, wanneer die tyd ryp is, sal die besondere openbaring wat soos 'n verband om 'n gewonde arm figureer, wegval. Die algemene openbaring sal egter bly staan en is die ewig blywende.

- *Ongenoegsaamheid van die algemene openbaring*

Ten spyte van die belangrikheid van die algemene openbaring bring dit die mens nie tot verlossende kennis nie, en is kennis van God sonder die besondere openbaring *verdwaas* en *verbaster*. Die middele waardeur die algemene openbaring tot ons kom, is deur die sonde bederf.

- *Oorskating van die algemene openbaring*

Uiteindelik word die voorliefde vir die ou noot duidelik wanneer S du Toit die deïsme en die rasionalisme van die 18de eeu betrek wat uit die skepping, geskiedenis en gewete 'n sogenaamde natuurlike teologie wil opbou. Diesulkes, asook die mense van *vandag* wat die menslike verstand bevoeg ag om te oordeel oor die besondere openbaring soos opgeteken in die Bybel, oorskakel die gevolge van die sondeval en oorskakel die algemene openbaring.

- *Onderskating van die algemene openbaring*

S du Toit haal Immanuel Kant aan, wat aangetoon het dat die mens nie met die verstand die bonatuurlike kan ontrafel nie. In dié opsig het sommige na die ander uiterste oorgeslaan, soos onder andere die Duitse teoloë Ritschl en Barth wat die algemene openbaring verwerp. S du Toit toon weer aan dat die besondere sonder die algemene in die lug hang.

S du Toit (1944a:22) sluit af met die klassieke woorde: *Alleen die Gereformeerde leer sien hierdie openbaringswyse in die regte perspektief*.

#### **4.2.1.4 Die besondere openbaring**

IJ Lessing verduidelik op sy beurt die verhouding tussen die besondere openbaring en die Bybel. Die openbaring van God aan die mens het ná die sondeval voortgegaan, die karakter daarvan het egter verander na 'n verlossings- of herskeppingsopenbaring. Die middelpunt van die openbaring is die menswording van Christus.

Deesdae ken die mens die besondere openbaring slegs deur die Bybel, stel Lessing. Hy wys daarop dat die besondere openbaring veel ouer as die Bybel is en dat sekere van die gebeure, soos die sondvloed, eers lank ná die gebeure self opgeteken is. Die besondere openbaring is neergeskrywe ten einde dit teen vervalsing te bewaar, duursaam te maak en oral te versprei. Nie

alle openbaring wat God gegee het, is egter in die Bybel opgeteken nie. Ook was die skrywers van die openbaring nie altyd dieselfde persone wat die openbaring ontvang het nie. Hulle was ook nie noodwendig apostels en profete nie. Lessing verduidelik sy standpunt deur te noem dat daar persone was wat openbaring ontvang, uitgespreek en neergeskryf het; dan was daar dié wat geroep is om openbaring uit te spreek terwyl ander geroep is om dit neer te skryf. Die skrywers het hulle inligting van God ontvang of kon dit uit bronne geput het (vergelyk Lukas 1:3).

Die openbaring wat in die Bybel staan, is volgens Lessing (1944:25) God se openbaring. Hier maak hy ook beswaar teen die modernistiese opvatting wat sê dat God se Woord in die Bybel is. Alles in die Bybel is vir hom geïnspireer deur die Heilige Gees en dan sê hy: *Hierdie openbaring van God is sonder foute. Sy werk is volmaak. En die beskrywing van die openbaring was ook sonder foute. Die Heilige Gees het deur die inspirasie die foutloosheid van die openbaring en sy beskrywing gewaarborg. 'n Openbaring wat God suiwer gee, maar wat onsuiver ontvang en beskrywe word, sou nie aan Gods doel beantwoord nie. 'n Openbaring vol foute beteken vir ons niks. Die oorspronklike beskrywing van die openbaring was sonder foute.*

Hoewel hedendaagse mense nie meer oor die oorspronklike handgeskrewe dokumente beskik nie, is die afskrifte wat wel beskikbaar is, nie te betwyfel nie. Dit is so dat daar vanweë feilbare mense foute in die oorskryfproses *kon*, soos Lessing sê, insluip. Die foute verander egter niks aan die inhoud van die openbaring nie en word onder andere gevind by eiename en getalle. Lessing neem ná die bespreking die standpunt in dat ons steeds vandag die onfeilbare Woord van God besit.

Benewens dit, is die Bybel ook helder en duidelik in soverre dit kennis van die mens se verlossing aangaan. Belangrik wel is dat die arbeid van die vorige geslagte ook verreken moet word by die verstaan van die Bybel. Ook hulle het hard gewerk om die duistere plekke en die diepe sin van die openbaring bloot te lê.

Hierdie foutlose, onfeilbare duidelike openbaring is noodsaaklik om die mens oor die sentrum, by name die mensgeworde Christus, te leer. Daarsonder sou die mens nie oor genoegsame kennis beskik om tot redding te kom nie. Die openbaring is daarom noodsaaklik. Die doel van die openbaring is tweeledig; eerstens gaan dit om God se eer. Die sonde het veroorsaak dat die mens onbekwaam geword het om God te eer. Voordat die mens die doel kan bereik, is dit nodig dat die mens as sondaar eers gered word. Die redding van die sondaar is dus *die newe-doel om die hoofdoel te bereik*. Die tweede of newe-doel, wat inhou dat die openbaring die mens kennis tot verlossing gee, hou nie in dat daar 'n godsdienstige lewe naas 'n daaglikse lewe bestaan nie. Lessing (1944:25) beskryf dit mooi: *Ons geloof omvat ons hele lewe, niks uitgesonderd nie... 'n Calvinis maak geen skeiding tussen sy godsdien en sy lewe nie.*

Lessing draai nou na die afsluiting van die openbaring. Vir die gereformeerde het die openbaring by die laaste boek afgesluit. Dit is in teenstelling met ander

beskouings wat glo dat die openbaring nog voortgaan. Hieronder val die Rooms-Katolieke Kerk waar die openbaring vandag nog voortduur in die tradisie, geskiedenis en besluite van die kerk, sy vergaderings, asook die modernisme omdat "openbaring" vir hulle niks anders is as menslike kennis en ervaring nie.

Die bewyse vir die standpunt dat die openbaring afgesluit is,

- word in die afsluiting van die Ou Testament in Maleagi gesien en hoewel dit moeilik is om die afsluiting van die Nuwe Testament te bewys, meen gereformeerdes dat die boek Openbaring daarop dui;
- lê in die aard van die saak self. Omdat die openbaring organies van karakter is en die organisme 'n volheidspunt in Christus bereik het, moes dit ophou groei;
- is geleë in die feit dat die doel van die openbaring die vestiging van die ryk van God en sy kerk op aarde is. Lessing (1944:27) sê: *Toe dit bereik is, kon dit afsluit. Wat verder volg, is uitbreiding en kerkgeskiedenis;*
- lê in die feit dat nie een Kerkvader sy eie geskrifte met die Bybel gelyk stel nie; en
- is te sien in die feit dat die skepping afgesluit het toe dit voltooi is. Daarna het die skepping tot ontplooiing gekom. In dieselfde lyn moet die herskeppingsopenbaring afsluit nadat die herskepping in beginsel voltooi is. Dit het gebeur in Christus.

Nou ná die afsluiting van die openbaring, volg die verligting deur die Heilige Gees. Die verligtingswerk mag egter nie gelyk gestel word met die openbaring nie. Lessing (1944:27) sê: *Die openbaring was eenmalig, onfeilbaar en objektief, omdat dit deur inspirasie geskied het. Verligting is relatief, subjektief en feilbaar omdat dit nie deur inspirasie geskied nie.*

Laastens moet genoem word dat die openbaring wat God gegee het, volkome en genoegsaam is. Dit is die heilige en onfeilbare Woord van God wat al baie aangeval is deur die Rooms-Katolieke Kerk wat mense-woorde gelykstel aan die Woord van God. Die modernisme is weer besig om dele van die Woord van die Here te verwerp.

#### **4.2.1.5 Die Bybel**

##### **4.2.1.5.1 Skrifinspirasie**

S du Toit (1944b:29) hervat die gedeelte rakende die inspirasie van die Bybel nadat hy ook gehandel het oor die algemene openbaring. Hoewel die algemene openbaring nooit 'n einde het nie, is dit nie die geval met die besondere openbaring nie. Die Bybel is geskrewe besondere openbaring. Hoewel die besondere openbaring baie meer omvangryk is en net dele daarvan in die Bybel opgeteken is, is die opgetekende dele genoegsaam om ons van verlossende kennis te voorsien. Die boeke van die Bybel as opgetekende besondere openbaring is anders as ander boeke in dié sin dat dit deur die Heilige Gees geïnspireer (ingeblaas) is. Wanneer S du Toit vervolgens die inspirasie van die Bybel hanteer, is die volgende ter sake:

- *Die Skrifbewys daarvan*

Hier word talle voorbeelde en teksgedeeltes uit sowel die Ou as die Nuwe Testament gebruik om aan te toon dat die Bybel Goddelike gesag dra en geïnspireer is deur die Heilige Gees. Benewens die teksgedeeltes vra die Ou Testament om vervulling. Daarby was daar nie die minste beswaar om die Nuwe Testament langs die reeds gesagvolle Ou Testament as Woord van God te aanvaar nie.

- *Die bevestiging van hierdie waarheid aan die siel van die gelowige*

Nadat daar aangetoon is dat die Bybel self oor sy eie gesag praat, kan met reg gevra word of die Bybel die waarheid praat. In dié opsig het die kerk van alle eeue geantwoord dat daar baie is wat by die selfgetuigenis van die Bybel bygebring kan word en tog is daar geen wetenskaplike bewyse wat elkeen dwing om dit aan te neem nie. Nog minder kan iemand aantoon dat die selfgetuigenis van die Bybel onwaar is. Dus is ook die verwerping van die selfgetuigenis 'n saak van geloof. Gelowiges glo die selfgetuigenis omdat die Heilige Gees in die harte van gelowiges getuig dat die Bybel die Woord van God is.

- *Die ware aard en omvang van die inspirasie*

S du Toit (1944b:32) kies teen 'n meganiese inspirasieleer vir 'n organiese beskrywing van die inspirasie van die Bybel. Hy sê: *Die inspirasie is nie beperk tot die skrywers alleen nie, maar strek hom ook uit oor die geskrewene en wel oor alles wat geskryf is, ook tot geskiedkundige, tydrekenskundige e.a. gegewens – ja selfs tot die enkele woorde toe. Ons spreek dus van 'n volle of volledige inspirasie... In die Skrif is afdoende bewyse dat die inspirasie selfs betrekking het op woorde.*

- *Afsluiting van die inspirasie*

Hierdie is volgens S du Toit 'n *besonder belangrike* saak weens die feit dat die inspirasie tot die terrein van die herskepping behoort en as wonder deurgaan. Sou mens glo dat die inspirasie nie opgehou het nie, moet die mens dan ook glo dat wonders, soos die opwekking uit die dood en die vermeerdering van die brode, nog steeds plaasvind – *en waar vind ons dit in die praktyk?* Hier sluit hy weer aan by Lessing deur te noem dat die Bybel 'n organisme is en 'n organisme nie onbepaald aanhou groei nie maar stop wanneer dit volgroei is. Ook geen kerkvader het ooit sy werke met die Bybel vergelyk nie.

- *Die eienskappe van die Skrif*

Die eienskappe van die Skrif word opgedeel in 'n paar kernstandpunte. Eerstens kom die Skrif met absolute outoriteit. Dit is 'n absolute gesag wat oor alle terreine van die lewe, niks uitgesonder nie, strek. Tweedens is die Skrif noodsaaklik. Dié standpunt staan teenoor die Rooms-Katolieke Kerk, en later ook Schleiermacher, wat geleer het dat die Skrif uit die kerk kom, die produk van die kerk is. Die Gereformeerdes draai die verhouding om. Sonder die Skrif sou daar geen kerk wees nie. Derdens is die heilige Skrif duidelik. Dié standpunt staan lynreg teenoor die Rooms-Katolieke Kerk wat leer dat alleen die kerk 'n suiwere en onfeilbare verklaring kan gee. Met die duidelikheid van die Skrif word nie die diepe rykdom daarvan ontken nie, ook nie dat 'n wetenskaplike verklaring deur die teologie noodsaaklik is nie, maar dat elke

mens met die leiding van die Heilige Gees die Bybel genoegsaam kan verstaan (S du Toit 1944b:36).

- *Opposisie teen die Skrif*

Teenstand sal daar altyd wees en het al in die Ou Testament opgeduik waar Jojakim die boekrol van Barug verbrand het (Jeremia 36). Dit gebeur omdat 'n mens wat nie wedergebore is nie, nie die dinge van die Gees van God begryp nie. 'n Oplossing vir die vyandskap teen die Skrif beteken daarom ook die aflegging van die natuurlike hart en *die hals gebuig onder die juk van Christus*. Tog is die teoloog 'n antwoord verskuldig aan dié wat vrae het. Hier moet eerstens onthou word dat die Skrif, net soos Christus, in dienskneggestalte kom. S du Toit (1944b:38) maak dit egter onmiddellik duidelik dat: *Uit die dienskneggestalte volg egter nog nie dat in die Bybel foute voorkom nie, net so min as by Christus sonde aanwesig was.*

Hy sluit af met die woorde dat die Skrif nie gebreek kan word nie – *Verbum Dei manet in aeternum* – die Woord van God bly tot in ewigheid.

#### **4.2.1.5.2 Die gesag van die Skrif**

Sekerlik een van die vernaamste denkers onder die ou vaders, JD du Toit (1944:40), handel hier heel gepas oor een van die belangrikste aspekte met betrekking tot my studie. Hy begin deur te sê: *As ons bewyse moet lewer vir die Christelike waarheid, word die Skrif aangehaal. Dit is dan die einde van alle teëspreking. Waarom? Wel omdat die gelowige die Skrif erken as die Woord van God en bygevolg as die absolute gesagsbron.*

Nou kom die vraag: op watter grond steun die onfeilbare gesag van die Skrif?

JD du Toit hanteer eerstens *die gronde waarop die gesag van die Skrif prinsipiëel nie kan rus nie*. Dit is:

- *Die oorlewering*

Die tradisie of oorlewering van die oudste kerk wat handel oor die Bybel is nie voldoende nie want die oorlewering is nie onfeilbaar nie. Die hoofbeswaar is egter dat die mens by die gebruikmaking van tradisie om die gesag van die Bybel te bepaal, die feilbare mens aanstel om uit te maak wat Woord van God is en wat nie. Sodoende word die mens geplaas bó die Bybel.

- *Die apostolisiteit*

Dié grond het alleen betrekking op die Nuwe Testament, maar die beswaar bly dieselfde. 'n Feilbare menslike ondersoek na die apostolisiteit kan nie die werk van God aangaande die Bybel beoordeel nie.

- *Historiese argumente*

Die gesag van die Bybel kan ook nie van historiese argumente afgelei word nie. *Nogmaals dieselfde beswaar*. Die Bybel as werk van God kan nie afhanklik gemaak word van 'n feilbare menslike ondersoek nie.

- *Die outoriteit van die Kerk*

Omdat die kerk, en hier word Calvyn en Bavinck aangehaal, self gedra word deur die gesag van die Bybel, kan die Bybel nie afhanklik gemaak word van die kerk se goedkeuring nie.

Van die gronde waarop die gesag van die Bybel nie kan rus nie, sê JD du Toit (1944:42): *Hierdie en derglike bewysvoeringe en argumente het wel hul waarde, wat ons nie wil verkleineer nie. Maar hulle is alleen van waarde vir die gelowiges, d.w.s. vir diegene wat alreeds glo dat die Bybel die Woord van God is. Hulle kom nie om ons tot die geloof te beweeg nie (dit kan hulle nie), maar om ons in die alreeds voorhande geloof te versterk. Kom die teëstander met sy bewyse, ons het ons teëbewyse. Ons kan hom op gelyke platform ontmoet en met sukses weerstaan. Maar ons moet nie dink dat dáármee die teëstander oortuig en tot geloof beweeg sal word nie.*

Hierna haal hy Greijdanus aan wat sê dat, hoewel daar gewys kan word dat die Bybel aangaande sy eie gesag getuig en ook allerlei kan bybring wat die waarheid van die selfgetuieis steun, kan die gesag van die Bybel nie wetenskaplik bewys word in soverre elkeen met *logiese noodwendigheid* gedwing word om dit aan te neem nie. MAAR so ook kan die teenstander nie wetenskaplik bewys dat die selfgetuieis van die Bybel aangaande sy eie gesag onwaar is nie. Die verwerping van die gesag van die Bybel is daarom ook 'n saak van geloof.

Maar hoe kom gelowiges tot die aanvaarding van die selfgetuieis van die Bybel? Omdat die Heilige Gees in die harte van gelowiges getuig dat die boeke van die Bybel die Woord van God is. JD du Toit (1944:43) hanteer hierdie stelling onder sewe punte:

- *Die eintlike getuieis vir die Goddelikheid van die Skrif is die getuieis wat die Skrif self gee. Dit is en bly die Woord van God al sou geen mens die getuieis aanneem nie.*
- *Van nature kan die mens die koninkryk van God nie sien nie (Johannes 3:3): hy kan die heilsfeite en heilswaarhede nie waarneem nie. Daarom verwerp hy die Bybel as die Woord van God.*
- *In die wedergeboorte word in die gelowige die geestelike vermoëns herstel... dan is dit dat die Gees met ons gees getuig dat ons kinders van God is (Romeine 8:16).*
- *Hierdie getuieis betref nie net die Goddelikheid van die Skrif nie. Dit sê dat ons kinders van God is en dus deel het aan alles wat God aan sy kinders kenbaar gemaak het...*
- *Die eintlike grond vir ons geloof aan die Skrifgesag is dus die selfgetuieis van die Skrif, maar die getuieis van die Heilige Gees is die middel om ons tot die geloof te beweeg.*
- *Hierdie getuieis is geen aparte stem wat tot ons kom buitekant die Woord om nie, maar dit kom uit en deur die Woord.*

- *Hierdie getuienis gee onmiddellike sekerheid en gaan nie langs die omweg van bewysvoering nie. Daarom het ons al die argumente en redeneringe, wat in die begin van hierdie artikel opgesom is, nie nodig nie as dit op die laaste grond van ons Skrifgeloof aankom.*

JD du Toit keer weer terug na die teenstander maar dié keer het hy 'n ander vraag. Dit is die vraag of Gereformeerdes die goeie reg het om die standpunt hierbo te handhaaf. Die teenstander is duidelik nie 'n Jehova-getuie nie, maar 'n modernis wat die gronde van die Gereformeerde geloof aanvat en die wetenskaplikheid daarvan betwyfel.

JD du Toit (1944:43) sê: *maar, sal die teëstander daarvan toevoeg: julle moet ons éérs die deuglikheid van die beginsel bewys wat julle as uitgangspunt (die feit dat die Bybel die Woord van God is en dat die Heilige Gees daarvan in die harte van gelowiges getuig) gekies het. Ons antwoord is: Nee. Elke wetenskap gaan uit van beginsels waaragter 'n mens nie kan teruggryp nie, wat nie bewys kan word nie. Sonder sulke beginsels, as punte van begin, is geen wetenskap moontlik nie. Waarom moet dan net vir die Godskennis 'n uitsondering gemaak word?*

JD du Toit is gou om by te voeg dat dit nie 'n saak van wetenskap versus geloof is nie maar geloof teenoor ongeloof. Hy wat JD du Toit (1944:43) is, is ten volle wetenskaplik. Die belangrikste is wat hy vervolgens sê: *Die outoriteit van die Skrif rus dan ook, soos alle beginsels, in sigself en is vir geen bewys vatbaar nie. Die Skrif moet geglo word op sigself. Dit is nie onwetenskaplik nie... Die verskillende wetenskappe het wel, volgens hul verskillende aard, verskillende soorte beginpunte en verskillende metodes waarvolgens gewerk word, maar in die grond van die saak is dit, soos Prof. Bavinck sê: die geloof aan die grondbeginsels is altyd mistiek van aard.*

#### **4.2.1.5.3 Die Skrif as enigste reël van ons geloof**

Daar word laastens gekyk na JP Jooste (1944:46) se hantering van die Bybel as die enigste maatstaf by die gelowige se (geloofs)lewe. Hierin sluit hy by JD du Toit (1944:44) aan wat sê-vra: *Waaroor gaan die gesag van die Skrif? Die gesag gaan oor alles... dat die verkondiging van die Evangelie totalitêr moet wees, d.w.s Jesus Christus roep ons in die Bybel op tot geloofsgehoorsaamheid op alle fronte van die lewe.*

Jooste begin deur te sê dat 'n redelike wese soos die mens sy lewe op 'n sekere maatstaf sal skoei. Sy daade sal duidelik wys dat dit volgens vasgestelde reëls beplan en uitgevoer is. Jooste noem die maatstaf 'n lewensreël want dit is 'n maatstaf waaraan die mens sy lewe meet en beplan. So 'n lewensreël het nodig geword ná die sondeval. Vóór dit het die mens met God se wet as ingeskape lewensreël geleef, net om dit toe te verloor. Die behoefte daarna het egter nie weggegaan nie. Dié dat gelowiges en ongelowiges vandag nog lewensreëls vaslê.

Met betrekking tot gelowiges en hulle lewensreëls: God het ná die sondeval geloof in die hart van die mens geplant deur die Heilige Gees. Met die geloof word die geestelike wêreld weer 'n werklikheid waardeur God as die

Soewereïn in die lewe van Sy kind geken word. Die geloof maak die sondige wêreld oop en word die anker vir die gelowige in sy lewe. Jooste (1944:46) gaan nou voort om die geloof as lewensreël te omskryf. Die lewensreël is iets waarin geglo, maar ook iets wat gedoen moet word. Verder moet die mens dit as gesaghebbend vir die hele lewe (geloof en alledaagse handel en wandel) erken. As gevolg van die sondeval is die mens se ingebore lewensreël egter vervals en moet daar hierteenoor die regte lewensreël gestel word, soos God Homself in die Bybel openbaar. Die sentrum van die openbaring is Christus. Só word die Bybel as lewensreël aanvaar vir wat geglo en gedoen moet word.

Die Bybel is die enigste suiwer lewensreël omdat God nie twee suiwere lewensreëls sal gee as een klaar voldoende is nie. Jooste (1944:48) verduidelik die gebruik van die Bybel as lewensreël met die volgende woorde: *Deur die Skrif te bestempel as 'n lewensreël wil ons nie beweer dat dit 'n handboek is vir die geskiedenis, aardrykskunde, natuurkunde, biologie ens. wat slegs geraadpleeg moet word oor al die probleme wat op verskillende terreine opduik nie. Die Skrif is gegee as leidraad vir ons geloof; maar die geloof sluit eenvoudig alles in – nie net die sielelewe nie, maar ook die liggaamlike... Die Skrif gee vir ons die oorsprong, die bestaansgrond en die doel van die dinge en daarin gee dit vir ons die diepste beginsels van kennis; dit is weer op sy beurt nodig as agtergrond vir God se verlossingswerk.*

#### **4.2.1.6 Bespreking**

**Vraag een:** *Werk die Betrokke Teoloë vanuit 'n Reidiaanse Foundationalist epistemologiese denkraamwerk met eerste beginsels as basisbeginsels?*

Ja en nee. Nee, die Betrokke Teoloë werk nie met 'n Reidiaanse Foundationalist epistemologie nie. Hier is ook niks te vinde van 'n optimistiese siening van die mens en sy vermoëns wat saam met so 'n Reidiaanse Foundationalist epistemologie gaan nie. Die Betrokke Teoloë werk wel met 'n Foundationalist epistemologie waarvan die basisbeginsels ook a-prioriese eerste beginsels is wat bloot geglo moet word, die waarheid van hulleself in hulleself dra, en nie op bewyse rus vir hulle regverdiging nie.

Die aksioma of basisbeginsel van die Gereformeerde teologie – *die Bybel is die Woord van God* – is begrond in sy eie getuïenis. Dit getuig aangaande sy eie waarheid soos JD du Toit (1944:43) dit stel: *Die eintlike “grond” vir ons geloof aan die Skrifgesag is dus die selfgetuïenis van die Skrif (vgl. punt 1), maar die getuïenis van die Heilige Gees is die “middel” om ons tot dié geloof te beweeg.* Met dié woorde kry die afskiet van die Godsbewyse en alternatiewe bewyse waarop die gesag van die Bybel rus, ook 'n ander kleur. Aanvanklik tref dit as 'n negatiewe houding jeens rasonale beredenerings en wetenskaplike bewyse, wat dit sekerlik is, maar word dit bykomend duidelik – die skrywers is besig om 'n fondasie te vestig wat op sy eie twee bene staan, die waarheid van homself in homself dra en op geen ander gronde rus vir bewyse of regverdiging nie.

Uiteindelik is dit dus nie die verstand of die wetenskap wat ons tot aanvaarding bring van die basisbeginsel wat gegrond is in sy selfgetuïenis nie maar geloof gewerk deur die Heilige Gees. Is dit nie onwetenskaplik nie? Vra

foundationalists nie na 'n onbetwyfelbare fondasie gegrond in self-evidente idees of idees wat evident vir die sintuie is nie? En is die Gereformeerde teologie nie daarom onwetenskaplik nie?

Nee, sal JD du Toit (1944:43) antwoord: *DIE GOEIE REG VAN ONS UITGANGSPUNT. Die teëstander sal aan ons sê dat ons uitgaan van 'n beginsel, nl. dat die Bybel die Woord van God is en dat die Heilige Gees daarvan in die harte van die gelowiges getuigenis gee; maar, sal die teëstander daarvan toevoeg: julle moet éérs die deuglikheid van die beginsel bewys wat julle as uitgangspunt gekies het. Ons antwoord is: Nee. Elke wetenskap gaan uit van beginsels waaragter 'n mens nie kan teruggryp nie, wat nie bewys kan word nie. Sonder sulke beginsels, as punte van begin, is geen wetenskap moontlik nie. Waarom moet dan net vir die Godskennis 'n uitsondering gemaak word? As die teëstander ons bevooroordeeld noem vanweë ons uitgangspunt, dan sê ons dat dit net so bevooroordeeld is om die Bybel aan te sien as 'n boek wat gelykstaan met ander boeke, terwyl dit tog self sê dat dit die Woord van God is. Dit is hier nie 'n saak van wetenskap en "geloof" nie, maar van geloof en "ongeloof" wat teenoor mekaar staan. Die outoriteit van die Skrif rus dan ook, soos alle beginsels, in sigself en is vir geen bewys vatbaar nie. Die Skrif moet geglo word om sigself. Dit is nie onwetenskaplik nie. "Die band van die siel aan die Skrif as die Woord van God lê agter die bewussyn en onder die bewyse; dit is mistiek van aard net soos die geloof aan die principia (beginsels) in die verskillende wetenskappe" (Bavinck Dogm. I, 634).*

Jooste (1944:48) bou verder mooi op die woorde van JD du Toit. Eerstens kry die geesdrywers wat beweer dat hulle nog direkte openbarings van God ontvang, die etiket van aanranders van die Bybel. Tweedens word die Bybel as fondasie betrek op 'n fondasie vir die geloof, maar: *daardie geloof sluit eenvoudig alles in – nie net die sielelewe nie, maar ook die liggaamlike... Die gelowige kan dus nie die een oomblik met Gods Woord in die hand sê: Ek glo in God die Vader, Skepper van die hemel en aarde" en die ander oomblik met 'n handboek oor biologie saam sê dat alles maar vanself uit een oerbron ontwikkel het nie... Die Skrif gee vir ons die oorsprong, die bestaansgrond en doel van dinge en daarin gee dit vir ons die diepste beginsels van kennis: dit is weer op sy beurt nodig as agtergrond vir God se verlossingswerk.*

**Vraag twee:** *Speel Godsbewyse en bewyse vir die Bybel as Woord van God 'n rol in die arbeid van die Betrokke Teoloë?*

Definitief nie. Godsbewyse word as waardeloos geag ten einde mense tot geloof te bring, die bewyse vir die Bybel as die Woord van God word verwerp en oor die algemeen word beide beskou as tekens van geloofinsinking.

**Vraag drie:** *Werk die Betrokke Teoloë vanuit 'n foutlose Bybel en 'n plenêre verbale inspirasieteorie?*

Nee en ja. Hulle staan 'n organiese inspirasieteorie voor maar beskryf dit in die lyn van 'n plenêre verbale inspirasieteorie; let wel, nie 'n meganistiese inspirasieteorie nie, waar die aandeel van die menslike skrywers onderspeel

word. Dit word opgevolg met 'n gepaardgaande foutlose beskouing van die Bybel. Lessing (1944:25) formuleer dit as volg: *Hierdie openbaring van God is sonder foute. Sy werk is volmaak. En die beskrywing van die openbaring was ook sonder foute. Die Heilige Gees het deur die inspirasie die foutloosheid van die openbaring en sy beskrywing gewaarborg. 'n Openbaring wat God suiwer gee, maar wat onsuiver ontvang en beskrywe word, sou nie aan Gods doel beantwoord nie. 'n Openbaring vol foute beteken vir ons niks. Die oorspronklike beskrywing van die openbaring was sonder foute. Maar ons besit vandag nie die oorspronklike geskrifte van die Bybelskrywers nie, en in die loop van die tye is die Bybel baie oorgeskrywe en ook vertaal deur feilbare mense. Nou kan die vraag met reg gestel word: Besit ons vandag nog 'n openbaring sonder foute? Dit is wel moontlik dat daar foute "kon" ingesluip het met die oorskrywe en vertaling; maar dit het materieel niks aan die inhoud van die openbaring verander nie. Die foute is o.a. by eiename en getalle. Ons besit vandag nog die onfeilbare Woord van God.*

S du Toit (1944b:38) sê ook: *Uit die dienskneggestalte volg egter nog nie dat in die Bybel foute voorkom nie, net so min as by Christus sonde aanwesig was. By nader bestudering verdwyn baie van die gewaande "teenstrydighede" en waar nog oorbly, hoop die gelowige ondersoeker van die Skrif dat nuwe ontdekkings en navorsings nog baie daarvan sal oplos, soos die opgrawings reeds in menige geval gedoen het.*

Uit bostaande aanhaling is dit duidelik dat die Betrokke Teoloë met 'n foutlose Bybel werk. Geisler (vergelyk Hoofstuk drie afdeling 3.3.4) kon net sowel die aanhaling by S du Toit gekry het. Die Goddelike karakter van die Bybel word hiermee ten koste van die menslike verhef.

'n Plenêre verbale inspirasieteorie duik op in die woorde van S du Toit (1944b:34) as hy sê: *Die inspirasie is nie beperk tot die skrywers alleen nie, maar strek hom ook uit oor die geskrewene en wel oor alles wat geskryf is, ook tot geskiedkundige, tydrekenskundige e.a. gegewens – ja selfs tot die enkele woorde toe. Ons spreek dus van volle of volledige inspirasie. Bewyse hiervoor kan ons uit die Skrif self put... In die Skrif is afdoende bewyse dat die inspirasie selfs betrekking het op woorde... hiermee word nie beweer dat elke woord en elke letter gelyke betekenis het nie.*

**Vraag vier:** *Oorbeklemtoon die Betrokke Teoloë die Goddelike karakter van die Bybel?*

Ja, definitief. Ek het 'n studie (vgl. Grønnum 2002) gedoen oor die konstruksie en verdiskontering van die sosio-historiese konteks in eksegeese. Wat daar na vore gekom het, is die feit dat die sosio-historiese konteks van die skrywers van die Bybel, of eerste lesers, nie tot hermeneutiese sleutel vir die verstaan van die Bybel verhef behoort te word nie. Wat egter ook uit die ondersoek na vore getree het, is die besondere moeite wat die Sosiaal-wetenskaplike benadering doen ten einde die sosio-historiese konteks van die skrywers en eerste lesers van die Bybel vas te stel. In vergelyking met die Sosiaal-wetenskaplike benadering toon die Betrokke Teoloë blote lippediens aan die menslike karakter van die Bybel. Daar kan in alle eerlikheid nie gesê word dat

die menslike karakter van die Bybel verdiskonteer word bloot deur te sê dat die Bybel organies saamgestel is nie. Ek het waarlik nie veel van 'n poging van die Betrokke Teoloë raakgelees waar daar enigsins riglyne gegee is vir die verdiskontering van die menslike karakter van die Bybel nie. Geen advies word gegee ten einde die sosio-historiese konteks vas te stel of te verreken nie. Dis maar iets wat blykbaar net gebeur. Die negering van die menslike karakter van die Bybel pas in elk geval mooi in by 'n foutlose Bybel en 'n plenêre verbale inspirasieteorie. As die Bybel foutloos is weens die feit dat dit woordeliks geïnspireer is, is dit in elk geval nie nodig om die politieke en kulturele konteks van Bybeltekste te konstrueer nie.

Die punt rakende die konteks van die eksegeet kan ook hier bygebring word. Selfs hier word bloot verstaan. Dit is ironies weens die feit dat dit indruis teen die Gereformeerde teoloë se eie beskouing by die verstaan van die Bybel. Lessing (1944:27) sê selfs: *Die gelowiges word nou verlig deur die Gees van God; maar dit mag nie gelykgestel word met die openbaring nie. Die openbaring was eenmalig, onfeilbaar en objektief. Omdat dit deur inspirasie geskied het. Verligting is relatief, subjektief en feilbaar omdat dit nie deur inspirasie geskied nie.*

Waar is die riglyne wat die subjektiewe verstaan van die Bybel kontroleer? Ek vind geen.

Dit is reeds vasgestel dat die Betrokke Teoloë nie die menslike karakter van die Bybel ontken of die feit dat die eksegeet die Bybel subjektief verstaan nie. Dit behoort dus duidelik te wees dat die subjektiwiteit van die eksegeet en die menslikheid van die skrywers van die Bybel wel 'n rol te speel het. Die wyse waarop die Betrokke Teoloë hiermee omgaan, het ongelukkig in die praktyk tot gevolg dat albei naïef verreken word.

In dié opsig kan mens sekerlik nie die Betrokke Teoloë kwalik neem dat hulle nie hulle teologiese standpunte uitgewerk het met die Post-moderniteit in gedagte nie. Hulle was teoloë wat die uitdagings van die Moderniteit die hoof moes bied en dit het hulle merkwaardig goed gedoen. Die feit dat hulle nie hulle eie standpunte so konsekwent deurtrek en toepas nie, behoort huidige Gereformeerde teoloë egter juis te motiveer om hierdie leemte te ondervang deur dit wel te doen.

**Vraag vyf:** *Verskraal die Betrokke Teoloë die rol van die Heilige Gees in sowel die vernuwing van die eksegeet se verstand as die verligting van die Bybel?*

Nee, definitief nie. Vergelyk Coetzee (1944:1) se hantering van die kennis van God. Hier word nie van blote empiriese kennis, of kennis wat deur 'n mens self ontdek is, of kennis wat deur wetenskaplike metodes verwerf is, gepraat nie. As Coetzee van kennis van God praat, is dit kennis wat God self gee aan mense nadat hulle Christus as middelaar ontmoet het. Van koue wetenskaplikes wat bloot die feite orden, is hier geen sprake nie.

**Vraag vyf:** *Wil die Betrokke Teoloë volgens die induktiewe metode feite uit die Bybel opdiep, sistematiseer en weergee? Word die selfopenbaring van God so tot studie-objek vervlak?*

Nee. Die teoloog luister na die Selfopenbaring van God. Dit is nie iets wat soos 'n kliniese wetenskaplike benader moet word nie.

Aan die een kant hou die Betrokke Teoloë nog 'n baie positiewe blik op die heilsaamheid van kennis. Duvenage (1944:7) sê byvoorbeeld: *Die vrug (wat geloofskennis onderskei van gewone kennis) is die ewige lewe. Vir ons klink dit vreemd dat kennis lewe is. Tog is dit nie so vreemd nie. Hoe uitgebreider die kennis is, hoe ryker is die lewe. Stel maar die lewe van 'n barbaar naas dié van 'n geleerde of van 'n kunstenaar, en dan kan ons dadelik merk dat die een se lewe baie ryker en voller is as die ander een s'n.* Hoe dit ook al sy - hier is ook duidelik die voorneme om vanaf die foutlose Bybel 'n stel geregverdigde beginsels af te lei wat van toepassing is op die hele lewe. Tog lyk dit nie asof hulle dit volgens die empiries-induktiewe metode wil doen nie. Dit is ook duidelik dat hulle as teoloë van die Heilige Gees God in geloof wil leer ken. Van objektiewe wetenskaplike ondersoekers is daar dus nie regtig sprake nie.

Na alles blyk dit dat die vraag negatief beantwoord moet word.

Die Betrokke Teoloë hoort duidelik tot die Moderniteit, maar is eweneens nie modernisties in die empiriese of rasonale sin nie. Verdere ondersoek blyk nodig te wees.

## **4.2.2 Algemene Kanoniek en Hermeneutiek**

### **4.2.2.1 Inleiding**

Die oud-professor verbonde aan die Teologiese Skool Potchefstroom, WJ Snyman, het ook 'n bydrae gelewer tot die Kosbare Goud met 'n artikel *Die Kerk*. 'n Dekade of wat later, in 1956, het hy sy eie diktate vir klasgebruik geskryf. Dit is die *Diktaat Tekskritiek* (1956a), *Diktaat Algemene Kanoniek van die Nuwe Testament* (1956b) en *Diktaat hermeneutiek van die Nuwe Testament* (1956c). In die drie diktate word 'n goeddeurdagte en welbelese opsomming gegee van 'n Gereformeerde beskouing van die Nuwe-Testamentiese wetenskap soos dit in die 1950's gegeld het. Vir ons doeleindes word die drie diktate hanteer onder *Snyman se Algemene Kanoniek* en *Snyman se Hermeneutiese vertrekpunte*.

### **4.2.2.2 Algemene Kanoniek**

Snyman (1956b:1) begin heel eerste met 'n formele deel of beginsel. Dit is die woord Kanon. Hy speur die betekenis van die woord na, van die Grieks na sy Semitiese wortels en lys dan die verskeie betekenisse soos in die geskiedenis aangetref:

- 'n Werktuig van riet (reguit) of 'n soortgelyke werktuig al is dit nie van riet nie.
- 'n Paslood (gebruik in die boubedryf) of lineaal wat inherent oor die konsep van onbuigsaamheid beskik.

- 'n Maatstaf wat tussen reg en verkeerd onderskei en gebruik word vir die evangelie, die woorde van Jesus of die Bybel.
- 'n Geestelike sowel as menslike model, soos 'n standbeeld waarin 'n beeldhouer die menslike vorm uitbeeld.
- Grondreëls vir filosowe en grammatici.
- Grondreëls vir die kerklike gebruik vanaf die tweede eeu waar die geformuleerde geloofsbelydenis of kerkleer en kerklike bepalings as norm van leer en lewe genoem word.
- Lyste, naamlik die offisiële opgaaf van kerklike materiaal, lysie van skriftuurplekke en lysie van geestelikes.

Vir die Bybel word die term vir die eerste keer in die vierde eeu gebruik in die Paasbrief van Athanasius. Snyman vra wat die Kerkvaders bedoel het met die gebruik van dié term vir die Bybel. Hy behandel kortliks die bekende akademikus Zahn. Zahn beskou die begrip kanon as 'n offisiële lys van kerklike materiaal. Kanon was dus 'n lys van boeke opsygesit vir aanbidding terwyl apokrief gedui het op boeke uitgesluit uit die aanbidding. Snyman beredeneer hierna die gebruik van die term en noem dat getuigenis vir sy standpunt skaars is en kom tot die volgende gevolgtrekking: *Al sou moet toegegee word dat as die Patres die woord gebruik, hulle nie juis die gesag van die boeke uitspreek nie, minstens die gedagte van gesag daar nie uit weggelaat kan word nie, want: a) dit is nie 'n gewone lys nie, maar 'n kerklike b) 'n lys, nie van gewone, maar van bepaalde, heilige boeke* (Snyman 1956b:1).

Na die bespreking van die term, beskryf Snyman (1956b:2) wat hy daaronder verstaan: *wat absolute gesag het sonder enige beperking ten opsigte van die kwantiteit (grootte) en kwaliteit (hoedanigheid en ekstensiteit). Dus meer as sedelike gesag. Sedewet eis gehoorsaamheid, kanon onderworpenheid.*

Tipies sy styl vra Snyman (1956b:2) eers of dit 'n geldige vertrekpunt is:

*Kan ons met so 'n begrip begin? Antwoord:*

- 1) *Elke wetenskap moet êrens begin. Daar is geen regressus in infinitum moontlik nie. Die volgende par. toon dat ons nog verder kan teruggaan, nl. tot God, maar ook dat met die Godsbegrip die kanonbegrip gegee is. Daarom begin ons met die kanonbegrip.*
- 2) *Die kanonbegrip soos aangegee is evident. Reeds gegee in die gevoel van die onvolkomenheid van die eie, en alle gesag. Ons kan nie dank sonder om absolute gesag te aanvaar, waaraan ons alle gesag, waarmee ons in aanraking kom, en betreklik is, te meet.*
- 3) *Soos alles wat evident is, is die kanongedagte nie maar 'n gedagte-ding nie. Dit is slegs 'n formulering van 'n gedagte wat in konkrete dinge hom aan ons opdring.*

Hierdie woord kanon dra reeds in sy gewone gebruik die betekenis van absolute gesag en word ook só in die Bybel as gesaghebbende reël gebruik. In dié opsig is dit dus heel geregverdig om die begrip op so 'n wyse aan te

wend. Nadat Snyman die Kanonbegrip bespreek, verklaar en sy gebruik daarvan verdedig het, koppel hy die Kanonbegrip aan die ingebore Godsbegrip (*semen religiones* of *sensus divinitatis*) van Calvyn. Die een is letterlik saam met die ander ingegee. Want, sê hy, as ons aan die een dink kan ons nie die ander vermy nie.

Net soos mense 'n inherente besef van God het, so kan hulle nie anders as om aan God te dink as die hoogste wetgewer nie, hier bedoelende die absolute maatstaf of Kanon (soos hy die woord gebruik). Snyman (1956b:2) voel só sterk hieroor dat hy sover gaan as om te sê dat: *as God nie Wet en Maat is van alle dinge, dan is Hy geen God meer nie*. God is Kanon – dit leer die Bybel ook. En deur te sê dat God Kanon is, beteken dit nie dat God net op sedelike gebied die septer swaai nie, maar die maatstaf vir elke gebied is.

As God Kanon is, is dit logies dat Hy Homself ook as Kanon sal handhaaf. Doen God dit nie, is Hy nie werklik Kanon nie; gesag is alleenlik gesag wanneer dit sigself handhaaf. Dit doen Hy deur Homself te openbaar in die besondere openbaring met absolute gesag. Nog iets wat vir Snyman vanuit die Kanonbegrip vloei, is dat 'n geskrewe kanon in die sondegevalle wêreld noodsaaklik is. So nie sou die openbaring van God, waarin Hy Homself as Kanon handhaaf, vervals geraak of verlore gegaan het.

Uiteindelik vat Snyman die lyne saam deur te sê dat God Homself as Kanon handhaaf deurdat Hy die Bybel laat skryf het. Die Bybelskrywers het die woorde en dade van God opgeskryf en só het die boeke self kanonieke boeke geword. Die rede hiervoor kan gevind word in die idee van kanon. Dit is dat God Homself in die wêreld sal handhaaf en omdat sy spreke in die natuur slegs ten dele of glad nie deur ons verstaan word nie, handhaaf Hy Homself deur sy openbaring te gee in die Bybel (Snyman 1956b:3).

Snyman begin dus by 'n ingebore Godsbegrip (die *sensus divinitatis* van Calvyn). Die Kanonbegrip loop hand aan hand met die ingebore Godsbegrip. As God werklik God is, sal Hy Homself met absolute gesag handhaaf. Dit behels dat God Homself handhaaf deur Homself te openbaar. Die openbaring is vervul in Christus en opgeskryf in die Bybel.

*Uit die Kanonbegrip volg dat dit nooit aan 'n mens kan toekom om uit te maak wat Kanoniek is nie. Hiermee verval die leer van die notae canonicitatis, waarna bepaal sou kon word wat al dan nie Kanoniek is nie... By kanon pas geloof en belydenis. Hoogstens kan a posteriori nagegaan word hoe die kanon idee in die Skrif gerealiseer is* (Snyman 1956b:3).

God is dus 'n almagtige absolute God wat regeer. Hy doen dit deur Homself bekend te maak in die Bybel. As God regeer deur die Bybel en as dit die middel is waardeur Hy Homself openbaar, kan 'n mens nie daarvoor 'n oordeel fel of besluit wat Goddelik is en wat nie goddelik is nie.

In dié opsig verdien drie *notae* vermelding.

- *Apostoliese outeurskap as nota canonicitatis.*

Dit is duidelik dat geskrifte in die Nuwe Testament nie almal van Apostels afkomstig is nie. *Die kanon moet dus gerek word met: òf 'n Apostelleerling. 'n Rekbare kanon is geen kanon meer nie.* Tweedens maak so 'n *nota* die kanon afhanklik van die wisselvallige bevindinge van geskiedkundige ondersoeke, dit kan nie - *'n onsekere kanon is geen kanon meer nie* (Snyman 1956b:4).

- *Die geloof as nota canonicitatis.*

Snyman betrek hier die ervaringsteologie, maar ook Luther wat glo dat 'n Bybelboek alleen kanoniek is omdat dit Christus verkondig. *Die Skrif is egter nie kanon omdat ons dit glo nie, maar ons glo in die Skrif omdat dit kanon is. Die geloof bepaal nie wat kanon is nie, maar die kanon wat geglo moet word* (Snyman 1956b:5).

- *Die Testimonium Spiritus Sancti as nota Canonicitatis*

Snyman haal die NGB art 5 hier aan wat sê dat ons in die Bybel as Woord van God glo, nie omdat die Kerk so sê nie, maar die Heilige Gees daarvan in ons harte getuig. Dit beteken egter nie dat die Heilige Gees 'n *nota Canonicitatis* kan wees nie want die Heilige Gees werk nooit buite die Bybel om nie. Ons kan dus nie met die Heilige Gees die Bybel beoordeel nie. Snyman (1956b:5) sê: *Die Heilige Gees het die Heilige Skrif gegee. Dit is sy kanoniteit. Die Heilige Gees open ook ons oë om dit te sien en te bely. Die Testamonium Spiritus Sancti bring slegs tot gelowige erkenning van die Kanon, en is nie 'n maatstaf waardeur ons kan uitmaak of 'n boek kanoniek is nie.*

Hierdie *notae canonicitatis* is vir Snyman ongeldig. Dit maak die Bybel as kanon se gesag afhanklik van iets buite die Bybel self. In effek rus die gesag van die Bybel as Woord van God dan nie meer in homself nie maar is dit op losse skroewe – iets wat Snyman hom nie eens wil begin indink nie. Hierteenoor word gestel dat die Bybel self aanspraak maak op sy eie gesag. Maar kan die aanspraak só aanvaar word? Hierdie vraag dui op die taak van die Algemene Kanoniek van die Nuwe Testament as wetenskap. Dit is dat die Algemene Kanoniek vanuit die Nuwe Testament en die geskiedenis die idee dat die Nuwe Testament die Kanon is, wil bevorder.

Dit doen hy óók – vanuit die geskiedenis en die Nuwe Testament. Hy weerlê en beredeneer elke punt van die Ou Testament af tot en met die Kerkvaders met eietydse denkers wat van 'n ander standpunt oortuig is. Uiteindelik is sy punt gestaaf: Kanon is absolute gesag sonder enige beperking ten opsigte van die kwantiteit (grootte) en kwaliteit (hoedanigheid en ekstensiteit). Hierdie kanonbegrip is saam met die Godsbegrip ingebore en daarom *self-evident*. Vanuit die Kanonbegrip vloei dit dat God Homself as Kanon sal handhaaf, dit bring ons by die Bybel. God se Bybel is ook kanon, daarvan oortuig alleen die Heilige Gees die mens; die spore daarvan is egter ook in die geskiedenis te vind. Hier is dus 'n vaste fondasie geskoei op geloof (Snyman 1956b:27).

#### 4.2.2.3 Hermeneutiese vertrekpunte

Snyman (1956c:4) begin, na 'n bespreking oor taal, met die besondere karakter van die Nuwe Testament. Hy stel dit soos volg: *Ons gaan uit van die standpunt dat die Nuwe Testament 'n eie karakter het, en sluit daarmee aan by die selfgetuigenis van die Nuwe Testament. Dit is 'n saak van die geloof, wat die Heilige Gees in die harte werk, en kan nie wetenskaplik bewys word nie... Ons glo dat die Heilige Skrif die onfeilbare Woord van God is in sy geheel en in elke onderdeel.*

Hierdie aanhaling is belangrik in dié sin dat ons weereens die klem vind op eerstens die geloof en die Heilige Gees, tweedens die selfgetuigenis van die Bybel wat onlosmaaklik daarmee saamgaan, en derdens 'n vermelding rakende die onfeilbare Woord van God, geïnspireer in sy geheel en elke onderdeel.

Aangesien voorstanders van 'n foutlose Bybel glo dat die outograwe foutloos was en die afskrifte daarvan onfeilbaar is, asook dat die plenêre verbale inspirasieteorie hou dat die geheel en elke onderdeel die geïnspireerde Woord is, is dit waarskynlik dat Snyman nie wegbeweeg het van die meningsuitgespreek deur Lessing en S du Toit nie.

Wat verder veral opmerklik is van die denke van Snyman, is die feit dat hy baie begaan is oor die wetenskaplikheid van sy arbeid en of die vak Nuwe Testament soos hy dit beoefen, die toets van die wetenskaplike wêreld sal deurstaan. Hy begin dus onmiddellik, na die bespreking en aanhaling van verskeie teksgedeeltes rondom die gesag van die Bybel, met die *Wetenskap en die Nuwe Testament* (paragraaf 10).

Snyman (1956c:4) begin hierna die saak in alle erns beredeneer. So vra hy hom af of dit wetenskaplik is om met 'n a-prioriese vertrekpunt te begin waar sekere bevindinge vasstaan terwyl ander uitgesluit word. Dan sê hy: *Die idee van onbevooroordeelde wetenskap word nie meer algemeen aanvaar nie. Meer en meer word ingesien dat alle beoefening van wetenskap uitgaan van sekere beginsels, al is die ondersoeker hom nie altyd daarvan bewus nie. Dit gaan nie net om feite versameling nie, maar ook om rangskikking en beoordeling daarvan. Selfs die versameling van feite is nie vry van vooroordeel nie.*

Nou dié vrae:

- *Is ons uitgangspunt wetenskaplik toelaatbaar? Is dit nie beter om die Nuwe Testament te hou vir 'n gewone boek tot die teëdeel bewys word nie?*

Hierop antwoord Snyman dat die persoon wat die Bybel as gewone boek beskou, 'n eie voorafingenome standpunt inneem en dat die standpunt die moontlikheid uitsluit dat die Bybel wel openbaring van God is. 'n Tussenstandpunt help in dié opsig nie veel nie. Daarteenoor is dit veel beter om iemand of iets op sy eie woord te neem. Hierin wil die Gereformeerde

Skrifbeskouing die Bybel op sy woord neem aangaande die selfgetuigenis van eie gesag (Snyman 1956c:5).

- *Is wetenskap hier nog moontlik?*

*Eerste bedenking:*

Die uitgangspunt dat die Bybel die Woord van God is, sluit sekere bevindinge uit (soos dat sekere teksgedeeltes mites en legendes kan wees). Sluit dit hiermee wetenskapsbeoefening uit? Snyman wys onmiddellik dat die teenoorgestelde standpunt naamlik dat die Bybel nie die Woord van God is nie, ook sekere resultate uitsluit, byvoorbeeld dat wonders moontlik is. Dan sê hy: *Elke beginsel bepaal dat ons tot sekere resultate moet kom, en sluit ander uit.* Snyman konkludeer hiermee dat wetenskaplike ondersoek van die Bybel ten volle geregverdig is. Die Bybel leen hom tot wetenskaplike ondersoek omdat dit God se Woord in mensetaal is en uitlegbaar is. Die Bybel verdra en vra ondersoek in die geloof.

*'n Tweede bedenking:*

*Dié wetenskap wil waarheid. Die beginsel, naamlik die Skrif is die Woord van God sê dit is waar, en sluit daarmee kritiek en só wetenskap uit.* Hierop reageer Snyman deur eerstens te sê dat die wetenskap nie die waarheid van die voorwerp van die ondersoek bestudeer nie. Natuurwetenskaplikes stel nie vas of dit wat hulle bestudeer, bestaan nie, maar ondersoek die aard en werking daarvan. So ook die eksegeese. Tweedens gee die Bybel waarheid weer, maar nie só dat dit net so oop voor die eksegeet lê nie. Die eksegeet moet die waarheid tussen deur die profesieë, gelykenisse en spreuke vasstel en die normatiewe van die historiese onderskei. Só is dit ook by ander wetenskappe. Regsgeleerdes maak nie nuwe wette nie maar bestudeer bestaande wette.

Vervolgens maak Snyman 'n belangrike stelling: *Elke wetenskap begin met geloof. Wat die geloof A Priori aanvaar hang af van die Objek. Dit kan insluit die bestaan, maar ook die karakter van die objek. Dit kan dus nie onwetenskaplik heet om uit te gaan van die beginsel, die Skrif is die Woord van God nie. Dit sluit wetenskap ook nie uit nie, want fides quaerit intellectum. Juis die geloof dat die Skrif die Woord van God is, noop daartoe om dit ernstig en ook wetenskaplik te ondersoek* (Snyman 1956c:5).

Uit die standpunt van 'n besondere karakter volg dit dat die Bybel op 'n eiesoortige manier ondersoek en verklaar moet word. Die eiesoortige manier behels dat die eksegeet daarna sal streef om die Skrif te hoor en vas te stel wat God daarin openbaar. Dit vra na 'n empiries-deduktiewe metode van Bybelverklaring, waar eie gedagtes, asook 'n sistemativering van Skrifgedagtes, nie inpas nie (Snyman 1956c:6).

Snyman lys hierna die sake waarin die eie karakter van die Bybel uitkom:

- *Die taal*

Die openbaring van God kom van God maar in menslike taal. Hierdie is egter nie gewone taal wat presies dieselfde is as ander tale nie. Die Bybelse taal

vorm 'n openbaringstaalkring waarin eie voorstellings en begrippe voorkom. Hierdie openbaringstaalkring sny deur die nasionale tale in die Bybelse tyd maar ook deur die tale waarin die Bybel vandag vertaal word. Snyman blyk hier 'n gedagte-wêreld aan taal te koppel wanneer hy verder sê dat hoewel die Israeliete Egipties geken het, hulle nie tuis kon voel in die *Gods vyandige gedagte-wêreld van Mitsraun nie* (vergelyk Psalm 114:1). Hulle, die Israeliete, het dus hulle eie taalkring gehad wat 'n gedagte-wêreld ingesluit het.

Kenmerke van so 'n eie taalkring is om oor eie woorde te beskik en om eie betekenis aan bestaande woorde te gee. So verskil die Bybelse gebruik van sekere woorde in die Grieks van hoe die Grieke dit self gebruik, maar dit is nie die hoofsaak nie. Belangrikste is dat God Hom in Christus uit die hemel geopenbaar het. Dit het op sy beurt nuwe gedagtes, ander sinne, woordverbindings en ander bewysvoerings tot gevolg gehad. Hierdie veranderde betekenis val egter nie klaar gereed uit die hemel nie – dit beweeg in die lyn van die geskiedenis. Snyman (1956c:7) sê: *Daarom moet ons erns maak met die Openbaringsbetekenis van die woorde, en staande hou dat ons in die Nuwe Testament 'n besondere taal het. Maar dan taal in 'n hoë sin, nie as versameling van woorde nie, maar as verbinding van gedagtes* (Snyman 1956c:6).

- *Die vorm*

Die vorm waarin die Nuwe-Testamentiese openbaring ontvang is, is van die allergrootste belang vir Snyman. Hy sien die Bybel as boeke, nie pasklaar uit die hemel nie, maar ingegee in verskillende tye, omstandighede, kultuurgebruike en geskiedkundige tydperke. Ook die skrywers se persoonlikheid, taal, styl en lewensomstandighede het verskil en is nie opgehef in God se selfopenbaring aan die mens nie. Nie die geskiedenis of die skrywer se agtergrond behoort hier negeer te word of 'n tweederangse plek in te neem nie. Snyman waarsku veral teen dié wat teoreties tussen die *wondere twee-eenheid* wil onderskei. Dit mag nie (Snyman 1956c:7).

- *Die waarheid*

Die Nuwe Testament is waar omdat dit die openbaring van God is. Dit beteken dat die feite wat daarin beskryf word, waar is soos geskryf en dat die gebooie goed en juis is, en geld vir alle mense. Hierna tref Snyman 'n onderskeid tussen teksgedeeltes wat histories en ander wat normatief waar is. Hierna voeg Snyman (1956c:9) onmiddellik by: *Nietemin is wat die Skrif meedeel waar, en daaraan mag die eksegete deur kritiek nie raak nie.*

- *Eenheid van die Nuwe Testament*

In samehang met die vorm kom die wonderbaarlike eenheid van die Nuwe Testament ook na vore. Nadat dit deur verskillende skrywers oor verskillende tye en landsgrense heen geskryf is, vorm die inhoud 'n merkwaardige geheel. Hierdie eenheid word gevorm deurdat die Heilige Gees dit geïnspireer het, dat dit van Christus getuig maar ook die werk van Christus is en omdat God in Christus praat (Snyman 1956b:9).

Vanuit die vorm vloei die eise wat dit stel aan die verklaring van die Nuwe Testament. Waar enige wetenskaplike die Bybel onder hande kan neem en

probeer verklaar, is die verliggende werk van die Heilige Gees nodig ten einde 'n ware interpretasie te gee, of soos Snyman (1956b:10) dit heel treffend stel: *Die beoefening van wetenskap as sulks is verstandswerk en geen vrug van bekering nie. En van Christelike wetenskap? Goed eksegetiseer is nie 'n vrug van ware geloof nie. Maar om nie daar onsin in te sien nie, is verligting nodig.*

Ná alles bly die Heilige Gees self die eerste verklaarder van die Bybel. Verklaring van die Bybel, volgens dié standpunt, rus nie in die hande van kerke of mense nie maar sentreer in die Heilige Gees as persoon wat Homself in die Bybel verklaar. Dit beteken dat die Bybel self die norm is van 'n korrekte uitlegging. Die twee standpunte loop dus hand aan hand. Die een, die verliggende werk van die Heilige Gees in die hart van die gelowige wat saam met die ander, die Heilige Gees wat Homself verklaar in die Bybel, loop. Hierdie is ook bekend as die *Scriptura sui ipsius interpres* en die *analogia Sacrae Scripturae* – beginsels.

#### 4.2.2.4 Bespreking

**Vraag een:** *Werk Snyman vanuit 'n Reidiaanse Foundationalist epistemologiese denkraamwerk met eerste beginsels as basisbeginsels?*

Weereens ja en nee. Snyman werk nie met 'n Reidiaanse Foundationalist epistemologiese denkraamwerk nie. Hier is nie veel van die vertroue in die mens se vermoë om deur die verstand en die empiriese wetenskappe tot die waarheid aangaande God te kom nie. Snyman werk wel met 'n Foundationalist epistemologiese denkraamwerk. Sy basisbeginsels begin by die a-prioriese standpunt dat die Godsbesef ingebore is en daarmee saam die Kanonbegrip. Uit die Kanonbegrip kom dit na vore dat die Bybel die Woord van God is. Hierdie beginsels kan nie bewys word nie.

Hier dus dieselfde aksioma – die Bybel is die Woord van God. Die aksioma rus nie op *notae canonicitatis* (nie eens die Heilige Gees nie), godsbewyse of enige ander rasoneel-empiriese gronde nie. Dit staan op sy eie twee bene, dra die waarheid van homself in homself en aanvaarding daarvan berus streng op geloof. Hier is dus 'n foundationalist epistemologiese denkraamwerk in die lyn van Reid wat ook met 'n stel a-prioriese eerste beginsels as aksiomas begin. Dit het egter nie dieselfde inhoud as dié van Reid nie.

**Vraag twee:** *Speel Godsbewyse en bewyse vir die Bybel as Woord van God 'n rol in Snyman se arbeid?*

Definitief nie. Godsbewyse word as waardeloos geag ten einde mense tot geloof te bring; die bewyse vir die Bybel as die Woord van God word verwerp. Aan die een kant weens die feit dat Snyman nie die mens se verstand of die wetenskap vertrou ten einde God of die Bybel as Woord van God te bewys nie, aan die ander kant weens die feit dat nie God of sy Woord van bewyse mag afhang nie. Dit is die basisbeginsels waarvan Snyman werk wat op hulle eie bene staan. Die rede waarom Snyman Godsbewyse en bewyse vir die Bybel as die Woord van God afskiet, het dus betrekking op meer as net 'n wantroue in die menslike verstand en die wetenskap.

**Vraag Drie:** *Werk Snyman vanuit 'n foutlose Bybel en 'n plenêre verbale inspirasieteorie?*

Nee en ja. Snyman (1956a:17) staan ook 'n organiese inspirasieteorie voor, maar dan sê hy: *Waar ten slotte dit bykom dat daardie besondere wyse waarop die NT ontstaan het wel onjuisthede in die afskrifte aanvaar kan word maar nie in die oorspronklike nie.* Dit wil dus lyk asof Snyman (1956c:4) dieselfde standpunt inneem as die teoloë van die *Kosbare Goud*, ook met betrekking tot 'n plenêre verbale inspirasieteorie – veral as hy sê: *Ons glo dat die Heilige Skrif die onfeilbare Woord van God is in sy geheel en in elke onderdeel.* Snyman is egter baie minder geneig om die foutlose Bybel in soveel woorde uit te druk en gee gevolglik ook baie meer erkenning aan die menslike karakter van die Bybel.

**Vraag Vier:** *Oorbeklemtoon Snyman die Goddelike karakter van die Bybel?*

Ja, definitief. Snyman (1956c:26) se weergawe van sy organiese beskouing van die totstandkoming van die Bybel word soos volg geformuleer: *Die inspirasie is organies, die Woord van God het deur die Oosterse sielelewe gegaan maar het die Woord van God gebly.* Net dan wanneer mens verwag dat hy meer aandag sal gee aan die konteks van die eerste lesers of selfs die “Oosterse sielelewe” van die skrywer, sê hy weer: *Hier is historiese besware: Die lesers van die algemene sendbriewe en van die evangelies is onbekend. Dit is genoeg vir ons om te weet dat alle mense uit een bloede ontstaan het. Dat die mens geskape is na die beeld van God, en waargeneem en gedink het soos ons. Die bykomende uit geskrifte van 'n ver verlede sal selde van die aard wees, dat die verstaan van die geskrifte daardeur vergemaklik sal word* (Snyman 1956c:32).

Met die konteks van die skrywers is daar min erns – *Dit is genoeg vir ons om te weet dat alle mense uit een bloede ontstaan het.* Hy sê egter nie dat ander geskrifte as die Bybel *nooit* die verstaan van die Bybel sal vergemaklik nie. Versigtig sê hy: “sal selde ...”. Hier is dieselfde probleme as met die skrywers van die *Kosbare Goud*. Dit is nie genoeg om blote lippediens te lewer aan die menslike karakter van die Bybel net om dan te sê dat alle mense *uit een bloede ontstaan het* nie. Die skrywers van die Bybel en die eerste lesers het nie gedink soos ons nie! Dit sal 'n baie naïewe geloofsprong vra om te reken dat mense wat in 'n pre-industriële, pre-moderne klassieke era met 'n Aristoteliaanse kosmologie en gevolglike plat aarde geleef het, gedink het soos ons. In dié opsig word die subjektiwiteit van die eksegeet nie eens te berde gebring nie.

**Vraag Vyf:** *Verskraal Snyman die rol van die Heilige Gees in beide die vernuwing van die eksegeet se verstand en die verligting van die boodskap in die Skrif?*

Nee, definitief nie. Die rol van die Heilige Gees en geloof is in Snyman se aksiomas ingebou. Sonder die Heilige Gees en sonder geloof bly daar niks oor van Snyman se hele epistemologie nie.

**Vraag Ses:** *Wil Snyman geregverdigde beginsels vanaf basisbeginsels volgens die empiries-induktiewe metode vasstel wat die ondersoeker 'n objektiewe waarnemer en sistematiseerder van feite maak?*

Nee. Verbasend genoeg (vir hulle tyd) wil nie Snyman of die teoloë van die *Kosbare Goud* objektiewe of neutrale feiteversamelaars wees nie. Mens kry die idee dat objektiwiteit en neutraliteit juis dit is waarteen hulle stry. Hulle maak juis van subjektiwiteit – die feit dat elkeen eie basisbeginsels het vanwaar af hulle werk – 'n sterkpunt en bastion in die teologie. Subjektiwiteit gee hulle ruimte om te opereer.

### **4.3 Evaluering**

Na 'n ondersoek na sentrale begrippe, teorie en denkers van die Moderniteit en Grenz *et al.* se beskouing van 'n fundamentalistiese denkmiddel, asook 'n bestudering van Gereformeerde teoloë wat verbonde was aan die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika in die tyd van die digter en teoloog JD du Toit, is die gevolgtrekking onseker. Die Betrokke Teoloë werk aan die een kant duidelik met 'n Foundationalist epistemologiese denkraamwerk gegrond in a-prioriese basisbeginsels. Die Goddelike karakter van die Bybel word oorbeklemtoon en hulle werk vanuit 'n foutlose Bybel met 'n organiese inspirasieteorie in die vorm van 'n plenêre verbale inspirasieteorie. MAAR hulle is nie empiriese wetenskaplikes wat volgens die induktiewe metode op neutrale wyse feitestellings uit die Bybel aflei nie. Die godsbewyse is waardeloos, so ook menslike bewyse vir die gesag van die Bybel, en hoewel mens die idee kry dat hulle dit juis afskiet om hulle aksiomas te verstewig, is hulle glad nie geneë met 'n neutrale empiriese ontrafeling van God gebaseer op bewyse nie.

Voorlopig kan ons sê dat die Betrokke Teoloë nie volgens Grenz *et al.* se maatstawwe as fundamentalistiese teoloë geklassifiseer kan word nie – veral nie in 'n Reidiaans-empiriese sin nie.

In Hoofstuk vyf bespreek ek bostaande bevindinge, asook die bevindinge verkry in voorafgaande hoofstukke, om sodoende te kan antwoord op die probleemstelling soos verwoord in Hoofstuk een.

# HOOFSTUK 5

## 'n Bydrae tot die huidige gesprek

### Oorsig:

#### 5.1 Inleiding

#### 5.2 Opsommend

##### 5.2.1 Inleiding

##### 5.2.2 Hoofstuk Twee

##### 5.2.3 Hoofstuk Drie

##### 5.2.4 Hoofstuk Vier

##### 5.2.5 Samevatting

#### 5.3 'n Kuyperiaanse Foundationalism

##### 5.3.1 Inleiding

##### 5.3.2 Geloof en wetenskap

##### 5.3.3 Kuyper en Reid

##### 5.3.4 Samevatting

#### 5.4 Die bydrae van die studie

##### 5.4.1 Vraag Een

##### 5.4.2 Vraag Twee

##### 5.4.3 Vraag Drie

##### 5.4.4 Vraag Vier

### 5.1 Inleiding

Ek het in Hoofstuk een die fokus en doel van die studie soos volg geformuleer:

*Die studie fokus op die vraag of 'n seleksie van steeds gesaghebbende teoloë wat verbonde was aan Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, teologie beoefen het aan die hand van 'n fundamentalistiese denkmodel – gemeet aan die beskouing van Stanley Grenz en ander enersdenkende post-konserwatiewe en post-liberale teoloë. Die doel met dié fokus is om by te dra tot die gesprek rondom die invloed van die fundamentalisme op die Gereformeerde teologie. Die bydrae van die studie kan verdere gesprek stimuleer met die oog op Gereformeerde teoloë se roeping om die Evangelie steeds relevant in 'n Post-moderne tydsges te verkondig.*

Hoofstuk vyf het die doel om 'n bydrae te lewer tot die gesprek rondom die invloed van die fundamentalisme op Gereformeerde teologie nadat die bevindinge van die voorafgaande hoofstukke verreken is. Ek wil graag die

bydrae maak deur eerstens 'n opsomming van die bevindinge van die voorafgaande hoofstukke te gee, tweedens stil te staan by 'n vergelyking wat die bekende Nederlandse filosoof, René van Woudenberg, tref tussen Abraham Kuyper en Thomas Reid en daarna my bydrae te verwoord.

## **5.2 Opsommend**

### **5.2.1 Inleiding**

In die lig van post-konserwatiewe en post-liberale teoloë soos Brian McLaren en Stanley Grenz se reaksie op die fundamentalisme, asook Nico Vorster (2004:603) se waarskuwing in dié verband, blyk dit dat teoloë wat vanuit 'n fundamentalistiese denkmiddel teologie beoefen 'n steil Post-moderne bult in die gesig staar. Dit is kommerwekkend, weens die feit dat teoloë verbonde aan die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die verlede van fundamentalistiese teologiebeoefening beskuldig is.

Ek wou vasstel of 'n seleksie van steeds gesagvolle teoloë verbonde aan die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika vanuit 'n fundamentalistiese denkmiddel, soos beskryf deur post-konserwatiewe en post-liberale teoloë soos Stanley Grenz *et al.*, teologie beoefen.

Grenz *et al.* vind die ontstaan van 'n fundamentalistiese denkmiddel by 'n aantal Presbiteriaanse teoloë verbonde aan ou-Princeton, wat in hulle stryd teen die impak van die Moderniteit op die teologie, ironies genoeg, onder die invloed van die einste Moderniteit gekom het.

### **5.2.2 Hoofstuk Twee**

Die fundamentalistiese denkmiddel wat die grondslag van die teologiese arbeid van die Princeton-teoloë vorm, struktureer kennis volgens 'n Foundationalist epistemologiese denkraamwerk met die invloed van René Descartes en John Locke daarop duidelik sigbaar. Sentrale begrippe, teorieë en figure wat prominent in die Moderniteit was, is gevolglik belangrik vir die verstaan van 'n fundamentalistiese denkmiddel. Hoofstuk Twee het as agtergrondinligting tot die verstaan van so 'n fundamentalistiese denkmiddel gedien.

Die aanvangstyd van die Moderniteit is gekenmerk deur 'n intense belangstelling in vrae van 'n epistemologiese aard. Die epistemologiese denkraamwerk, genaamd Foundationalism, sou ongetwyfeld sy stempel op die tydperk afdruk. Depaul het 'n baie breë beskrywing voorsien waarvolgens basisbeginsels beginsels is wat geregverdig is, maar nie van ander beginsels afhang vir hulle regverdiging nie. DeWeese en Moreland het 'n strenger weergawe van Foundationalism beskryf, naamlik Klassieke Foundationalism waarvan die basisbeginsels onbetwyfelbaar moes wees. 'n Basisbeginsel is onbetwyfelbaar as dit self-evident vir die verstand is, 'n nie-korrigeerbare stelling is of evident vir die sintuie is.

Die Rasionalis en vader van die Moderniteit, René Descartes, het na 'n onbetwyfelbare denksisteem gestreef waarmee almal kon saamstem en wat die rigtinggewende en samebindende rol van die Rooms-Katolieke Kerk kon oorneem. Die Euklidiese meetkunde met sy Foundationalist epistemologiese

denkraamwerk met sy self-evidente aksiomas waarvan stellings deur middel van deduksie afgelei is, het Descartes goed te pas gekom. Dit het daartoe gelei dat Descartes vanaf sy onbetwyfelbare self-evidente aksioma, die *cogito* (ek dink, ek is), 'n rasioneel-deduktiewe denksisteem vir Europa daargestel het.

Die Empirisis, John Locke, het self vanuit 'n Foundationalist denkraamwerk gearbei met onbetwyfelbare basisbeginsels van sy eie. Locke se basisbeginsels was idees wat evident vir die sintuie is. Die verstand was *tabula rasa* by geboorte en alle kennis is aanvanklik deur die eksterne sintuie opgedoen. Die verdere uitwerking van Locke se denke het tot 'n empiries-rasionele denksisteem gelei waar sowel empiries-induktiewe as rasioneel-deduktiewe kennis verreken is. Die klem was egter op induksie, empiriese waarneming en die eksterne sintuie as primêre bron van kennis.

Ten laaste moet die opmerking gemaak word dat sowel Descartes as Locke idee-filosowe was in dié sin dat hulle die idees in die mens se verstand as vertrekpunt geneem het. Die mens is só in die sentrum geplaas.

### 5.2.3 Hoofstuk Drie

Hoofstuk drie het dit ten doel gehad om 'n fundamentalistiese denkmodel soos beskou deur post-konserwatiewe en post-liberale teoloë soos Stanley Grenz *et al.*, te beskryf. Ek het in die poging veral stilgestaan by Murphy (1996), Harris (1998), Grenz (2006) en Grenz en Franke (2001).

Ek het begin deur eerste 'n kort beskrywing van die historiese omstandighede te verskaf wat aanleiding gegee het tot die denke van die Princeton-teoloë. Dit het in die kort beskrywing duidelik geword dat die Princeton-teoloë in 'n stryd gewikkel was teen liberale teoloë, of moderniste, wat die teologie wou omvorm om by die heersende denke van die Moderniteit aan te pas. Dit maak dit daarom soveel meer ironies dat die Princeton-teoloë in hulle stryd teen die Moderniteit juis ingekoop het op sentrale konsepte en idees van die tydperk.

Daarna het ek by Murphy begin wat glo dat teologiese arbeid altyd beïnvloed sal word deur die heersende filosofiese idees en konsepte van die dag; so nie, sal teoloë nie sin maak vir die mense van die tyd nie. Om aan te toon dat die Moderniteit die Princeton-teoloë beïnvloed het, staan Murphy primêr stil by 'n Foundationalist epistemologiese denkraamwerk. Die epistemologiese denkraamwerk wat glo eerste deur die vader van die Moderniteit, René Descartes, in die dae na die Middeleeue gebruik is, is ook lateraan oorgeneem deur die Princeton-teoloë. As Murphy dit kan aantoon, slaag sy in haar doel, naamlik om te wys dat die Princeton-teoloë op die mees basiese epistemologiese vlak ingekoop het op die Moderniteit.

Ten einde die stelling te staaf, moet sy aantoon dat die Princeton-teoloë ook van 'n Foundationalist epistemologiese denkraamwerk gebruik gemaak het. Sy begin by Descartes wat vanaf onbetwyfelbare self-evidente basisbeginsels gewerk het en op sy beurt die denke van Locke beïnvloed het. Locke het sy eie stempel op 'n Foundationalist epistemologiese denkraamwerk afgedruk met sy Empirisme. Hume het daarna die denke van Locke een stap verder

geneem en verval in skeptisisme. Reid het hierop gereageer en met 'n stel eerste beginsels wat onbetwyfelbare self-evidente basisbeginsels was, vorendag gekom. Die Princeton-teoloë het ingekoop op die idees van Reid en sodoende ook vanuit 'n Foundationalist epistemologiese denkraamwerk gewerk. Sodoende toon Murphy dat die Princeton-teoloë beïnvloed is deur die Moderniteit.

'n Fundamentalistiese denkmodel het dus 'n Foundationalist epistemologiese denkraamwerk met onbetwyfelbare basisbeginsels. Die Foundationalism van Descartes, verder gekleur deur Locke en Reid, gee ook nou aanleiding tot die feit dat die Princeton-teoloë met 'n foutlose Bybel as empiriese wetenskaplikes volgens induksie wil werk om sodoende teologiese feite uit die Bybelteks op te diep.

Nadat die invloed van die Moderniteit op die Princeton-teoloë beskryf is, is die volgende vrae as merkers van 'n fundamentalistiese denkmodel vasgestel:

- Werk Gereformeerde teoloë vanuit 'n Reidiaanse Foundationalist epistemologiese denkraamwerk met eerste beginsels as basisbeginsels?
- Speel Godsbewyse en bewyse vir die Bybel as Woord van God 'n rol in die arbeid van Gereformeerde teoloë?
- Werk Gereformeerde teoloë vanuit 'n foutlose Bybel en 'n plenêre verbale inspirasieteorie?
- Oorbeklemtoon Gereformeerde teoloë die Goddelike karakter van die Bybel?
- Verskraal Gereformeerde teoloë die rol van die Heilige Gees in beide die vernuwing van die eksegeet se verstand en die verligting van die Bybel?
- Wil Gereformeerde teoloë volgens die induktiewe metode feite uit die Bybel opdiep, sistematiseer en weergee? Word die selfopenbaring van God so tot studie-objek vervlak?

#### **5.2.4 Hoofstuk Vier**

Hoofstuk vier het 'n seleksie van teoloë gemaak wat verbonde was aan die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en steeds as gesaghebbend beskou word. Dit was teoloë uit die dae van die digter en teoloog, JD du Toit.

Nadat die arbeid van die Betrokke Teoloë nagevors en uiteengesit is, kan die bevindinge as volg weergegee word:

*Ná 'n ondersoek na sentrale begrippe, teorië en denkers van die Moderniteit en Grenz et al. se beskouing van 'n fundamentalistiese denkmodel, asook 'n bestudering van Gereformeerde teoloë wat verbonde was aan die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in die tyd van die digter en teoloog JD du Toit, is die gevolgtrekking onseker. Die Betrokke Teoloë werk aan die een kant duidelik met 'n Foundationalist epistemologiese denkraamwerk gegrond in a-prioriese basisbeginsels. Die Goddelike karakter van die Bybel word*

oorbeklemtoon en hulle werk vanuit 'n foutlose Bybel met 'n organiese inspirasieteorie in die vorm van 'n plenêre verbale inspirasieteorie. MAAR hulle is nie empiriese wetenskaplikes wat volgens die induktiewe metode op neutrale wyse feitestellings uit die Bybel aflei nie. Die godsbewyse is waardeloos, so ook menslike bewyse vir die gesag van die Bybel, en hoewel mens die idee kry dat hulle dit juis afskiet om hulle aksiomas te verstewig, is hulle glad nie geneë met 'n neutrale empiriese ontrafeling van God gebaseer op bewyse nie. Voorlopig kan ons sê dat die Betrokke Teoloë nie volgens Grenz et al. se maatstawwe as fundamentalistiese teoloë geklassifiseer kan word nie – veral nie in 'n Reidiaans-empiriese sin nie.

### 5.2.5 Samevatting

Die bevindinge van die studie is dus onseker. Die Betrokke Teoloë werk aan die een kant nie met 'n Reidiaanse Foundationalist epistemologiese denkraamwerk met 'n stel eerste beginsels as onbetwyfelbare self-evidente basisbeginsels nie. Hulle is nie voorstanders van objektiewe wetenskaplike arbeid nie en dit lyk daarom nie asof induksie 'n sentrale rol as metode in hulle arbeid speel nie. Hulle werk wel met iets wat as 'n Foundationalist epistemologiese denkraamwerk geklassifiseer kan word. Ek is oortuig dat die vergelyking wat René van Woudenberg in die volgende afdeling (5.3) tref, van waarde kan wees in die beantwoording van die vraag.

## 5.3 'n Kuyperiaanse Foundationalism

### 5.3.1 Inleiding

René van Woudenberg (1999:6) neem die bekende Nederlandse filosoof, teoloog en staatsman Abraham Kuyper (1837-1920) se denksisteem onder oë en kom tot die gevolgtrekking dat hy 'n *foundationalist of sorts* is. Hy beskryf heel eerste Kuyper se beskouing van basisbeginsels as geloofstandpunte waarna hy 'n baie waardevolle vergelyking tref tussen Kuyper se Foundationalism en die Foundationalism van Reid.

### 5.3.2 Geloof en wetenskap

René Descartes het vanuit sy self-evidente idee as die beginpunt van kennis gewerk en Locke, op sy beurt, met idees wat evident vir die sintuie is. Kuyper kyk wat agter beide die twee denkers se basisbeginsels lê na iets nog meer basies. Kuyper glo dat geloof alle wetenskappe voorafgaan. Geloof is die beginpunt van kennis. Dit is egter nie geloof in die soteriologiese sin van die woord nie. Die tipe geloof waar vanuit die wetenskappe werk word duidelik uit

- die feit dat alle wetenskaplikes hulle sintuie vertrou in die proses van wetenskaplike observasie. Ons glo in die betroubaarheid van ons sintuie;
- die feit dat alle wetenskaplikes in die bestaan van 'n eksterne realiteit glo waarmee hulle kan werk. Ons glo in die bestaan van 'n werklikheid buite onself; en
- die feit dat alle wetenskaplikes in die bestaan van algemene natuurwette glo wat 'n belangrike rol in die wetenskappe se beskrywing

van die werklikheid speel. Ons glo dat ons vanaf die besondere wette kan aflei wat van toepassing is op die algemene. Dit is 'n geloofstandpunt om aan te neem dat die werklikheid 'n ordelike herhaalbare wetmatige struktuur is.

Alle wetenskaplikes neem die geloofstandpunte as vanselfsprekend, hoewel hulle nie bewys kan word nie. Hulle is nie die produk van demonstrasie of bewyse nie en word met sekerheid deur alle wetenskaplikes gehou.

Nou sê Van Woudenberg (1999:5): *Kuyper's argument is that all science proceeds from things accepted solely by faith, i.e. from foundational beliefs. To this Kuyper adds regeneration. Because of regeneration Christians are aware of other things than non Christians; they will furthermore have different beliefs, foundational beliefs included, than non Christians. One of the beliefs of a Christian is that God exists, and this belief can be foundational.*

Die Christen-wetenskaplike beskik, vanweë die vernuwende werk van die Heilige Gees (palingenesis), oor bykomende geloofstandpunte waaronder die bestaan van God tel.

Die addisionele geloofstandpunte het aan die een kant tot gevolg dat daar 'n onoorbrugbare kloof tussen Christen en nie-Christen wetenskaplikes bestaan. Kuyper verdeel hiermee die wetenskaplike wêreld in twee – dié wat vernuwe is deur die Heilige Gees en dié wat nie vernuwe is nie. In die tweede plek moet daar gewaak word om die onderskeid tussen die twee kampe té skerp te trek, so asof daar gladnie gemene delers tussen die twee is nie. Van Woudenberg (1999:5) sê: *When Kuyper says that Christians have foundational beliefs different from non Christians, he does not mean to say all foundational beliefs of Christians differ from those of non Christians. They in fact share many foundational beliefs. What he maintains is that the set of the Christian's foundational beliefs --let us call this the foundational set-- is not identical with the foundational set of the non Christian. The sets as such are different, but different sets may share some of their members. And, of course, Kuyper thinks examples abound, such as the belief that our faculty of sense perception is reliable, the belief that there is an external world, etc. It is important to keep this in mind, because otherwise we could go wrong interpreting Kuyper's dictum that the fact that there are two kinds of people leads to two kinds of science.*

Van Woudenberg se stelling kom daarop neer dat Kuyper geglo het dat alle wetenskappe vanuit sekere geloofstandpunte werk wat nie bewys kan word nie. Die geloofstandpunte word verder as vanselfsprekend aanvaar en met sekerheid gehandhaaf. Die geloofstandpunte is Kuyper se weergawe van basisbeginsels. Die Christen-wetenskaplike het hierby 'n addisionele stel geloofstandpunte, of basisbeginsels, wat as gevolg van die vernuwing deur die Heilige Gees met sekerheid gehandhaaf word maar ook nie bewys kan word nie. Dié addisionele stel geloofstandpunte het tot gevolg dat Christen-wetenskaplikes 'n ander wetenskap beoefen as wetenskaplikes wat nie deur die Heilige Gees vernuwe is nie.

Van Woudenberg (1999:4) beskryf die addisionele geloofstandpunte as: *Being born anew, regeneration, involves a definite change in consciousness. I read Kuyper here as developing the view that those in whom regeneration has taken place, are conscious of different things than those in whom such a renewal has not taken place. They are, for instance, conscious of the existence of God, of his perfect goodness and never failing love; they are conscious of the reality of sin; they are conscious of the fact that the world in which we live, is God's creation, that human beings are created in God's image, etc.*

Dit word uit Kuyper se beskouing duidelik dat hy van 'n Foundationalist epistemologiese denkraamwerk gebruik maak. Hy het sekere geloofstandpunte, oftewel basisbeginsels, wat vas staan maar nie van bewyse of demonstrasie afhang vir hulle regverdiging nie. Van Woudenberg sê nie of Kuyper geregverdigde beginsels deur middel van induksie of deduksie afgelei het nie. Wat wel seker is, is die feit dat Kuyper nie dieselfde vereistes vir basisbeginsels daarstel as Klassieke Foundationalism nie.

### 5.3.3 Kuyper en Reid

Van Woudenberg (1999:6) sit eerstens sy eie siening van 'n Foundationalist epistemologiese denkraamwerk uiteen. Hy verduidelik Foundationalism as die teorie wat aandui of beginsels geldig of ongeldig is. Hierin stem hy ooreen met Depaul (vergelyk Hoofstuk Twee, punt 2.2.2) – beginsels is slegs geldig indien dit basisbeginsels is of geregverdigde beginsels wat daarop gebou is.

Maar wat kwalifiseer as legitieme basis- en geregverdigde beginsels?

Denkers soos Descartes sou onbetwyfelbare self-evidente idees neem wat rasioneel-deduktief vasgestel is. Locke sou onbetwyfelbare idees aanvaar wat evident vir die eksterne sintuie was. Die vereistes wat Descartes en Locke onderskeidelik daarstel, gee aanleiding tot wat bekend staan as Klassieke Foundationalism. Van Woudenberg (1999:7) beskryf laasgenoemde se vereistes vir basis- en geregverdigde beginsels as: *According to classical foundationalism a belief (beginself) is permissible if it is either self-evident, or evident for the senses, or an incorrigible report from experience...*

In Hoofstuk Drie is genoem dat Grenz, Franke, Murphy en Harris die onbetwyfelbare eerste beginsels van Thomas Reid se eie Foundationalist epistemologiese denkraamwerk terugherei na Descartes en Locke se Klassieke Foundationalism wat na onbetwyfelbare basisbeginsels vra.

Van Woudenberg kom egter tot interessante konklusies van sy eie. Hy sien op sy beurt ooreenkomste tussen Kuyper en Reid weens die feit dat Reid se eerste beginsels ook nie die toets van Klassieke Foundationalism slaag nie. Hoewel Reid daarop aanspraak gemaak het dat sy eerste beginsels onbetwyfelbaar en self-evident is, en daarom neig na die invloed van Descartes en Locke, is dit te betwyfel of sy eerste beginsels Descartes se toets sou slaag vir onbetwyfelbare self-evidente basisbeginsels. Beide Reid en Kuyper is in die opsig baie meer toegeeflik teenoor dit wat as basisbeginsels kwalifiseer al dan nie. Van Woudenberg (1999:7) sê: *As a*

*matter of fact, I know of no member in the foundationalist family that is so close to Kuyper as is Thomas Reid.*

Van Woudenberg gaan nou voort om die Foundationalist epistemologiese denkraamwerk van Reid met dié van Kuyper te vergelyk:

- Een van Reid se eerste beginsels behels dat die mens se natuurlike vermoëns waarmee waarheid van valsheid onderskei word, betroubaar is. Hiermee het hy die vermoëns van persepsie, geheue en logiese redevowering in gedagte. Van Woudenberg is van mening dat Kuyper dieselfde standpunt inneem.
- Nog een van Reid se basisbeginsels hou in dát die werklikheid bestaan en dat dit inderdaad is soos ons dit met ons sintuie ervaar. Ook hiermee, glo Van Woudenberg, het Kuyper saamgestem.
- Reid en Kuyper het egter ook op 'n belangrike punt van mekaar verskil. Kuyper het geen probleem daarmee gehad om die bestaan van God as basisbeginsel te neem nie, as gevolg van palingenesis. Die betrokke basisbeginsel spruit, met ander woorde, uit die vernuwende werk van die Heilige Gees en rus op blote geloof vir die aanvaarding daarvan. Reid het nie dieselfde pad gevolg nie en deel daarom nie die wetenskaplike wêreld in twee nie.

Van Woudenberg (1998:9). sluit af met die volgende opsomming: *It is clear that Kuyper's foundationalism is much more like Reidian than like classical foundationalism. It is no part of my thesis that Kuyper was actually influenced by Reid, although he may have been... My thesis is only that Kuyper's foundationalism is much more like Reid's than Locke's (or Hume's). Kuyper's epistemology displays striking parallels with Reid's common sense realism. Given the fact that Kuyper is often considered as deeply influenced by German Idealism, this seems a strange and implausible thing to say. Rather than arguing from standard views of Kuyper, I have tried to let the textual facts speak for themselves. And they indicate, to repeat myself once more, that Kuyper is an epistemological foundationalist much in the spirit of Thomas Reid.*

#### **5.3.4 Samevatting**

Van Woudenberg maak enkele waardevolle opmerkings wat kan help dat my studie duidelik aan sy doel beantwoord. Dit is

- die feit dat Kuyper van 'n Foundationalist epistemologiese denkraamwerk gebruik gemaak het met geloofstandpunte as basisbeginsels;
- die feit dat Kuyper die bestaan van God as basisbeginsel aanvaar;
- die feit dat Kuyper nie geglo het dat die mens in staat is om God self te bewys of self tot kennis aangaande God te kom nie; dit moet deur die Heilige Gees gegee word;
- die feit dat Kuyper geglo het dat die mens in staat is om die werklikheid te ken en te bestudeer; en
- die feit dat Kuyper se Foundationalism in baie opsigte ooreenstem met die Foundationalism van Reid.

Waarmee word ons gelaat?

Met die waarskynlikheid dat die Betrokke Teoloë wat in Hoofstuk vier onder oë geneem is vanuit 'n Kuyperiaanse Foundationalist epistemologiese denkraamwerk arbei. Dit sou baie van die onsekerhede verklaar.

Dit verklaar veral die verskille:

Dit verklaar die feit dat die Betrokke Teoloë duidelik vanuit 'n Foundationalist epistemologiese denkraamwerk arbei wat nie met onbetwyfelbare self-evidente idees in die lyn van Descartes, of idees wat evident is vir die sintuie in die lyn van Locke werk nie. Hulle volg ook nie 'n Reidiaanse Foundationalism wat poog om vanaf 'n stel eerste beginsels as onbetwyfelbare self-evidente basisbeginsels te werk nie. Die Betrokke Teoloë werk vanuit 'n Kuyperiaanse Foundationalist epistemologiese denkraamwerk wat geloofstandpunte as basisbeginsels neem en die bestaan van God as basisbeginsel beskou.

Dit verklaar die feit dat die Betrokke Teoloë hulleself nie as objektiewe wetenskaplikes beskou nie. Subjektiwiteit is hulle sterkpunt. Dit gee hulle 'n staanplek in die wetenskaplike wêreld naas die sekulêre wetenskappe. Die sekulariste het hulle eie geloofstandpunte en die gelowiges hulle eie, met oorvleueling tussenin. Nie een is die produk van demonstrasie of bewyse nie maar hang af van die subjektiewe geloofsaanvaarding van die wetenskaplike self.

Dit verklaar die feit dat die Betrokke Teoloë nie die rol van die Heilige Gees in teologiebeoefening verskraal nie. Inteendeel, hulle roem hulle in die feit dat hulle subjektiewe Gees-geleide teoloë is. Dit is 'n sterk punt.

Dit verklaar die feit dat die Betrokke Teoloë nie met godsbewyse of bewyse vir die gesag van die Bybel wou werk nie. Aan die een kant omdat daar nie geglo is dat die mens in staat is om voldoende bewyse te lewer nie, maar aan die ander kant omdat bewyse die Betrokke Teoloë verhoed om die bestaan van God en die Bybel as God se openbaring as basisbeginsels te gebruik. Dan staan die twee basisbeginsels nie meer op eie bene nie, maar word hulle geregverdigde beginsels wat van ander beginsels afhanklik is vir hulle regverdiging. Dit kan nie. So 'n standpunt sou bots met palingenese.

Dit verklaar egter ook die ooreenkomste:

Dit verklaar die feit dat die Betrokke Teoloë eksegeese in die praktyk ontmenslik. Met ontmenslik bedoel ek dat die eksegeet se eie kultuur, tydsgewrig, omstandighede en persoonlikheid blote lippediens betoon word in die eksegeese van Bybeltekste. Die Betrokke Teoloë sê dat die mens 'n aandeel het, dat sy konteks tel, maar dan word dit daar gelaat.

Die ontmensliking is die byproduk van die vernuwing van die Heilige Gees op die denke van die eksegeet. Die eksegeet se voorveronderstellings word miskien in ag geneem in soverre dit palingenese aangaan, maar dan word die klem op die vernuwende werk van die Heilige Gees geplaas en nie die mens self nie. Mens kry die idee dat die eksegeet so bes moontlik moet probeer luister na wat die Heilige Gees sê sonder om met die proses in te meng. In die praktyk kan dit dus lyk na 'n positivistiese teologiebeoefening waar die ontmenslikde eksegeet stil luister na 'n feiteboek-Bybel.

Hier vra ons onmiddellik: Maar roem die Betrokke Teoloë hulleself juis nie op die feit dat hulle subjektiewe teoloë is nie? Ja, maar nou moet die onderskeid mooi gemaak word. Die Betrokke Teoloë wil nie in 'n Post-moderne styl kennis relativer deur op die subjektiewe aard van wetenskaplike arbeid klem te lê nie. Dis nie 'n geval van *jy het jou onbewysbare voorveronderstellings en ek myne en nou werk ons op gelyke voet elkeen vanuit sy eie paradigma* nie. Die Betrokke Teoloë is steeds oortuig dat hulle alleen die regte beskouing beet het en dus oor die ware kennis beskik. Die Betrokke Teoloë gebruik die voorveronderstellings van die eksegeet dus vir 'n ander doel. Subjektiviteit in dié opsig word gebruik om 'n legitieme fondasie te midde van 'n sekulêre wêreld uit te kerf. Omdat die eksegeet ook nie die bron van die subjektiviteit is nie, maar dit juis die Heilige Gees is wat sekere geloofstandpunte in die eksegeet inwerk, kry die voorveronderstellings van die eksegeet in terme van sy kultuur, tydgewrig en persoonlikheid self nie veel aandag nie.

Daarbenewens leen 'n Foundationalist epistemologiese denkraamwerk hom daartoe dat daar meermale op ontmenslikde wyse van die basisbeginsels na geregverdigde beginsels gewerk word. Die onkritiese gebruik van 'n Foundationalist epistemologiese denkraamwerk kan in die praktyk op fundamentalistiese teologiebeoefening neerkom. Van Wyk (2002:613) sê: *'n Teoloog wat hom tuisvoel in die geloofstradisie en denklyn van Augustinus-Calvyn-Bavinck, wat algemeen as die "reformatoriese tradisie" bekend staan, sal 'n "hoë visie" van die Skrif daarop nahou. Maar juis in so 'n benadering dreig die gevare van fundamentalisme lewensgroot en sal dit noulettend vermy moet word.*

Dit verklaar die feit dat die Betrokke Teoloë die menslike karakter van die Bybel in die praktyk negeer. 'n Werklike erns met die menslike karakter van die Bybel gaan noodwendig vra na die gebruik van buite-Bybelse bronne. Foundationalists behoort nie maklik hiermee verlief te neem nie. Dit weens die feit dat buite-Bybelse bronne vra dat daar buite die fondasie gesoek word na kennis en inligting. Sodoende word daar nie meer op egte Foundationalist wyse slegs op die fondasie verder gewerk nie. Weens die feit dat die Bybel as die Woord van God, waarop die geloof gerig word, as 'n basisbeginsel geneem word, is dit onwaarskynlik dat die hulp van ander denkskole, modelle en teorieë ingeroep sal word by die verstaan van die Bybel. Sodoende geskied eksegeese op nuwe wyse weens die feit dat die eksegeet onbewus die teks met 'n ongekontroleerde konstruksie van die sosio-historiese konteks nader.

Dit verklaar die feit dat die Betrokke Teoloë vanuit 'n foutlose Bybel wou werk. Foundationalism vra sterk fondasies. Hoewel die Betrokke Teoloë die gesag van die Bybel afhanklik maak van die selfgetuienis van die Heilige Gees en daarom nie nodig het om aan te toon dat die Bybel foutloos en daarom van God is nie, is die struktuur net so stewig as die fondasie waarop dit gebou is. In dié opsig word die invloed van die Princeton-teoloë wat ook deur WJ Snyman aangehaal word, duidelik. 'n Foutlose Bybel sluit nou aan by 'n neiging tot 'n plenêre verbale inspirasieteorie. Die Woord van God is immers foutloos omdat dit woordeliks geïnspireer is.

#### **5.4 Die bydrae van die studie**

Ek wil graag die bydrae tot die gesprek rondom die invloed van die fundamentalisme op teologiebeoefening in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika maak deur vrae te stel, en dit dan te beantwoord.

##### **5.4.1 Vraag Een**

*Van watter nut is die bestudering van betrokke teoloë uit die dae van die digter en teoloog, JD du Toit, as daar van die invloed van die fundamentalisme op hedendaagse Gereformeerde teoloë in 'n Post-moderne tydsges gespraak word?*

Die Betrokke Teoloë wie se arbeid nagevors is, word steeds as gesaghebbend beskou in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Hoewel nie alle teoloë en predikante in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika presies dieselfde standpunte as die Betrokke Teoloë huldig nie, kan hedendaagse Gereformeerde teoloë en predikante vryelik van hulle denke gebruik maak. Sommige doen dit ook.

##### **5.4.2 Vraag Twee**

*Staar Gereformeerde teoloë en predikante wat vanuit die denke van die Betrokke Teoloë werk, 'n steil Post-moderne bult in die gesig?*

Ja, definitief. Hoewel die Betrokke Teoloë hulle geroem het in die subjektiwiteit van hulle arbeid, word die subjektiwiteit nie gebruik om 'n atmosfeer daar te stel waar alle teoloë se subjektiewe arbeid dieselfde gewig dra nie. Die subjektiwiteit word gebruik om 'n eie fondasie uit te kerf. Die Betrokke Teoloë bou verder op die fondasie deur van die vertrekpunt uit te gaan dat hulle bloot hoef te luister na wat die Heilige Gees in die Bybel sê. In die praktyk kom dit neer op 'n ontmensliking van kennis en 'n onbuigsame houding jeens ander denominasies. Gereformeerde teoloë en predikante wat dus die denke van die Betrokke Teoloë presies navolg, staan 'n sterk kans om in die praktyk met fundamentalistiese teoloë vereenselwig te word.

### 5.4.3 Vraag Drie

*Is die Betrokke Teoloë dan fundamentalistiese teoloë?*

Dit hang af van die beoordelaar se beskouing van wat 'n fundamentalistiese denkmiddel behels. Indien die beskrywing van 'n fundamentalistiese denkmiddel, soos weergegee deur post-konserwatiewe en post-liberale teoloë soos Stanley Grenz, gebruik word, moet mens nee sê.

Die Betrokke Teoloë werk heel waarskynlik vanuit 'n Kuyperiaans-Foundationalist epistemologiese denkraamwerk wat, anders as Klassieke Foundationalism, nie op onbetwyfelbare basisbeginsels aandrang nie; daar is ook geen teken van die sterk empiriese klem met induksie as metode nie. Die Betrokke Teoloë sou dalk met die Empirisme saam kon stem met die ontmensliking van kennis, maar nie met die ont-Goddeliking daarvan nie. Geloof kan nie by die deur gelos word nie. In daardie opsig is die Betrokke Teoloë trots subjektief. Daarbenewens wil dit nie lyk asof die Betrokke Teoloë die gesag van die Bybel bewys deur dit as foutloos voor te hou nie – die gesag van die Bybel hang van die self-getuieis van die Heilige Gees af.

Dit wil verder lyk asof Kuyper sy Foundationalist epistemologiese denkraamwerk nie by die Moderniteit en Descartes gekry het nie maar by die Reformasie. Vergelyk byvoorbeeld wat Harris (1998:205) te sê het. Sy beskryf Abraham Kuyper (1837-1920) en Herman Bavinck (1854-1921) as die voorlopers van die Nederlandse neo-Calvinistiese herlewing aan die einde van die negentiende eeu. Kuyper het die benaming neo-Calvinis, deur sy teenstanders aan hom toegeken, aanvaar omdat hy juis daarop uit was om die idees van Calvyn te herformuleer. Harris (1998:206) beskryf Kuyper se denke met: *He was impressed by the stability of thought and unity of comprehensive insight of some descendants of 'the ancient Calvinists' whom he had met. They possessed 'a world-view based on principles which needed but a scientific treatment and interpretation to give them a place of equal significance over against the dominant views of the age'.*

Sou ons sê dat die Reformasie vanuit 'n geheel ander epistemologiese denkraamwerk gearbei het en Kuyper ingekoop het op 'n modernistiese epistemologie, sou dit beteken het dat daar 'n paradigmaskuif in die denke van Kuyper plaasgevind het – weg van die Reformasie. Neem in ag wat Thomas Kuhn (1996:18) skryf: *We... must first note briefly how the emergence of a paradigm affects the structure of the group that practices the field. When, in the development of a natural science, an individual or group first produces a synthesis able to attract most of the next generation's practitioners, the older schools gradually disappear. In part their disappearance is caused by their members' conversion to the new paradigm. But there are always some men who cling to one or another of the older views, and they are simply read out of the profession, which thereafter ignores their work.*

Veral met betrekking tot Kuhn se laaste sin moet gevra word of Kuyper ná so 'n ingrypende paradigmaskuif steeds as 'n neo-Calvinis bekend sou staan? Sou die Betrokke Teoloë ná so 'n inkoop op 'n modernistiese epistemologie

hulle steeds roem op Calvyn? Verdere vrae kan gevra word: Wat is Calvyn se beskouing van die inspirasie? Kom dit ook nie baie naby aan 'n plenêre verbale inspirasieteorie en 'n foutlose Bybel nie? En dié van Augustinus? Van Wyk (2002:594) sê: *Hoewel Augustinus al bestempel is as "die eerste moderne mens", dra sy Skrifbeskouing en Skrifverstaan duidelik die kenmerke van wat vandag as fundamentalisme bekend staan.*

Die Betrokke Teoloë se gebruikmaking van 'n Foundationalist epistemologie, die ontmensliking van kennis in die praktyk, 'n organiese inspirasieleer wat baie soos 'n plenêre verbale inspirasieteorie lyk en 'n foutlose Bybel kon net sowel van die Reformasie<sup>14</sup> gekom het.

Indien dit die geval is dat Kuyper werklik 'n neo-Calvinis en Calvyn self met 'n Foundationalist epistemologiese denkraamwerk gewerk het, kan Descartes nie die eerste wees nie. Hy is dan hoogstens die eerste wat met 'n Klassieke Foundationalist epistemologie gewerk het wat op onbetwyfelbare basisbeginsels aangedring het.

Dieselfde geld vir Thomas Reid. Bestaan daar nie die moontlikheid dat Reid se Foundationalist epistemologiese denkraamwerk, die Princeton-teoloë se beskouing van 'n foutlose Bybel en hulle inspirasieteorie afkomstig is van denkers soos Calvyn en Augustinus nie?

Indien Murphy bedoel dat die Reformatore reeds Foundationalists was en dat Reid en die Princeton-teoloë ingekoop het op die Klassieke weergawe van Foundationalism, soos dit blyk hulle gedoen het, is die titel van haar boek te skerp. Dan kan daar hoogstens van 'n invloed gepraat word, wat verwag word as beide Reformasie en Moderniteit 'n Foundationalist epistemologiese denkraamwerk deel. Dit lyk onwaarskynlik of sy dit bedoel weens die feit dat sy Klassieke Foundationalism lateraan kritiseer en daarmee aanneem dat sy sover die teologie betref, genoeg gesê het. In dié opsig het sy 'n té eng beskouing van 'n Foundationalist epistemologiese denkraamwerk; nie alle Foundationalist variante vra onbetwyfelbare gronde nie.

Grenz (2000:197) sê: *Soon theologians, swooning under the foundationalist spell, found themselves refashioning the theological edifice in accordance with the newly devised rationalist method.* Hierop antwoord Carson (2004:43) tereg: *Almost everytime Grenz offers historical judgments, they are deeply tendentious, in need of serious qualification, or simply mistaken... How deep are the changes from Calvin to Calvinist scholastics? The answers are disputed, of course, but in the light of serious works of scholarship that discern*

---

<sup>14</sup> Die Nederlandse Geloofsbelijdenis artikel 5 waarvanaf die Gereformeerde teoloë in die Kosbare Goud werk, sê: *Ons aanvaar al hierdie boeke en hulle alleen, as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grondves en daarmee te bevestig. Ons glo ook sonder twyfel alles wat daarin vervat is, nie juis omdat die kerk hulle aanvaar en as sodanig beskou nie maar veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is. Hulle het ook die bewys daarvan in hulleself, aangesien selfs die blindes kan tas dat die dinge wat daarin voorspel is, plaasvind.* Hierdie beginsels voldoen dalk nie aan Descartes of Locke se vereistes nie maar is nogtans Foundationalist, veral as Depaul se definisie in ag geneem word. Die Bybel as Woord van God is hiervolgens 'n basisbeginsel. Dit rus nie op ander bewyse nie, met ander woorde, nie die kerk se goedkeuring nie, en dra die bewys van sy gesag in homself omdat selfs blindes kan tas wat daarin voorspel is, plaasvind.

*more continuity (e.g., Joel Beeke), we have a right to expect more than reductionist labeling.*

Indien die bekering na 'n Modernistiese epistemologie reeds by die Princeton-teoloë plaasgevind het, en die Reformasie vanuit 'n ander epistemologiese denkraamwerk gearbei het, waarom is dit dan dat hulle hulle werk as voortsetting van die Reformasie gesien het? Was die breë kerklike publiek en die Princeton-teoloë bloot naïef en oningelig? Die vraag bly dus: Hoe kon 'n bekering van die Princeton-teoloë tot die Moderniteit so stil-stil die agterdeur inglip en net so aanvaar word, indien daar nie reeds 'n groter mate van korrelasie was tussen die Reformasie en die Moderniteit nie?

Ek sou hiermee Murphy se titel herformuleer met: *Beyond liberalism and fundamentalism – how the reformation set the modernist philosophical agenda.*

Ek is nie alleen in my oortuiging nie. Vergelyk byvoorbeeld die *Canonical theist*, William J. Abraham. Hy is 'n teologiese professor verbonde aan die Teologiese Skool van SMU Perkins in Dallas, Texas waar hy pastors oplei in die metodistiese tradisie. As *Pew Evangelical Scholar* is hy 'n bekende teoloog in die VSA met verskeie publikasies, waaronder die hoogaangeskrewe *Canon and criterion in Christian theology – from the Fathers to Feminism* (1998) tel. Abraham gee interessante insigte van sy eie rakende die verhouding van Foundationalism tot die Reformasie en die Moderniteit.

#### 5.4.4 Vraag 4

*Wat is die voorstelle wat die studie maak om sodoende 'n bydrae te maak?*

Dit is my oortuiging dat die gesprek nie moet fokus op die Positivismes van August Comte, die Logies-positivisme, die Empirisisme, die Rasionalisme, René Descartes, John Locke of die Moderniteit nie. Die Betrokke Teoloë is nie kinders van die Moderniteit nie, heel moontlik veel eerder van die Reformasie. Hulle denksisteem, van naderby beskou, staan soms lynreg teenoor eersgenoemde, hoewel beide van 'n Foundationalist epistemologiese denkraamwerk gebruik maak. Dié en ander gemene delers kan dalk ook goed verklaar word deur te kyk na die invloed van die Reformasie op die Moderniteit. In dié opsig is dit heel moontlik dat die Moderniteit en die Reformasie oor sekere gemene delers beskik.

Indien teoloë en predikante vandag 'n bydrae tot teologiebeoefening aan die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika wil maak met die doel om relevansie van die Gereformeerde teologie in 'n Post-moderne tydsges te verseker, moet die fokuspunt myns insiens die Reformasie, Johannes Calvyn, Abraham Kuyper, Herman Bavinck, ens. wees. Daar kan veel eerder by 'n nadere bestudering van genoemde tydperk en denkers aangetoon word waarom die teologiebeoefening van teoloë verbonde aan die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nie meer relevant is of die hedendaagse toets van

wetenskaplikheid deurstaan nie – as die betrokke navorser die betrokke beskouing huldig.

Hiermee sê ek nie dat die Moderniteit geen invloed gehad het nie; die Reformasie en sy kinders moet egter die fokuspunt bly. Hiermee beskou ek ook nie die Reformasie as 'n foutlose tydperk nie. Intendeel, deur nie die Reformasie en sy kinders krities te bestudeer nie, gaan baie geleenthede vir groei in Gereformeerde teologie verby. Dit is nie 'n voldonge feit dat die Reformasie die motiewe agter die Vroeë Kerk en die Kerkvaders se beskouing van die Bybel of die interpretasie daarvan korrek geïnterpreteer het nie – selfs WJ Snyman moes Zahn op 'n paar punte bes gee (vgl. 2.2.2.2). Die Reformasie self kon ook moontlik gebuk gegaan het onder die invloed van die Griekse filosofie via Augustinus?

Punt bly staan – Die Betrokke Gereformeerde teoloë is nie fundamentalistiese teoloë volgens die beskrywing van post-konserwatiewe en post-liberale teoloë soos Stanley Grenz nie. Die Betrokke Teoloë en dié wat hulle navolg ontmenslik wel kennis en dit gaan 'n probleem in 'n Post-moderne tydsges tot gevolg hê vir dié wat hulle tans navolg. Ander gaan hulle heel moontlik as fundamentaliste bestempel, maak nie saak of hulle dit nou probeer wegverduidelik, 'n paar ooreenkomste erken maar dit tog afwys, of selfs hulle eie beskouing 'n ander naam gee nie.

'n Moontlike oplossing daarvoor kan lê in 'n kritiese heroorweging van die Reformatoriese tradisie waarin ons staan. Veral in die lig van die opmerking wat Van Wyk (2002:613) maak, kan dit raadsaam wees om in plaas van naïef-realisties, krities-realisties met die Bybel as fondasie om te gaan. Om van 'n Foundationalist epistemologiese denkraamwerk oor te skuif na 'n Koherente epistemologiese denkraamwerk sal nie deug nie. Organisasies en kerke oorleef gewoonlik nie dié tipe grondige verskuiwings heelhuids nie. Ten minste kan 'n krities-realistiese benadering, wat lidmate, teoloë en predikante van die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika sáám formuleer en toepas, verhoed dat die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika vanweë sy naïef-realistiese toepassing van sy basisbeginsels – in praktyk – in fundamentalisme verval.

Van Wyk (2002:613) sê juis in sy artikel *Fundamentalisme en kriticisme: Nadenke oor Skrifbeskouing en Skrifverklaring – van Augustinus tot Bultmann* die volgende in sy slotopmerking: *Die konklusie ... kan niks anders wees nie as dat na 'n "derde weg" gesoek sal word wat sowel die gevare van fundamentalisme as dié van kriticisme sal vermy. Hoe hierdie "derde weg" daar moet uitsien, is 'n vraagstelling wat afsonderlik ... beantwoord moet word. Dit maak nogal 'n verskil of die tertium gesoek word in die benadering van die (Nederlandse) Etiese Teologie... of in die kritiese realisme...*

Of 'n Gereformeerde krities-realistiese benadering tot by sy eie basisbeginsels in die praktyk gaan uitwerk, is iets wat ons self sal moet sien en wat ons moet help bewerkstellig. Die vorm wat dit behoort aan te neem, is ook iets wat onseker is. Wat ek wel vermoed is dat die antwoord wat Murphy, Grenz en Franke gee (dat daar na 'n Koherente epistemologiese denkraamwerk

oorgeskuif moet word), heel moontlik nie sal werk nie, ook heel moontlik nie iets soos Abraham se *Canonical Theism* nie. Nie in die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika nie. Die verandering is te groot en sal tot konflik lei met meeste gemeentes wat heel moontlik nie hierby kan aanpas nie. Daarbenewens loop huidige post-moderne tendense in die hermeneutiek soveel keer uit op teologiese selfmoord dat dit ook nie regtig 'n werkbare opsie is nie. Mens kap immers nie iemand se kop af as hy hoofpyn het nie; dit help ook nie dat jy die tak waarop jy sit, afsaag nie. Oor al dié vrae moet verdere navorsing gedoen word, met begrip daarvoor dat skuiwe in die denke van die kerklike publiek moeilik gaan. As my proefskrif tot sulke verdere navorsing 'n stimulus is, is my doel deels bereik.

In 'n sekere sin laat my slotsom mens met 'n probleem. Vernuwings gaan gepaard met pyn wat ons nie altyd as kerkverband in die oë wil staar nie. Met vernuwings kom daar egter nuwe opsies, nuwe moontlikhede en nuwe geleenthede om die Woord van God relevant te verkondig. Ek is grootgemaak met die idee dat 'n Gereformeerde met enigiemand in gesprek kan tree en sê: *Wag kom laat ons gesels!* As ons nie die uitdagings van 'n post-moderne tydsgesproke hanteer nie, gaan ons egter al meer sê: *Los my alleen, ek doen hier een kant my eie ding.* Dit mag ons nie doen nie, want dit kom neer op roepingsversaking. Eerder moet ons sáám die weg soek, dit wat Van Wyk (2002:613) die "Derde Weg" noem: 'n krities-realistiese benadering.

---

# ABSTRACT

## Hermeneutical presuppositions in the GKSA in a postmodern climate: an evaluation

In light of the negative reactions of postconservative and postliberal theologians like Brian McLaren and Stanley Grenz towards fundamentalism, it may seem that fundamentalist theologians have found their biggest nemesis in postmodernity. This may spell problems for theologians in the Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) who, in the past, have been accused of being fundamentalist theologians.

I want to ascertain if a selection of theologians from the GKSA in the 1950's practised a fundamentalist theology – as described by postconservative and postliberal theologians like Stanley Grenz.

Grenz *et al.* traces the origins of modern day fundamentalism back to a group of Presbyterian theologians from Princeton University who, quite ironically, came to be modernist theologians whilst battling the influence of modernity on protestant theology in the United States. This becomes apparent due to the fact that the Princeton theologians used a classical foundationalist epistemology influenced by René Descartes, John Locke and Thomas Reid. Because of this the Princeton theologians held to an inerrant view of the Bible and saw themselves as empirical scientists identifying and arranging facts from the Bible via induction. The selection of theologians from the GKSA in the 1950's will be compared against this description of fundamentalism.

The results of the comparison is as follows: The selection of theologians from the GKSA in the 1950's do not appear to be fundamentalist theologians. They do not use a classical foundationalist epistemology and they do not see themselves as empirical scientists who identify and arrange facts from the Bible via induction. The selection of theologians from the GKSA in the 1950's are more likely to be influenced by the foundationalist epistemology of the Dutch theologian Abraham Kuyper. The brand of foundationalism Kuyper uses, focusses on the renewing work of the Holy Spirit. Objectivity in science, according to this view, is a fallacy. Further findings suggest however that this view may also lead to the dehumanization of knowledge because the theologian must listen to the voice of the Holy Spirit whilst not interfering with the process himself. The selection of theologians from the GKSA in the 1950's, even if they are not empirical scientists, therefore run the risk of being labelled as fundamentalist theologians.

This has serious implications for current theologians, ministers and members of the GKSA. We all are called to reassess the way in which we deal with the presuppositions of the exegete and the socio historic context of the writers of the Bible. We must do so in order to proclaim the gospel in a relevant manner in a postmodern climate.



# OPSOMMING

## Hermeneutiese vertrekpunte in die GKSA in 'n post-moderne denkklimaat: 'n evaluering

In die lig van post-konserwatiewe en post-liberale teoloë soos Brian McLaren en Stanley Grenz se reaksie op die fundamentalisme, lyk dit asof teoloë wat vanuit 'n fundamentalistiese denkmiddel teologie beoefen, 'n steil Post-moderne bult in die gesig staar. Dit is kommerwekkend omdat teoloë verbonde aan die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) in die verlede al van fundamentalistiese teologiebeoefening beskuldig is. Ek ondersoek met dié studie of 'n seleksie GKSA-teoloë uit die 1950's, wat steeds as gesaghebbend beskou word, teologie beoefen het vanuit 'n fundamentalistiese denkmiddel – soos beskryf deur post-konserwatiewe en post-liberale teoloë soos Stanley Grenz *et al.*

Grenz *et al.* vind die ontstaan van 'n fundamentalistiese denkmiddel by 'n aantal Presbiteriaanse teoloë verbonde aan ou-Princeton, wat in hulle stryd teen die impak van die Moderniteit op die teologie, ironies genoeg, onder die invloed van die eerste Moderniteit gekom het. Die fundamentalistiese denkmiddel, wat die grondslag van die teologiese arbeid van die Princeton-teoloë vorm, struktureer kennis volgens 'n Klassieke Foundationalist epistemologiese denkraamwerk, met die invloed van René Descartes, John Locke en Thomas Reid daarop duidelik sigbaar. Die Klassieke Foundationalism van Descartes, verder gekleur deur Locke en Reid, gee aanleiding tot die feit dat dié Princeton-teoloë met 'n foutlose Bybel as empiriese wetenskaplikes volgens induksie wil werk om sodoende teologiese feite uit die Bybelteks op te diep.

Die arbeid van die seleksie van GKSA-teoloë word aan die fundamentalistiese denkmiddel gemeet. Die studie bevind dat die seleksie van teoloë nie teologie beoefen vanuit 'n Klassieke Foundationalist epistemologie afkomstig van Descartes, Locke en Reid nie. Die seleksie van teoloë is nie wetenskaplikes in die empiriese sin wat deur middel van induksie feite uit die Bybelteks wil opdiep nie. Dit wil blyk dat die seleksie van teoloë teologie beoefen vanuit 'n Foundationalist epistemologie eie aan die Nederlandse teoloog Abraham Kuyper. 'n Kuyperiaans Foundationalist epistemologie met die klem op *palingenese* maak erns met die voorveronderstellings en subjektiwiteit van die eksegeet in soverre dit die vernuwende werk van die Heilige Gees betref.

Die bevinding is verder dat die seleksie teoloë se hantering van Kuyper se Foundationalist epistemologie in die praktyk daarop neerkom dat kennis ontmenslik word. Dié teoloë loop dus die gevaar om in die praktyk op ontmenslikde wyse te luister na die stem van die Heilige Gees in die Bybel. Dié werkswyse kan daarop uitloop dat dié teoloë as fundamentalistiese teoloë bestempel word.

Hierdie stand van sake het implikasies vir huidige predikante, teoloë en lidmate van die GKSA. Hulle behoort in alle erns te besin oor die wyse waarop daar met die voorveronderstellings van die eksegeet en die sosio-historiese konteks van die Bybelskrywers omgegaan word om sodoende steeds relevant die Evangelie in 'n Post-moderne denkklimaat te verkondig.

# BYLAAG

## The Inspiration of The Bible by A.A. Hodge

### Vooraf

*Originally published in 1860, A.A. Hodge's Outlines of Theology is still regarded as a great introduction to classical Protestant theology. It is in the public domain and may be freely copied and distributed.*

### The Inspiration of The Bible by A.A. Hodge

**1. What are the necessary presuppositions, as to principles, and matters of fact, which must be admitted before the possibility of inspiration, or the inspiration of any particular book can be affirmed?**

1st. The existence of a personal God, possessing the attributes of power, intelligence, and moral excellence in absolute perfection.

2nd. That in his relation to the universe he is at once immanent and transcendent. Above all, and freely acting upon all from without. Within all, and acting through the whole and every part from within in the exercise of all his perfections, and according to the laws and modes of action he has established for his creatures, sustaining and governing them, and all their actions.

3rd. His moral government over mankind and other intelligent creatures, whereby he governs them by truth and motives addressed to their reason and will, rewards and punishes them according to their moral characters and actions, and benevolently educates them for their high destiny in his communion and service.

4th. The fact that mankind instead of advancing along a line of natural development from a lower to a higher moral condition, have fallen from their original state and relation, and are now lost in a condition involving corruption and guilt, and incapable of recovery without supernatural intervention.

5th. The historical integrity of the Christian Scriptures, their veracity as history, and the genuineness and authenticity of the several books.

6th. The truth of Christianity in the sense in which it is set forth in the sacred record.

All of these necessary presuppositions, the truth of which is involved in the doctrine that the Scriptures are inspired, fall under one of two classes:

(1.) Those which rest upon intuition and the moral spiritual evidences of divine truth, such as the being and attributes of God, and his relations to world and to mankind, such as the testimony of conscience and the moral consciousness of men as sinners justly condemned, and impotent.

(2.) Those which rest upon matters of fact, depending upon historical and critical evidence as to the true origin and contents of the sacred books.

If any of these principles or facts is doubted, the evidence substantiating them should be sought in their appropriate sources, e. g., the department of Apologetics--the Theistic argument and Natural Theology, the evidences of Christianity, the Historic Origin of the Scriptures, the Canon, and Criticism and Exegesis of the Sacred Text.

## **STATEMENT OF THE CHURCH DOCTRINE OF INSPIRATION**

### **2. In what sense and to what extent has the Church universally held the Bible to be inspired?**

That the sacred writers were so influenced by the Holy spirit that their writings are, as a whole and in every part, God's word to us--an authoritative revelation to us from God, endorsed by him, and sent to us as a rule of faith and practice, the original autographs of which are absolutely infallible when interpreted in the sense intended, and hence are clothed with absolute divine authority.

### **3. What is meant by "plenary inspiration"?**

A divine influence full and sufficient to secure its end. The end in this case secured is the perfect infallibility of the Scriptures in every part, as a record of fact and doctrine both in thought and verbal expression. So that although they come to us through the instrumentality of the minds, hearts, imaginations, consciences, and wills of men, they are nevertheless in the strictest sense the word of God.

### **4. What is meant by the phrase "verbal inspiration," and how can it be proved that the words of the Bible were inspired?**

It is meant that the divine influence, of whatever kind it may have been, which accompanied the sacred writers in what they wrote, extends to their expression of their thoughts in language, as well as to the thoughts themselves. The effect being that in the original autograph copies the language expresses the thought God intended to convey with infallible accuracy, so that the words as well as the thoughts are God's revelation to us. That this influence did extend to the words appears--1st, from the very design of inspiration, which is, not to secure the infallible correctness of the opinions of the inspired men themselves (Paul and Peter differed, Gal. 2:11, and sometimes the prophet knew not what he wrote), but to secure an infallible record of the truth. But a record consists of language.

2nd. Men think in words, and the more definitely they think the more are their thoughts immediately associated with an exactly appropriate verbal expression. Infallibility of thought cannot be secured or preserved independently of an infallible verbal rendering.

3rd. The Scriptures affirm this fact, 1 Cor. 2:13; 1 Thess. 2:13.

4th. The New Testament writers, while quoting from the Old Testament for purposes of argument, often base their argument upon the very words used, thus ascribing authority to the word as well as the thought.--Matt. 22:32, and Ex. 3:6, 16; Matt. 22:45, and Psalms 110:1; Gal. 3:16, and Gen. 17:7.

---

**5. By what means does the Church hold that God has effected the result above defined?**

